

in SOSIOLOGIESE SISTEEMBENADERING VAN  
OORSAKE EN GEVOLGE VAN STREMMINGE BY  
HOËRSKOOLLEERLINGE

deur

NOREEN STEYN HONNS. B.A., (T.L.O.D.)

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike nakoming van die  
vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

In die Departement Sosiologie  
aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE  
HOËR ONDERWYS

Studieleier: Prof. dr. J.P. van der Walt

Lichtenburg  
Februarie 1980

## V O O R W O O R D

By die voltooiing van hierdie verhandeling betuig ek my hoogste dank aan my Skepper vir Sy genade dat Hy my die gesondheid en liggaamlike en geestelike krag geskenk het om hierdie verhandeling te kon voltooi.

Graag betuig ek my dank teenoor my studieleier, prof. dr. J.P. van der Walt, hoof van die Departement Sosiologie aan die P.U. vir C.H.O. vir sy hulp, leiding en raad met die beplanning, die skryf en die voltooiing van hierdie verhandeling. Ek is hom dankbaar vir sy bereidwilligheid om van sy kosbare tyd op te offer om my raad te gee en hulp te verleen.

Ek wil my opregte waardering en erkentlikheid betuig teenoor Claude Steyn, my man en Wespy Roussouw, my vriendin, wat my altyd bemoedig en gesteun het om hierdie studie te voltooi.

My opregte dank aan Estelle Koekemoer wat verantwoordelik was vir die finale tikwerk.

Die skrywer

Lichtenburg  
Februarie 1980

## INHOUDSOPGAW

### HOOFSTUK 1

#### INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN ORIËNTASIE

1	Inleiding	1
2	Die aard en omvang van die probleem	3
2.1	Die opvoedkundig-sosiologiese aard van die probleem	3
2.2	Die omvang van die probleem	5
2.3	Die doelstelling van die ondersoek in die algemeen	6
2.4	Die doel van die ondersoek in besonderhede	7
2.5	Metode van studie	7
2.6	Indeling van stof in hoofstukke	8
2.7	Omskrywing van enkele begrippe	9
2.7.1	Gedrag en kultuur	9
2.7.2	Persoonlikheid	12
2.7.3	Persoonlikheidsontwikkeling	14
2.7.4	Aanpassing	15
2.7.5	Volwassenheid	16
2.7.6	Die sosialiseringsproses	16
2.7.7	Stremminge	17
2.7.8	Hoërskoolleerlinge	17
2.7.9	Die huisgesin, die hoërskool, die kerk, die omgewing en maats as sosiale subsysteme	18
2.7.10	Waardes en norme	19

## HOOFSTUK 2

### SOSIOLOGIESE OORSAKE, SIMPTOME EN GEVOLGE VAN STREMMINGE BY HOÛRSKOOLLEERLINGE VEROORSAAK DEUR DIE GESIN

1	Inleiding	21
2	Enkele definisies van die huisgesin en 'n ontleding van die definisies	21
3	Oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die gesin	28
3.1	Gevoelsverwaarlosing	28
3.2	Kinderverwerping	30
3.3	Oormatige beskerming	31
3.4	'n Abnormale ouer- en kindverbintenis	33
3.5	'n Ambivalente gevoelsverhouding	34
3.6	Mededinging tussen kinders	36
3.7	Disharmonieuse huweliksverhouding van ouers	36
3.8	Werkende moeders	38
3.9	Die plek van die kind in die huisgesin	39
3.10	Toegeeflike ouers	41
3.11	Veeleisende en streng opvoeding	42
3.12	Teenstrydigheid, onstabiliteit, wispelturigheid en onsekerheid in die opvoedingshouding van ouers	44
3.13	Pedagogiese verwaarlosing	45
3.14	Gesinsonvolledigheid	48
3.15	Die invloed van egskeiding op kinders	49
3.16	Sieklike ouers	50
3.17	Ouers wat een of meer van hulle kinders voortrek	51
3.18	Die invloed van die gesin op die groei en ontwikkeling van kinders as oorsaak van stremminge	52
3.19	Ouers wat buitengewone hoë morele standaarde het	54

3.20	Die moeder in 'n onvolledige gesin	55
3.21	Ouers se houding teenoor godsdiens en die kerk	57
3.22	Ekonomiese probleme en armoede	57
4	Samevatting	59

### HOOFSTUK 3

#### SOSIOLOGIESE OORSAKE, SIMPTOME EN GEVOLGE VAN STREMMINGE BY HOËRSKOOLEERLINGE VEROORSAAK DEUR DIE HOËRSKOOLE

1	Inleiding	60
2	Definisie en taak of funksie van die hoërskool	60
3	Oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die hoërskool	66
3.1	Konflik tussen onderwysers en leerlinge	67
3.2	Onderwysers wat net eksamen gerig werk	69
3.3	Skolastiese prestasies	70
3.4	Gebrek aan insig in die belewingswêreld van leer- linge by onderwysers	72
3.5	Ongereelde of geen huisbesoek deur onderwysers	73
3.6	Te veel administratiewe pligte van onderwysers en te groot klasgroepe	74
3.7	Die effek van ongesonde kompetisie in die skool	75
3.8	Ongeskiktheid van leerplanne	75
3.9	Verwaarloosings van intellektueel-begaafde leerlinge	77
3.10	Te min aandag aan minder-begaafde leerlinge	78
3.11	Lyfstraf	80
3.12	Dissipline en gesag	81
3.13	Leerlinge met 'n sosiale agterstand en die vroeë hoërskooljare	83
4	Samevatting	83

## HOOFSTUK 4

### SOSIOLOGIESE OORSAKE, SIMPTOME EN GEVOLGE VAN STREMMINGE BY HOËRSKOOLLEERLINGE VEROORSAAK DEUR DIE KERK

1	Inleiding	85
2	Definisies en omskrywings van die kerkinstituut	85
3	Die funksies en invloed van die kerk en godsdiens in die samelewing	89
3.1	Funksies en invloed in die algemeen	89
3.2	’n Uiteensetting van hoe ’n kerkinstituut deur sy ampte funksioneer	91
3.2.1	Die Koninklike amp	91
3.2.2	Die Profetiese amp	92
3.2.3	Die Priesterlike amp	92
3.2.4	Die amp van die gelowiges	92
3.3	Die spesifieke funksies van die kerk	93
3.4	Rol, waardes en norme van die kerkinstituut	95
3.5	Die kerk as instrument om die regte maatskaplike gedrag voor te skryf	96
4	Sosiologiese oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die kerk	97
4.1	Kategeseklasse	98
4.2	Die egtheid van godsdiens word dikwels bevraag- teken	100
4.3	Hoërskoolleerlinge bevraagteken die opregtheid van die kerk se gemeenskapslewe	102
4.4	Hoërskoolleerlinge se verhouding tot die predikant	105
4.5	Die integriteit en opregtheid van predikante	109

4.6	Die bediening en die verkondiging van die Woord	110
4.7	Ouers wat nie aan dieselfde kerk behoort nie	113
5	Samevatting	114

## HOOFSTUK 5

### SOSIOLOGIESE OORSAKE, SIMPTOME EN GEVOLGE VAN STREMMINGE BY HOËRSKOOLLEERLINGE VEROORSAAK DEUR DIE MAATSKAPLIKE OMGEWING EN MAATS

1	Inleiding	116
2	'n Omskrywing van die maatskaplike omgewing	116
3	Die funksies en invloed van die maatskaplike omgewing op hoërskoolleerlinge	119
3.1	Die sosialiseringproses	120
3.2	'n Omskrywing van portuurgroepe en hulle invloed	122
4	Sosiologiese oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die maatskaplike omgewing en maats	123
4.1	Die ekonomiese peil van die gesin	123
4.2	Vryetydsbesteding	124
4.3	Die maatskaplike omgewing en massifikasie	127
4.4	Behuisingstoestande	130
4.5	Geïsoleerde hoërskoolleerlinge in 'n nuwe omgewing	133
4.6	Die invloed van maats	134
5	Samevatting	135

## HOOFSTUK 6

### 7n KLASSIFIKASIE VAN DIE GEVOLGE VAN STREMMINGE OP HOËRSKOOLEER- LINGE

1	Inleiding	137
1.1	Stokkiesdraai	138
1.2	Dwelmmiddels	138
1.3	Alkohol	138
1.4	Vandalisme	139
1.5	Aggressiwiteit	139
1.6	Abnormale angs	139
1.7	Leuenagtigheid	139
1.8	Sedelike losbandigheid	140
1.9	Opstand teen dissipline en gesag	140
2	Die gevolge van stremminge op hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die huisgesin, die hoërskool, die kerk, die omgewing en maats	141
2.1	Hoërskoolleerlinge wat stokkiesdraai	141
2.2	Hoërskoolleerlinge wat met dwelmmiddels eksperimenteer	146
2.3	Hoërskoolleerlinge wat alkohol gebruik	150
2.4	Hoërskoolleerlinge is vandaliste	155
2.5	Hoërskoolleerlinge is aggressief	158
2.6	Hoërskoolleerlinge openbaar abnormale angs	161
2.7	Hoërskoolleerlinge is leuenagtig	164
2.8	Hoërskoolleerlinge wat sedelik losbandig is	165
2.9	Hoërskoolleerlinge kom in opstand teen gesag	166
3	Samevatting	167



## HOOFSTUK 7

### DIE GESIN, DIE SKOOL EN DIE KERK AS SOSIALE SUBSISTEME MET BETREKING TOT DIE VIER FUNKSIONELE PROBLEME IN 'n SOSIOLOGIES- SISTEMIESE BESKOUIING

1	Inleiding	169
2	Patroonhandhawing en spanningsbeheer	169
3	Aanpassing	177
4	Doelbereiking	180
5	Integrasie	182
6	Samevatting	186

## HOOFSTUK 8

### 'n SAMEVATTENDE SLOTBESKOUIING

1	Inleiding	189
2	Samevattende aanbevelings	190
2.1	Die gesin	190
2.2	Die skool	193
2.3	Die kerk	199
2.4	Die omgewing en maats	202
3	Samevatting	204
4	Slotparagraaf	205

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN ORIËNTASIE

#### 1 Inleiding

Met die keuse van hierdie onderwerp word die groot verantwoordelikheid beklemtoon wat 'n samelewing met al sy instellings teenoor kinders en ook hoërskoolleerlinge het om die belangrikheid van die rolle van die gesin, die skool en die kerk as skakels in die opvoedingsproses te beklemtoon.

Sedert die vroegste tye is daar aandag gegee aan die opvoeding van kinders. Daar is 'n behoefte by alle kinders om opgevoed te word en al kom hulle dikwels in opstand teen dissipline en gesag, en ander sake soos dinge wat reg en verkeerd of hoe ook al is, wil hulle nogtans onder dissipline en gesag staan en nie aan hulleself oorgelaat word nie. Dit moet vir kinders só wees in die huisgesin en onder meer veral ook in die skool wat op die gesinsfondamente voortbou.

Verder aanvaar 'n groot meerderheid mense dat wanneer leerlinge se hoërskoolloopbaan begin, hulle 'selfstandige' wesens moet wees. In só 'n opvatting skuil daar baie gevare en kan die stimuli tot groot problematiek bied.

Daar word byvoorbeeld baie gedoen om hoërskoolleerlinge wat ernstige afwykings het, te help en om hulle in 'spesiale' skole te plaas waar terapeutiese hulp verleen word. Meesal word al die ander hoërskoolleerlinge oor dieselfde kam geskeer en omdat die meeste onderwysers 'eksamengerig' werk, is uitslae die hoofdoel van hulle werk, en word in hierdie proses vergeet dat van die normale hoërskoolleerlinge ook probleme en stremminge kan hê. As hoërskoolleerlinge hulle werk nie na wense doen nie of hulle skolastiese prestasies is nie goed nie ten spyte van 'n hoë intelligensie of 'n bo-gemiddelde intelligensie, word hulle dikwels oor die kole gehaal oor hulle luiheid en 'n gebrek aan belangstelling. Onderwysers kan onder meer ook onsimpatiek optree teenoor sulke hoërskoolleerlinge en vorme van tug en straf toepas.

Die meeste ouers is in staat om in die materiële en ander daaglikse behoeftes van hulle kinders te voorsien, maar hulle bly dikwels in gebreke om hulle kinders op te voed. Sulke ouers glo dikwels dat dit die skool se plig is om die opvoedingstaak waar te neem.

Ook die kerk het 'n taak en roeping in die geestelike versorging van sy potensiële kerklidmate. Die kerk doen dit met sy eie daargestelde ampte en met sy eie leerstof uit die Bybel, Belydenisskrifte, e.a. om geloofstoerusting en geloofswaarheid vir sy selfstandigwordende lidmate by belydenisaflegging en daarna te verseker.

Hierdie drie samelewingsvorme, naamlik die huisgesin, die hoërskool en die kerk moet ernstig besin oor die belangrike en verantwoordelike opvoedingstaak wat hulle het in die verstandelike, geestelike, fisiese en sosiale weerbaarmaking van hoërskoolleerlinge vir hulle take met eie plekke in die samelewing.

Maar binne hierdie raamwerk moet die huisgesin, die hoërskool en die kerk ook daarvan bewus wees dat hulle 'n bydrae tot die veroorsakende faktore van stremminge by kinders, hoërskoolleerlinge en jongmense kan lewer wat stremminge op kinders se persoonlikheidsontwikkeling kan hê en dat positiewe leiding en opvoeding in 'n samelewing onmisbaar is. Dit is trouens só, dat 'n hele gemeenskap en samelewing verantwoordelik is vir die onderwys en opvoeding van sy lede wat tot volwassenheid groei.

## 2 Die aard en omvang van die probleem

### 2.1 Die opvoedkundig-sosiologiese aard van die probleem

Die titel van hierdie verhandeling dui aan dat die aard van die probleem, naamlik stremminge by hoërskoolleerlinge opvoedkundig-sosiologies van aard is, dit wil sê opvoeding en die samelewing is die twee velde of terreine wat hier betrek word. Uit 'n definisie van opvoeding blyk onder meer die volgende, naamlik opvoeding is die hulp wat 'n volwassene aan kinders verleen sodat hulle in volwassenheid mag toeneem aldus Pistorius (1971, p. 3). Hierby is

ook inbegrepe hoërskoolleerlinge. Die ouers doen dit op informele wyse in hulle gesinne, die kerk ook só, terwyl die hoërskool dit op formele wyse doen. Met ander woorde die huisgesin en die kerk het ook pedagogiese aspekte naas andere, elkeen met sy doel, inhoud, eie middele, gesag, metodes, ens. Hoërskoolleerlinge moet opgevoed word om hulle tot self-dissipline te lei en om gesag te aanvaar met 'n inskerping van waardes en norme sodat hulle persoonlikhede só ontplooi en ontwikkel dat hulle ten volle diensbare mense kan wees.

Vandag word daar baie hoë eise aan elke mens gestel en daarom het die hoërskool 'n besondere taak. Venter (1971, p. 33) konstateer dat onderwysers moet lief wees vir kinders en geïnspireer word deur die wonderlike moontlikhede van ontwikkeling en groei wat deur God in die menslike wese ingeskape is, met ander woorde, onderwysers moet die wese, aard, huidige toestand, rol en die bestemming van die mens ken en by hulle werk in gedagte hou. Die hele kind, verstandelik, emosioneel en religieus is 'n wonderlike eenheid en moet as sodanig geleer en opgevoed word, en só 'n siening móet 'n mens onder die indruk van die verhewenheid van die taak van onderwys en opvoeding bring (Venter, 1971, p. 33). Onderwysers moet in die onderwys en opvoeding die ideale middel sien om kinders te vorm, te help, te lei, te leer en op te voed, terwyl 'n samelewing, 'n volk, 'n beskawing wat die onderwys en opvoeding as 'n basiese handeling en verpligting van die

huisgesin, die gemeenskap en die staat tot versekering van die eie voortbestaan uit die oog verloor, geen toekoms het nie (Venter, 1971, p. 33).

## 2.2 Die omvang van die probleem

Die probleem van stremminge wat hoërskoolleerlinge ervaar, is 'n verskynsel wat seker só oud soos die skole en die beskawing self is en kom voor oor die hele wêreld. Daar is legio oorsake en simptome vir hierdie verskynsel wat in die meeste gevalle hulle oorsprong in die huisgesin het, maar word ook aangevul deur bydraes wat deur die hoërskool, die kerk, die portuurgroep en die omgewing gelewer word. Dit kan selfs vererger word en letsels op die persoonlikhede van hoërskoolleerlinge nalaat.

In die Verenigde State van Amerika is daar byvoorbeeld die verskynsel van studenteradikalisme soos die aktiwiste wat die waardes en norme van volwassenes verwerp en dus gedragsafwykend is (Duvenage, 1973, hoofstuk 3). Hierdie neigings wat oor die hele wêreld aangetref word, laat opvoeders, ouers en onderwysers die vraag vra: Waar het die opvoeding van die jeug skade gely? Te veel ouers aanvaar dat hulle kinders lewe in snel veranderende omstandighede en dat hulle hulle kinders die vryhede en voorregte wat hulle ontse was, moet gee.

Feit bly staan dat alle opvoeders moet besin oor hierdie probleem omdat stremminge by hoërskoolleerlinge aktueel is. Daar moet besef word dat ekonomiese voorspoed en sukses op sosiale gebied nie die belangrikste is nie, maar wat wel van die allergrootste belang is, is dat 'n volk se jeug reg opgevoed moet word sodat hulle fisies, geestelik en godsdienstig weerbaar sal wees en nie sal ondergaan nie.

Daar is ouers en onderwysers wat kla dat daar van hulle kinders en leerlinge is wat nie pligsgetrou is nie en ook nie meer 'n begeerte het om te presteer nie. Die kinders weer, op hulle beurt, kla dat volwassenes hulle nie verstaan nie en dat die hoërskool, die kerk, en so meer nie meer in hulle behoeftes kan voorsien nie. Die rede wat hulle vir hierdie swakheid of leemte aanvoer, is dat hierdie samelewingsvorme nie tred gehou het met veranderde en veranderende maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande nie en dat daar nie aangepas is by die 'nuwe permissiewe' toestande en aard van die samelewing nie.

### 2.3 Die doelstelling van die ondersoek in die algemeen

Hierdie ondersoek is beperk tot die oorsake en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge tussen die ouderdom van dertien tot agtien jaar, dit wil sê pubessente en adolessente wat deur verskillende fases van persoonlikheidsontwikkeling gaan, afgesien van die fisiese ontwikkeling.

#### 2.4 Die doel van die ondersoek in besonderhede

Die doel van die ondersoek is om 'n sosiologiese ontleding van die huisgesin, die hoërskool, die kerk, die portuurgroep en die omgewing te maak om die oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge vas te stel. Die doel hiermee is om daadwerklike hulp te kan verleen en dat ook aanbevelings gemaak kan word om hierdie hoërskoolleerlinge te verstaan sodat positiewe leiding aan hulle gegee kan word. Hiermee word beoog hoedanig sulke leiding, hulp en dienste moet wees in terme van sosialisering en institutionalisering van norme om hoërskoolleerlinge toe te rus vir hulle rolle - individueel en sosiaal in die samelewing.

In hierdie studie word die huisgesin, die hoërskool en die kerk behandel as drie subsysteme met betrekking tot die vier funksionele probleme, naamlik patroonhandhawing en spanningsbeheer, aanpassing, doelbereiking en integrasie. 'n Beperkte oorsig word gegee van die opvoedingsverantwoordelikheid van hierdie drie subsysteme en die samelewing as geheel.

#### 2.5 Metode van studie

In hierdie navorsing is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van literatuurstudie omdat dit belangrik is om kennis te dra van wat ander ondersoekers oor die probleem geskryf het en sodoende kennis van hulle bevin-



dings te verkry.

Die gegewens is saamgestel uit gepubliseerde bronne soos proefskrifte, verhandelings, boeke, brosjures en ander tydskrifte en hierdie gegewens is deur sintese saamgevoeg tot 'n wetenskaplike eenheidsbeeld.

Daar is ook samesprekings gevoer met die hoof van 'n hoërskool, onderwysers, ouers, predikante van verskillende gemeentes en die professionele personeel van 'n kinderleidingkliniek. Onderhoude is gevoer met hoërskoolleerlinge en daar is ook informele gesprekke gevoer met individuele leerlinge en ook in groepsverband.

## 2.6 Indeling van stof in hoofstukke

Hoofstuk 2: Sosiologiese oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die gesin.

Hoofstuk 3: Sosiologiese oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die skool.

Hoofstuk 4: Sosiologiese oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die kerk.

Hoofstuk 5: Sosiologiese oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die omgewing en maats.

Hoofstuk 6: 'n Klassifikasie van die gevolge van stremminge op hoërskoolleerlinge.

Hoofstuk 7: Die hoërskool, die gesin en die kerk as sosiale subsisteme met betrekking tot die vier funksionele probleme in 'n sosiologies-sistemiese beskouing.

Hoofstuk 8: 'n Samevattende slotbeskouing.

## 2.7 Omskrywing van enkele begrippe

Dit is noodsaaklik om die begrippe en terme wat dikwels voorkom in die ondersoek te omskryf, naamlik gedrag en kultuur.

Oor die algemeen verstaan ons onder hoërskoolleerlinge hulle wat die primêre skoolloopbaan voltooi het wat in rangorde na 'n hoër inrigting of skool gaan vir die verdere proses van leer uit die onderwys van m.a.w. die hoërskool. Normaalweg val hulle in die ouderdomsgroepe tussen 12 - 13 jaar tot 17 - 18 jaar en vanaf standerd vi (6) of vorm I tot standerd x (10) of vorm V in matriek.

### 2.7.1 Gedrag en kultuur

Gedrag kan omskryf word as die manier van handeling in 'n gegewe situasie en hierdie gedrag behoort te konformeer aan die tradisionele patrone, maniere van handeling wat in harmonie is met aanvaarde standarde wat reeds baie jare bestaan en die gebruikelike volksgewoontes en sedes moet inaggeneem word (Fairchild, 1962, p. 21). Verder kan gedrag ook omskryf

word as die aangeleerde wyse waarop 'n individu handel in 'n gegewe situasie as gevolg van sy vorige omgang met ander individue (Fairchild, 1962, p. 21).

In sy eenvoudigste vorm is gedrag die verwerwing van maklike maniere van gedrag, byvoorbeeld 'n gebaar, maar die aanleer van ingewikkelde gedragspatrone behels die progressiewe verwerwing van besondere vaardighede, houdings en lewensfilosofieë (Fairchild, 1962, p. 23). Gedragspatrone word ook verwerf deur dit aan te leer en ook deur nabootsing en suggestie maar wat die aanleer van ingewikkelde gedragspatrone betref "it is a processing of personality by experience and association, affecting habits, attitudes and values". (Fairchild, 1962, p. 23).

Gedrag is 'n kenmerk van groepe, en die menslike wese is uniek in dié opsig dat die gedrag van groepe nie eenvormig is nie (Gillin en Gillin, 1948, p. 139). Die gewoontes, tradisies, houdings, idees en simbole wat sosiale gedrag beheer, vertoon 'n groot verskeidenheid want elke groep, elke samelewing het hulle eie waarneembare en nie-waarneembare gedragspatrone wat min of meer alledaags vir die lede is, wat van geslag tot geslag oorgedra word en vir kinders geleer word, en wat voortdurend aan verandering onderhevig is (Gillin en Gillin, 1948, p. 139). Hierdie alledaagse gedragspatrone word kultuur genoem en dit is deur die kultuur dat die spesifieke aktiwiteite van individue in hulle sosiale verhoudinge en ook

die aktiwiteite van een groep in vergelyking met ander groepe begryp kan word (Gillin en Gillin, 1948, p. 139).

In groepsverband verkeer individue in interaksie met mekaar en die wyse waarop hulle in interaksie met mekaar verkeer, stel gewoontes en gebruike op vir die individu en ook vir die groep en ook die wyses van handeling in alle verhoudinge in die alledaagse lewe en dit staan bekend as kultuur, dit wil sê alle gedragspatrone wat sosiaal verwerf word en oorgedra word onder andere deur middel van simbole, staan as kultuur bekend (Gillin en Gillin, 1948, p. 140).

Kultuur behels alles wat geleer is deur onderlinge verkeer wat taal, tradisies, gebruike en instellings insluit en omdat alle menslike groepe taal, tradisies, gebruike en instellings het, kan gesê word dat kultuur die universele eiesoortige kenmerk van alle menslike samelewings is (Fairchild, 1962, p.80). Fairchild (1962, p. 5) sê, "Practically the culture of the human group is summed up in its traditions and customs; but tradition, as the subjective side of culture, is its essential core".

Van der Walt (1969, p. 16) wys daarop dat by kultuur-oordrag die faktor van gesag van die grootste belang is aangesien gesag 'n onderwysende en opvoedingskrag in die samelewing is want op alle terreine en gebiede is volwassenes, naamlik ouers, onderwysers,

kerklike amptenare, staats- en bestuursamptenare, polisie, verkeersbeamptes, ens. besig om leiding en rigting te gee, om te beïnvloed ten einde wetsgehoorsame persone te vorm.

### 2.7.2 Persoonlikheid

Fairchild (1962, p. 218) omskryf persoonlikheid as "that dynamic organization of ideas, attitudes, and habits which is built upon the foundation of the biologically inherited psycho-physical mechanisms of a single organism and of socially transmitted culture patterns, and which embodies all the adjustments of the individual's motives, desires, and purposes to the requirements and potentialities of his social and sub-social environments".

Persoonlikheid behels die volgende:

- (i) die fokus van bewustheid;
- (ii) die voorbewuste wat sensories-motoriese ervaring en herinneringe, idees, wense, houdings en oogmerke wat nie onderdruk is nie, insluit;
- (iii) die onbewuste, wat onderdrukte herinneringe, idees, wense en houdings insluit; en
- (iv) die gedragspatrone wat waarneembaar is en 'n invloed op ander individue het (Fairchild, 1962, p. 218).

Mitchell (1968, p. 132) sê dat persoonlikheid alle nie-omgewingsselemente insluit in 'n individu se gedrag. Kurt Lewin (Mitchell, 1968, p. 132) gee die volgende omskrywing: "Behaviour is a function of the interaction of Personality and Environment", en dit is dat individue se gedrag sal verskil in dieselfde omgewing en hierdie verskille mag toegeskryf word aan verskille in aangebore stimulus-reaksie eienskappe sowel as verskille in die aard en organisasie van aangeleerde reaksies, wat verskille in die manier waarop die omgewing waargeneem word, insluit.

Freud (Gillin en Gillin, 1948, p. 670) verdeel persoonlikheid in die id, die ego en die super-ego waarvan die id daardie komponent is wat primêr te make het met die basiese fisiologiese behoeftes en die bevrediging daarvan, terwyl die super-ego die sekondêre kulturele behoeftes en sosiaal goedgekeurde kulturele patrone wat deur 'n individu geïnternaliseer is, verteenwoordig en die ego verteenwoordig die integrerende aspek van die persoonlikheid.

Ten slotte wys Van der Walt (1969, p. 18) daarop dat elke persoonlikheid en sy samestelling eenmalig is en elke mens het 'n eie, van alle ander verskillende geestesaaard, verstandsvermoë, denke, aanleg, talente, neigings, emosies, moontlikhede, geleenthede, maar ook gebreke en elke mens het 'n eie andersgeaarde kompleks van oorsake vir gebreke hetsy deur siekte,

vertraging, armoede, ellende, neurose, wanaanpassing, omgewingsinvloede, ensovoorts.

### 2.7.3 Persoonlikheidsontwikkeling

Persoonlikheidsontwikkeling is die geleidelike en gebalanseerde ontwikkeling van al die aspekte van die menslike persoonlikheid wat fisiese, verstandelike, emosionele en sosiale selfverwesenliking insluit (Fairchild, 1962, p. 218). Die algemene groei en ontwikkeling van kinders sluit in die groei en ontwikkeling van die liggaam sowel as die groei en ontwikkeling van die gees, omdat die mens 'n twee-eenheid van siel-liggaam is (Coetzee, 1948, p. 105).

Die omgewing speel ook 'n rol in die ontwikkeling van die persoonlikheid (Van der Walt, 1969, p. 19) en daar is baie invloede in die omgewing wat remmend, onderdrukkend of verdringend op die uiting van drange, drifte en neigings inwerk (Coetzee, 1948, p. 105).

Mitchell (1968, p. 2) wys daarop dat 'n handeling sosiaal is wanneer 'n handelende persoon hom op so 'n wyse gedra dat sy handeling daarop gemik is om die handeling van een of meer persone te beïnvloed, dus is interaksie die konteks waarin die persoonlikheid ontwikkel.

#### 2.7.4 Aanpassing

Aanpassings verwys na die wyse waarop 'n sosiale sisteem, of dit nou 'n klein groep soos die huisgesin of 'n groter kollektiwiteit is soos 'n organisasie of 'n hele samelewing aanpas by die fisiese en sosiale omgewing (Mitchell, 1968, p. 3).

Fairchild (1962, p. 275) sê die volgende aangaande aanpassing, "Social adaptation is that relation of a group or institution to the physical environment which favors existence and survival or the process, passive or active of attaining, the same".

Gebrek aan aanpassing kan siektes veroorsaak en die sogenaamde senuweesiektes met hulle simptome van angs, kommer, senuwee-ineenstortings, ens. is die gevolg van swak aanpassing (Jansen van Rensburg, 1943, p. 218).

Daar is sekere kriteria wat gesonde aanpassing karakteriseer, naamlik dat die goed-geïntegreerde persoonlikheid behoue moet bly; die mens moet hom kan aanpas by waarneembare werklikheidsomstandighede; hy moet beginselvas in sy gedrag wees; met die jare moet geestelike en fisiese volwasseheid bereik word; daar moet volgehou word met 'n gesonde gemoedsgesteldheid en laastens moet daar 'n toename in nuttigheid wees en die hoogste bydrae tot die samelewing moet gelewer word (Tindall, 1964, p. 48).



### 2.7.5 Volwassenheid

Pistorius (1971, p. 22) gee die volgende omskrywing van volwassenheid: "Die kind is verstandelik volwasse wanneer hy hom nie blindelings deur ander se menings laat lei nie, maar beslissings neem op grond van sy eie verantwoordbare insigte. Hy is sosiaal volwasse wanneer hy sonder verlies van sy eie persoonlikheid bindinge met ander mense kan aangaan wat nie op eie baatsug berus nie. Hy is sedelik volwasse wanneer hy tussen goed en kwaad kan onderskei en die moed het om die goeie te doen, ongeag die gevolge. Hy is godsdienstig volwasse wanneer hy in 'n persoonlike en direkte verhouding met God lewe".

### 2.7.6 Die sosialiseringproses

Roode (1968, p. 72) sê dat gesien vanuit die oogpunt van die individu, is die sosialiseringproses die proses van persoonlikheidsontwikkeling, die ontwikkeling en bewuswording van die self. Die sosialiseringproses kan dan beskou word as die proses waardeer elke gemeenskap poog om die nuwe en jong lewe te vorm en voor te berei vir 'n suksesvolle inpassing in die groeplewe deur middel van die positiewe ontwikkeling van aangebore eienskappe en die toevoeging van 'n reeks inhoude wat deur die individu aangeleer en opgeneem word (Roode, 1968, p. 72).

Die sosialiseringproses kan ook beskou word as die lewenslange proses van inprenting waardeur 'n individu die belangrikste waardes en simbole van die sosiale sisteem waarvan hy 'n lid is, leer en daardie waardes vind uitdrukking in die norme wat die rolle saamstel wat hy en ander individue vertolk (Mitchell, 1968, p. 194).

#### 2.7.7 Stremminge

Dis 'n emosionele toestand wat die gevolg is van onderdrukte wrywing en opposisie wat bestaan tussen sosiale groepe (Fairchild, 1962, p. 294). Dit ontwikkel gewoonlik oor 'n geruime tyd, en word gedeeltelik veroorsaak deur die druk van belangegroepe, deels deur wedersydse onkunde en verskille in tradisies, gedeeltelik deur arglistige of ongeskikte leiers en ten slotte gedeeltelik deur magte in die omgewing bokant menslike kontrole, "such as adverse climate or terrain, or meagre resources" (Fairchild, 1962, p. 294).

#### 2.7.8 Hoërskoolleerlinge

'n Hoërskool is 'n samelewingsvorm, gebore uit die vrug van kultuurontwikkeling en sy differensiasie, waarheen ouers hulle kinders moet stuur omdat dit deur wetgewing so bepaal is. Ouers stuur hulle kinders na 'n hoërskool om hulle lewensgang deur kennis, kundighede en vaardighede in hulle persoonlikheidsvor-

ming in 'n bepaalde rigting te stuur. Hoërskoolleerlinge is dus kinders van ouers wat 'n gemeenskaplike behoefte het en na 'n geselekteerde plek gestuur word om daarin te voorsien. Die leerlinge se ouderdomme wat die hoërskool besoek, varieer normaalweg tussen 12 tot 18 jaar.

2.7.9 Die huisgesin, die hoërskool, die kerk, die omgewing en maats as sosiale sisteme

Elke sosiale sisteem het te make met gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse in 'n groep en die sisteembenadering bou hierop voort. Wanneer gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse herhaal word, word patrone gevorm, naamlik gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone. Die sisteembenadering het dus te make met interaksiepatrone van teenwoordige en afwesige funksionariese in groepe. Elke groep, samelewingsvorm of sosiale sisteem het 'n spesifieke bouorde, naamlik 'n normatiewe orde en 'n funksionele orde wat te make het met gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse. Daar is voortdurend 'n wisselwerking tussen die normatiewe orde en die funksionele orde. Gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone het te make met die vier funksionele probleme, naamlik patroonhandhawing en spanningsbeheer, aanpassing, doelbereiking en integrasie van die individu, die samelewing en die kultuur.

Fairchild (1962, p. 315) omskryf 'n sosiale sisteem soos volg, "An aggregate of related interests or activities. There is the assumption of an organization of parts or phases in orderly arrangement... Whatever the system, its related character is identified by harmony in operation and the integration of its structure".

Nog 'n omskrywing van 'n sosiale sisteem is dié van Mitchell, (1968, p. 191) naamlik dat 'n sosiale sisteem basies uit twee of meer individue bestaan wat direk of indirek in interaksie met mekaar verkeer binne 'n begrensde situasie.

Parsons (1967, p. 5) omskryf 'n sosiale sisteem soos volg, "Reduced to the simplest possible terms, then, a social system consists in a plurality of individual actors interacting with each other in a situation which has at least a physical or environmental aspect, actors who are motivated in terms of a tendency to the 'optimization of gratification' and whose relationship to their situations, including each other, is defined and mediated in terms of a system of culturally structured and shared symbols".

#### 2.7.10 Waardes en norme

"'n Waarde is 'n algemene beginsel wat aandui wat die wenslike gedrag sou wees en wat as beginsel elke keer vir bepaalde situasies en rolle toegepas moet word"

(Van den Berg, 1977, p. 155).

Van Dijk (s.j., p. 57) omskryf 'n norm as elke positiewe reël wat 'n bepaalde gedrag of handeling voorskryf of verbied. 'n Kenmerk van 'n norm is die uiteindelijke toespitsing op 'n konkrete situasie en die positiveringsproses vind 'n eindpunt in die toepassing op 'n konkrete situasie maar elke norm ken egter sy beperking deur die grense van 'n samelewingsvorm, 'n samelewingsverhouding waarin 'n norm geldig is (Van Dijk, s.j., p. 57-58).

## HOOFSTUK 2

### SOSIOLOGIESE OORSAKE, SIMPTOME EN GEVOLGE VAN STREMMINGE BY HOËRSKOOLEERLINGE VEROORSAAK DEUR DIE GESIN

#### 1 Inleiding

Hierdie hoofstuk sal gewy word aan 'n ondersoek na die oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge wat veroorsaak word deur die gesin. Om 'n duideliker begrip te vorm van die oorsake, simptome en gevolge van stremminge veroorsaak deur die gesin, is dit noodsaaklik om die funksies van die gesin deur middel van 'n kort sosiologiese ontleding in die samelewing ook te bespreek. Die hooflyne van 'n indeling of klassifikasie van oorsake van stremminge by hoërskoolleerlinge word gevolg soos o.m. Van der Walt (1969) dit aanbied en dan verder daarop uitgebrei.

#### 2 Enkele definisies van die huisgesin en 'n ontleding van die definisies

Die huisgesin is die primêre instelling of subsisteem van elke samelewing wat verantwoordelik is vir die opvoeding van kinders. Die plig van ouers is om hulle kinders van kleinsaf op te voed en te onderrig deur die goeie in woord, daad en voorbeeld wat hulle behoort te stel. Deur die goeie en navolgingswaardige voorbeeld van ouers sal kinders die aanvaarbare en regte waardes en norme in hulle persoonlikhede internaliseer.

Om die samestelling van die huisgesin beter te kan verstaan, word daar vervolgens enkele definisies van die huisgesin bespreek na aanleiding van 'n paar skrywers.

Van Dijk (s.j., p. 80) sê dat die huisgesin is 'n intieme lewensverband tussen ouers en kinders gefundeer in die natuurlike afstamming van bloedverwantskap volgens die norm van onderlinge liefde. Dus vertoon die gesin in 'n sterk mate 'n intieme gemeenskapskarakter, verdiep en gewaarborg deur die norm van onderlinge liefde (Van Dijk, s.j., p. 80). In die gesin bestaan daar ook 'n natuurlike gesags- en gehoorsaamheidsverhouding tussen ouers en kinders (Van Dijk, s.j., p. 80). Daar moet egter in gedagte gehou word dat die liefdesnorm in die gesin sy eie gesins-individuele karakter het, naamlik die liefde van ouers vir hulle kinders; die liefde van kinders vir hulle ouers en onderlinge liefde van broers en susters en hierdie verbandsliefdesnorm moet gesamentlik deur die gesinslede verwerklik word onder leiding van ouerlike gesag sodat die algemene norm ook konkretiseer tot 'n positiewe leefreël met bepaalde sin en betekenis (Van Dijk, s.j., p. 81). Uit bogenoemde bespreking van die gesin, blyk dit duidelik hoe belangrik gesinsopvoeding gebaseer op die liefdesnorm vir kinders is om hulle in staat te stel om 'n gesonde aanpassing in die samelewing met al sy instellings, subsysteme en groepe te maak.

Daar word 'n onderskeid getref tussen die huwelik en die gesin in die sin dat die huwelik nie 'n samelewingsverband, maar wel 'n gemeenskap is terwyl die gesin 'n ver-

band is, nogtans is daar 'n intieme verhouding tussen die huwelik en die gesin omdat die huwelik sowel as die gesin se bestemming eties is (Spier, 1972, p. 87). In die gesin moet daar wederkerige liefde wees, naamlik liefde tussen man en vrou, liefde tussen kinders onderling en liefde van die kinders vir beide ouers, met ander woorde liefde in die gesin is 'n roeping om die liefde in stand te hou, te beoefen en te verwerklik - teenoor alles wat afbreuk daaraan kan doen (Spier, 1972, p. 87). Daar is ook 'n gesagsfaktor teenwoordig in die gesin want die vader en die moeder is gesagsdraers en hulle moet in eensgesindheid hulle kinders leiding en opvoeding gee, daarom is die gesagsfaktor in die gesin 'n wesenlike en onmisbare struktuurelement maar indien die gesinsgesag ontken word, werk dit ontbinding en verwildering van die gesinslewe in die hand (Spier, 1972, p. 88-89). Omdat gesinsgesag berus op bloedverwantskap en dus liefde-gesag is, verskil die gesag in die gesin van ander soorte gesag (Spier, 1972, p. 88-89). As die belangrikste primêre instelling fungeer die gesin in al die modaliteite, naamlik van die aritmetiese tot die pistiese modaliteit (Spier, 1972, p. 90).

Ten slotte meld Spier (1972, p. 90-91) dat die gesin 'n besondere kenmerk het wat dit van alle verbande onderskei, naamlik dat dit mense lewer wat vir alle ander vorme van samelewing nodig is soos prof. Popma dit stel, naamlik dat die gesin die moederband is waaruit alle ander verbande gevoed word.



Ook Rienstra (1962, p. 63) beklemtoon dat die gesin die primêre lewensgemeenskap is waarin die ontwikkeling, veral die gevoelsontwikkeling van kinders baie belangrik is en daar moet in gedagte gehou word of daar in die eerste ses lewensjare sprake was van 'n gesonde en harmonieuse psigiese ontwikkeling en of die gesinsopvoeding sodanig is dat die eise van die skool weerklank vind by kinders. Die verwagting van ouers dat hulle kinders hulleself sal ontwikkel deur onderrig te ontvang, kan kinders motiveer om te leer, maar dan moes kinders deur hulle ouers geleer word om aan daardie eise en verwagtinge van hulle ouers te voldoen (Rienstra, 1962, p. 63).

Kalsbeek (1970, p. 210) wys daarop dat dit nie saak maak hoe intiem die morele liefdesverhoudinge in die gesin is nie, bly die gesags- en ondergeskiktheidsverhoudinge noodsaaklik in die gesin maar die uitoefening van gesag varieer vanselfsprekend volgens die ouderdomme en besondere geaardhede van kinders totdat die stadium bereik word, wanneer kinders begin volwasse word dat ouers beslissings meer aan hulle kinders oorlaat en geleidelik meer in 'n adviserende hoedanigheid teenoor hulle kinders optree. Wanneer kinders gestraf en getug moet word, moet die uitoefening van oerlike tug 'n opvoedkundige karakter dra, gebaseer op liefde (Kalsbeek, 1970, p. 211).

Vir Rienstra (1962, p. 17) is dit belangrik dat ouers as natuurlike helpers en opvoeders moet optree teenoor hulle hulpelose en afhanklike kinders want ouers is verantwoordelik vir die wel en wee van hulle kinders en ook

is hulle verantwoordelik vir hulle kinders se versorging, beskerming, veiligheid, ontwikkeling en geluk. Uit die bespreking van die funksies van die gesin word dit duidelik dat ouerskap nie net 'n roeping, maar ook 'n baie verantwoordelike taak is wat deur ouers met die grootste erns bejeën moet word.

In die gesin en in die huis moet kinders die ruimte gebied word waarin hulle vry en onbesorg kan beweeg, waarin hulle hulself kan wees en van waaruit hulle die groter omgewing kan verken en verower, en meer nog, hierdie veilige ruimte, naamlik die gesin en die huis moet 'n veilige toevlugsoord en plek van rus bly (Rienstra, 1962, p. 18). As oefen- en kweekplek bied die gesin kinders geleenthede om ervaring op te doen wat hulle nêrens anders op dieselfde wyse en tot só 'n intensiteit kan verwerf nie, want in die gesin leer hulle byvoorbeeld die volgende ken: die lewe van volwasse nes, hulle onderlinge verhoudinge, hulle funksie - en rolverdeling, gewoontes en maniere (Rienstra, 1962, p. 19). Die gesin is dus die belangrikste sub sisteem in 'n samelewing aangesien dit die fondament is waarop alle ander sub sisteme en instellings verder bou aan kinders se persoonlikheidsontwikkeling en -vorming.

Die belangrikheid van die gesin lê veral op twee gebiede, volgens Wolmarans, (1964, p. 127) naamlik as kweek- en opvoedingsplek van die samelewing se toekomstige lede en tweedens as behoudende faktor in die samelewing teen degenererende invloede van buite.

Met die ontwikkeling van nuwe denkrigtings en beskouings in die samelewing, word ooreenstemmende invloede op die oriëntering en funksionering van die gesin uitgeoefen met die gevolg dat bepaalde funksies veranderinge ondergaan terwyl ander weer gedeeltelik of heeltemal vir die gesin verlore gaan wat ouers en kinders minder geleenthede bied om in ontmoetingsituasies met mekaar te verkeer as wat vroeër die geval was (Wolmarans, 1964, p. 128-129). Omdat die gesin 'n baie belangrike funksie vervul in die lewensoriëntering van kinders is dit dus 'n natuurlike verskynsel dat die gesin in enige samelewing ook as behoudende faktor kan staan en behoort te staan (Wolmarans, 1964, p. 130-131). Die gesinsliefde en bloedbande bind ouers en kinders wedersyds vir hulle rolvervulling as enkelinge in verskillende groepe, maar beginnende in die gesin. Aangesien daar dus 'n funksieverlies in die gesin is en minder geleenthede is om in ontmoetingsituasies met mekaar te verkeer, is dit belangrik dat ander subsysteme soos byvoorbeeld die skool hierdie leentes moet vul en 'n positiewe bydrae moet lewer tot die opvoeding van kinders.

Die gesin is die eerste en enigste omgewing aan die begin van kinders se lewens waarin hulle in aanraking kom met mense en kennis maak met intermenslike verhoudinge en in hierdie gesinsomgewing is die kinders heeltemal afhanklik en volkome hulpeloos, dus moet hulle op 'n liefdevolle wyse versorg word en daar moet in hulle geestelike en liggaamlike behoeftes voorsien word deur bevoegde ondersteuning en veiligheidsbiedende toewy-

ding van hulle ouers (Wolmarans, 1964, p. 140).

Aangesien gesinsopvoeding 'n normatiewe aangeleentheid is, bestaan daar bepaalde positiewe norme waaraan kinders moet konformeer en hierdie norme moet as riglyne dien om behoorlike, aanvaarde gedrag en handelingte ten uitvoer te bring.

Kinders word gebore met sekere potensialiteite en moontlikhede, soos 'n verstandelike aanleg, emosies, wil, temperament en 'n karakteraanleg, maar die wyse waarop en die rigting waarin hierdie hoedanighede gaan ontwikkel, hang grotendeels af van die leiding en opvoedkundige vorming wat kinders van hulle ouers ontvang (Venter, 1958, p. 15).

Om op te som, moet daarop gewys word dat ouers en die gesin die belangrikste vormende invloed in kinders se lewens is en daarom moet ouers alles in hulle vermoë doen om gunstige omstandighede te skep om te verseker dat hulle kinders, ooreenkomstig hulle potensialiteite, eendag waardige burgers van hulle land sal wees (Venter, 1958, p. 18). Weliswaar geskied kinders se vorming gedeeltelik kragtens natuurlike ontwikkeling en ervaring maar die wyse waarop hulle die goeie en die slegte, die aangename en onaangename, die toelaatbare en ontoelaatbare, die vreugde en teleurstellings van die lewe in hulle karakterpatrone gaan verwerk en inweef, hang grotendeels af van die hulp en leiding wat hulle van volwassenes en veral hulle ouers ontvang (Venter, 1958, p. 18-19).

### 3 Oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskool- leerlinge veroorsaak deur die gesin

#### 3.1 Gevoelsverwaarlosing

Baie kinders gaan gebuk onder die gevolge van gevoelsverwaarlosing omdat hulle nie baie liefde van hulle ouers kry nie of as daar liefdeloosheid van een of beide ouers teenoor hulle kinders bestaan (Rienstra, 1962, p. 64). Van der Walt (1969, p. 54) noem 'n paar redes hiervoor, naamlik die feit dat beide ouers werk; baie ouers het baie sosiale verpligtinge terwyl sommige ouers te uitgeput is na 'n werksdag. Dis te verstaan dat sulke ouers nie genoeg aandag aan hulle kinders kan gee nie en gevolglik nie baie kontak met hulle kinders het nie.

Pistorius (1971, p. 76) wys daarop dat gevoelsverwaarlosing ook voorkom wanneer ouers of een van die ouers hulle kinders verwerp of daar kan selfs 'n oordrewe band met een van die ouers bestaan met die gevolg dat kinders of 'n kind in só 'n geval nie tot 'n juiste instelling teenoor die werklikheid kom nie, en hulle is dan emosioneel labiel, dit wil sê hulle is nie standvastig nie en staan vyandig en onverskillig teenoor die skool.

Bediendes versorg die kinders en hulle is soms só verwen, egosentrië (wat die eie-ek tot middelpunt maak) en uiters selfsugtig dat aanpassing by onbekende

situasies vir sulke gevoelsverwaarloosde kinders 'n on-aangename en baie moeilike saak word (Van der Walt, 1969, p. 55). Dit kan ook gebeur dat sulke kinders baie slordig werk en heelwaarskynlik nie vordering toon in hulle skoolwerk nie of hulle kan selfs 'n dominerende en meerderwaardige houding inneem (Van der Walt, 1969, p. 55). Dis logies dat sulke kinders in botsing sal kom met die onderwysers in die skoolsituasie en probleme sal skep.

Die geborgenheid van 'by vader en moeder tuis wees', is slegs ten dele of gebrekkig, met die gevolg dat die ouers geen werklike gesag in die huisgesin het nie want aandag en tyd vir hulle kinders is daar nie en oor die algemeen kan gesê word dat begrip vir hulle kinders ontbreek (Garbers, 1958, p. 45).

As daar 'n oordrewe liefdesband tussen kinders en hulle ouers of een van die ouers bestaan, word ook gesien as affektiewe verwaarlosing en 'n gesonde persoonlikheidsontwikkeling van sulke kinders word daardeur gestrem (Rienstra, 1962, p. 64). Ouers moet dus baie versigtig wees in die uitlewe van die liefdenorm want hulle strem hulle kinders as hulle hul té veel of té min liefde gee. As ouers geestelik volwasse is, sal hulle ewewigtig wees in hulle liefdesuitinge vir hulle kinders.

### 3.2 Kinderverwerping

Vir Rienstra (1962, p. 67) is verwerping deur een of beide ouers van hulle kinders ernstiger as gevoelsverwaarlosing. Kenmerkende gedrag van kinders wat deur een of beide ouers verwerp word, is dat daar 'n gebrek aan volgehoue ywer en konsentrasie is en hulle is lastig in die klaskamer omdat hulle graag aandag wil trek (Rienstra, 1962, p. 67). Kinders wat altyd aandag wil trek, is nie net lastig nie maar hulle irriteer die onderwysers en is gewoonlik nie baie gewild onder hulle klasmaats nie.

Van der Walt (1969, p. 55) wys daarop dat sulke kinders gewoonlik passief, dit wil sê nie handelend is nie, hulle is nie geesdriftig om iets aan te pak nie en hulle konsentrasie wat die skoolwerk betref, kan nie volgehou word nie. Die persoonlikheidsbeeld van verworpe kinders is dat hulle emosioneel labiel, dit wil sê nie standvastig is nie en verder is hulle oormatig aktief, rusteloos, staan vyandig teenoor die samelewing met al sy instellings en staan apaties, dit wil sê onverskillig en gevoelloos teenoor die skool (Rienstra, 1967, p. 67). Hoërskoolleerlinge in sulke omstandighede ervaar stremminge wat hulle verhinder om aandag aan hulle skoolwerk te gee omdat hulle net nie kan konsentreer en dit volhou nie.

By kinderverwerping is die vaders gewoonlik minder verantwoordelik as die moeders want indien hulle ook

hulle kind of kinders verwerp, gebeur dit dikwels dat sulke vaders die minderwaardige vennote in die huwelik is en imiteer die gedrag van hulle vrouens ter wille van die huislike vrede en ook sal vaders hulle kind of kinders verwerp omdat hulle jaloers is dat die kind of kinders meer geneentheid tot die moeders toon en meer tyd van die moeders in beslag neem (Kriekemans, 1954, p. 156).

Ten slotte wys Kriekemans (1954, p. 156) daarop dat daar moeders is wat nie eers skaam is om hulle kind of kinders openlik te verwaarloos nie en hulle kind of kinders se gebreke aan die kaak te stel nie, terwyl daar weer moeders is wat nie lief is vir hulle kind of kinders nie, maar om dit vir andere te verberg, probeer hulle voortdurend die aandag te vestig op wat hulle vir hulle kind of kinders doen en doen só hulleself voor as martelaresse.

### 3.3 Oormatige beskerming

Daar bestaan 'n neiging by baie ouers om hulle kinders teen elke situasie wat vir hulle gevaar mag inhou, te beskerm omdat sulke ouers 'n sonderlinge vrees het dat hulle kinders een of ander ramp kan oorkom (Wolmarans, 1964, p. 147). Dit gebeur dat ouers deur 'n oorbesorgde en oorbeskermende opvoedingshouding, omdat hulle bang is dat hulle kinders iets sal oorkom en omdat hulle só besorgd is oor hulle kinders, probeer hulle hul kinders beskerm in elke situasie waarin hulle



dink gevaar skuil (Rienstra, 1962, p. 115). Veral moeders is geneig om oorbesorgd te wees en hulle kinders oorbeskerm (Rienstra, 1962, p. 115).

Levy (Rienstra, 1962, p. 115-116) verdeel hierdie moederlike oorbeskerming in die volgende kategorieë:

- (i) Daar is 'n buitengewone intensiewe kontak tussen 'n moeder en haar kinders wat openbaar word in 'n voortdurende samesyn.
- (ii) Infantilisme, dit wil sê 'n moeder help haar kinders langer met sekere dinge as wat nodig is, byvoorbeeld met aan- en uittrek.
- (iii) Sulke moeders strem hulle kinders om sosiaal selfstandig te word deur onder andere te probeer om hulle kinders teen die kritiek van hulle onderwysers te beskerm.
- (iv) Laastens oefen sulke moeders te veel of te min kontrole uit oor hulle kinders, byvoorbeeld hulle eis absolute gehoorsaamheid en onderworpenheid van hulle kinders of hulle oefen te min kontrole uit oor hulle kinders wat sulke moeders se volle en volkome aandag en dienste eis.

Die gedrag wat oormatige beskermdes kinders openbaar, is onder andere dat hulle baie gehoorsaam en onderdanig is, op skool maak hulle nie bevredigende vordering nie en as gevolg van oorbeskerming is daar 'n gebrek aan inisiatief, selfstandigheid en 'n begeerte om te presteer (Rienstra, 1962, p. 116).

Pistorius (1971, p. 77) wys daarop dat moeders wat hulle kinders oorbeskerm, wil hulle kinders volkome besit en dikwels buit hulle dit tiranniek uit. Hierdie kinders vind moeilik aansluiting by ander kinders, hulle neig om die onderwysers se wibbroodjies te word en oorafhanklik van die onderwysers se individuele hulp te wees - dus verstik oorbeskerming kinders se inisiatief en verhinder hulle emansipasie (Pistorius, 1971, p. 77).

Kinders wat nie kan ontsnap van oorbeskerming nie, bly te lank onryp en kom miskien nooit tot emansipasie en outonomie nie want hulle bly steeds afhanklik van hulle moeders en bly sosiaal onvolwasse (Kriekemans, 1954, p. 157).

Garbers (1958, p. 47) praat van die week gesin waar die versorging in die reël nie te kort skiet nie en dikwels is daar selfs van oorversorging sprake en as gevolg van oormatige beskerming van die gesin is botsing, onder andere met die skool glad nie uitgesluit nie en verder is 'n gesonde sosiale aanpassing vir sulke kinders baie moeilik, byvoorbeeld by die aanvang van die skoolloopbaan en die losmaking tydens puberteit en adolessensie.

#### 3.4 'n Abnormale ouer- en kindverbintenis

Hieronder word verstaan dat daar tussen 'n ouer en 'n kind van die teenoorgestelde geslag 'n té swaar belaaide gevoelsverhouding bestaan wat 'n gesonde persoonlikheids-

ontwikkeling ernstig strem (Rienstra, 1962, p. 70). Wanneer daar 'n abnormale sterk gevoelsverhouding tussen 'n moeder en haar seun is, kan dit onder andere gebeur dat só 'n seun passief is, die minimum probeer presteer op skool en miskien geen behoefte en geen moontlikheid het om homself met sy vader te identifiseer nie (Rienstra, 1962, p. 70).

Indien daar 'n abnormale gevoelsverbintenis tussen 'n vader en 'n dogter is, wil só 'n dogter altyd persoonlike aandag hê en stel nie baie belang in haar skoolwerk nie (Rienstra, 1962, p. 70-71). Hierdie toedrag van sake is geensins bevorderlik vir die persoonlikheidsontplooiing van kinders nie en in die hoërskool waar leerlinge selfstandiger moet werk en die vakinhoud moeiliker is, sal sulke kinders uitsak en mag selfs die hoërskool verlaat sodra hulle nie meer skoolpligtig is nie.

In die huisgesin is hierdie toestand nie goed te keur nie aangesien dit byvoorbeeld kan veroorsaak dat die ander kinders die teenoorgestelde gevoelens teenoor 'n moeder, broer of suster ontwikkel (Van der Walt, 1969, p. 55).

### 3.5 'n Ambivalente gevoelsverhouding

Dit gebeur dikwels dat daar sterk liefdes- en haatgevoelens naas mekaar bestaan wat beurtelings die oorhand kry en om dan vir hulle negatiewe gevoelens te

vergoed, is baie ouers geneig om té inskiklik te wees of hulle gee hulle kinders buitensporige duur geskenke, nogtans openbaar sulke kinders vrees wat die ontwikkeling van hulle vermoëns belemmer, omdat daar geen konsekwente rigtingaanduidings is nie en dikwels verskil die ouers heftig oor die opvoeding van hulle kinders (Pistorius, 1971, p. 77).

Kinders wat in só 'n huisgesin opgroei, ken geborgenheid slegs ten dele of dit mag wees dat hulle hoegenaamd geen gevoel van geborgenheid ervaar nie omdat die ouers onbedagsaam en ongebalanseerd is in hulle omgang met hulle kinders want een oomblik word die kinders met hartstogtelike teerheid oorweldig en die volgende oomblik word hulle kortaf en onpersoonlik behandel (Garbers, 1958, p. 56). Só 'n gesinsmilieu ontnem kinders hulle selfvertroue en vertroue in hulle ouers en dit kan selfs gebeur dat die kinders liewers hulle ouers vermy en nie spontaan met hulle verkeer nie.

Sulke kinders ervaar nooit bestendigheid of sekerheid nie want hulle weet nie waar hulle aan of af is met hulle ouers nie (Garbers, 1958, p. 56). Daar is niks verkeerd wat die fisiese versorging van baie sulke kinders betref nie maar daar word nie veel gemerk van 'n aangename emosionele 'temperatuur' nie (Garbers, 1958, p. 56). Onder sulke omstandighede is dit te verstane dat sulke kinders onseker van hulleself voel en selfs respek vir hulle ouers verloor. Sulke kinders is dikwels só besig met hulle ingewikkelde

gevoelsprobleme, dat hulle nie vorder met hulle skoolwerk nie en doen alles halfhartig (Rienstra, 1962, p. 75).

### 3.6 Mededinging tussen kinders

Dit is 'n normale verskynsel dat daar mededinging tussen kinders in dieselfde huisgesin is want dit is een van die maniere waarop kinders hulle moontlikhede en beperkings leer ken, maar mededinging kan egter buitensporige en nadelige afmetings ten gevolge hê veral as ouers een kind bo 'n ander of ander kinders bevoorreg (Pistorius, 1971, p. 77). Sulke kinders wil altyd in die sogenaamde 'kalklig' beweeg en dit strem die normale gang van hulle skoolwerk.

As gevolg van mededinging tussen broers en susters kan dit ernstige uitingsvorme van jaloesie aanneem wat die harmonieuse verhouding tussen broers en susters ernstig kan belemmer en dit kan ook die leerproses van sulke kinders baie benadeel (Rienstra, 1962, p. 77-78).

### 3.7 Disharmonieuse huweliksverhouding van ouers

Dis 'n alledaagse verskynsel dat baie egpare ongelukkig getroud is en in disharmonie met mekaar leef maar hulle skei nie. In só 'n gesinsmilieu ervaar kinders baie ernstige stremminge wat beslis nie bevorderlik is vir 'n gesonde en gebalanseerde persoonlikheidsontploffing en -ontwikkeling nie.

Wanneer 'n ouerpaar in disharmonie met mekaar leef, ervaar die kinders in só 'n gesin nie 'n intieme liefdegeborgenheid nie (Anonymous, 1949, p. 77), omdat die wanverhoudinge tussen die ouers aanleiding gee tot spanning, konflikte, wantroue, rusies en selfs haatlikheid met die gevolg dat sulke kinders bedreig voel (Pistorius, 1971, p. 77).

Dikwels is die kinders die slagoffers van rusies tussen hulle ouers en al probeer die ouers soms om hulle disharmonie te kamoefleer, beïnvloed dit die kinders en omdat die disharmonie 'n swaar las is vir kinders om te dra, ervaar hulle terugslae in hulle skoolprestasies (Rienstra, 1962, p. 79-80).

Kinders het beide ouers nodig om volwasse te word, maar in só 'n situasie word hulle gedwing om vir een ouer teen die ander ouer kant te kies, gevolglik gaan sulke kinders gebuk onder skuldgevoelens, hulle is vervul met angs en voel verward daarom is dit verstaanbaar dat hulle nie só goed in die skool sal presteer nie en verder ly hulle totale persoonlikheidsontwikkeling daaronder (Pistorius, 1971, p. 77).

In die skool is sulke kinders onseker van hulleself en vol angsgevoelens en hulle mag hulleself onttrek van ander kinders. Dit mag selfs gebeur dat hulle geen waaghouding het nie omdat hulle geen selfvertroue het as gevolg van hulle huislike agtergrond.

### 3.8 Werkende moeders

Tans is dit die geval dat 'n groot persentasie moeders verplig is om te gaan werk as gevolg van die snel stygende lewensduurte en dit kan aanleiding gee tot kinder-verwaarlosing. Gewoonlik is die moeder afgemat nadat sy die hele dag gewerk het, sy het miskien baie sosiale verpligtinge om na te kom en dan is daar nog die vaderse funksie as gesinshoof en die baie kontakte by die werk, alles wat aanleiding kan gee tot gevoelens van frustrasie en spanning in die gesinskring en kan selfs 'n oorsaak wees dat só 'n huwelik ontbind word (Van der Walt, 1969, p. 56).

Tuis het die werkende moeder dikwels nie genoeg tyd om aandag aan haar gesin te gee nie met die gevolg dat die kinders aan hulleself oorgelaat word en dit gee aanleiding daartoe dat die kinders eensaam en onseker voel, selfs as die moeder tuis is aangesien sy te besig of te afgemat is om hulle vrae te beantwoord en daar is selfs nie genoeg tyd om gedagtes en ervarings uit te ruil nie (Pistorius, 1971, p. 78). Dit is 'n groot onreg wat só 'n moeder aan haar kinders doen, want hulle mag voel dat sy hulle nie werklik liefhet nie en ook nie in hulle belangstel nie, wat onberekenbare skade aan die persoonlikheidsontwikkeling kan doen. In die skoolsituasie soek sulke kinders na liefde en begrip in hulle eensaamheid omdat hulle nie maklik meng met die ander hoërskoolleerlinge nie.

Die primêre taak van die moeder as opvoeder word ook geraak deur die feit dat sy werk want as gevolg van baie verpligtinge tuis en by die werk, kan sy prikkelbaar en ongeduldig word teenoor haar kinders en om te vergoed vir hierdie houding, mag sy haar kinders verwen deur vir hulle duur geskenke te koop (Rienstra, 1962, p. 89-90). Die beoefening van arbeid of beroepsarbeid deur die moeder gaan dus dikwels gepaard met gevoelsverwaarlosing en indien die affektiewe verhoudinge in die huisgesin ook veel te wense oorlaat, ly die geestelike gesondheid en stabiliteit van die kinders verder daaronder (Rienstra, 1962, p. 91).

### 3.9 Die plek van die kind in die huisgesin

Kriekemans (1954, p. 161) wys daarop dat die posisie van die enigste kind baie nadele kan inhou want hy gaan te veel om met volwassenes, vergesel hulle orals en verkeer te dikwels in hulle geselskap. Die ouers van 'n enigste kind verwag té veel liefde van hom en omdat hulle altyd oorbekommerd is oor hom, word só 'n kind egosentries en baie sensitief en voel gevolglik diep gekrenk, selfs reddeloos verlore as hy ge-opponeer word (Kriekemans, 1954, p. 161). Verder is 'n enigste kind gewoonlik onsosiaal, nie mededeelsaam nie, het nie juis 'n behoefte om met ander kinders te verkeer, te speel of te wedywer nie en só 'n kind word gemak-sugtig en voel onseker van homself (Kriekemans, 1954, p. 161).



Dr. Van Krevelen (Rienstra, 1962, p. 92) wys verder daarop dat 'n enigste kind nie leer om deur sy eie prestasies 'n posisie te verwerf nie en omdat só 'n kind té veel aandag kry, bly die drang na selfstandigheid swak en as gevolg van sy angstige instelling, pas hy moeilik aan in die skool.

'n Enigste seun tussen dogters verkeer ook in 'n ongunstige posisie. Aangesien dié ouers dikwels té hoë verwagtinge koester van 'n enigste seun, is dit moeilik vir hom om dit te verwerk veral as sy susters beter as hy presteer en omdat die ouers meer van hom verwag en hoër eise aan hom stel, mag hy voel dat sy ouers onredelik is en hy mag dalk 'n onverskillige houding inneem en selfs 'n afkeer ontwikkel in alles wat intellektueel is (Rienstra, 1962, p. 98-99). Gevolglik sal hy nie só goed op skool presteer nie en selfs heeltemal uitsak.

Wat die jongste kind betref, vind ouers dit moeilik om hom te stimuleer om selfstandig en onafhanklik te wees en om verantwoordelikheid te aanvaar want daar is té veel mense in sy onmiddellike omgewing om hom te help en die ouer kinders verrig gewoonlik die huishoudelike take en dit alles werk gemaksug en wilslap- te in die hand (Rienstra, 1962, p. 100). Op skool werk só 'n kind nie baie hard nie en stel gewoonlik nie baie belang in die skoolwerk nie.

### 3.10 Toegeeflike ouers

Kinders wie se ouers té toegeeflik is, se wense word vervul, hulle kry hulle sin in alles sonder om 'n teë-prestasie te lewer met die gevolg dat hulle geen geleentheid gebied word om hulleself in te span om iets te bekom nie en om teleurstellings te verwerk nie (Rienstra, 1962, p. 108). Kinders wat verwen is met misplaaste liefde en baie geskenke is nie bereid om opofferend en mededeelsaam te wees nie en dit ontbreek hulle aan moed (Van der Walt, 1969, p. 58).

Verwende kinders is nie bereid om hulleself in te span nie en om hulle aan te pas by die eise wat die samelewing stel nie en omdat hulle ouers hulle onthef van hulle plig om hulleself in te span, probeer sulke kinders alles wat inspanning vereis, te omseil en wanneer hulle opdragte moet uitvoer, neem hulle dit nie ernstig op nie (Rienstra, 1962, p. 109-111).

Alle probleme wat die kinders ervaar, word vir hulle opgelos sonder dat hulleself in die oplossing daarvan 'n aandeel het (Wolmarans, 1964, p. 149). Hulle stel min belang in die skool en indien daar strenger teenoor hulle opgetree word en hulle word selfs gestraf, kom hulle in opstand en bied weerstand (Rienstra, 1962, p. 109-111). Sulke kinders bots gewoonlik met die onderwysers omdat hulle nie bereid is om hulle aan die skool se dissipline en gesag te onderwerp nie en dit kan hulle in hulle skoolwerk strem.

### 3.11 Veeleisende en streng opvoeding

Wanneer ouers té hoë eise aan hulle kinders stel en té streng optree teenoor hulle kinders, word die opvoedingsfunksie van die huisgesin gestrem en belemmer deur hierdie optrede (Wolmarans, 1964, p. 149). Baie ouers se eise ten opsigte van hulle kinders word soms te hoog gestel as gevolg van die ouers se maatskaplike eersug en dan verwag hulle dat hulle kinders moet beantwoord aan die toekomsbeeld wat hulle van hulle kinders gevorm het (Rienstra, 1962, p. 111).

As gevolg van hulle opleiding en beroepe beklee baie ouers 'n hoë status in die samelewing en hulle verwag dat hulle kinders as hulle eendag volwassenes is, op dieselfde hoë sosiale vlak moet beweeg, gevolglik dryf hulle hulle kinders om die hoogste skoolprestasies te lewer en om hardwerkend en deugsam te wees, met ander woorde hulle kinders moet modelkinders wees (Rienstra, 1962, p. 111).

Ouers wat op só 'n wyse inmeng met hulle kinders, belemmer die ideale volwassewording van hulle kinders en hierdie inmenging is net daarop gemik om hulle eersug te streel wat onomwonde die verkeerde normering in hulle opvoedingsoriëntering en opvoedingshandeling aantoon (Wolmarans, 1964, p. 150). Eersugtige ouers (gewoonlik die vader wat die kinders oorheers) is nooit tevrede nie en hulle is só krities en veel-eisend dat hulle kinders aan skuldgevoelens kan

begin ly (Pistorius, 1971, p. 76). Die kinders word oor die perke van hulle eie moontlikhede gedryf met die gevolg dat hulle hulleself uit die omgewing onttrek omdat hulle mislukking vrees (Pistorius, 1971, p. 76).

Indien die kinders nie aan die ouers se eise voldoen nie, is die ouers ontevrede met hulle kinders se gedrag en prestasies en hierdie ontevredeheid kom tot uiting in die vorm van afkeur en verwyte en die gevolg van hierdie optrede is dat sulke kinders dit moeilik vind om teleurstellings te bowe te kom en hulle beskou hulle swakker prestasies as persoonlike mislukkings en dan word hulle angstig en verloor selfvertroue (Rienstra, 1962, p. 112).

Hierdie kinders word nooit hulleself nie want ouers wat perfeksioniste is, dwing hulle kinders om individue te probeer wees wat hulle nie in werklikheid is nie (Pistorius, 1971, p. 76). Hierdie optrede van ouers kan daartoe aanleiding gee dat hulle kinders wrok-, verset- en vyandigheidsgevoelens teenoor hulle ouers ontwikkel (Rienstra, 1962, p. 112).

Garbers (1958, p. 147) praat van die strakke gesin waar die manlike stempel oorheers. In só 'n gesin val die klem op onderwys, kennis, vaardigheid, werkdisipline, arbeid en 'n lewens- en wêreldbeskouing maar die wisselwerking met die buitewêreld is egter stram en gerem (Garbers, 1958, p. 147). Skoolprobleme soos

prestasies op intellektuele en sportgebied word geskep omdat dié kinders nie aan die hoë eise van hulle ouers kan voldoen nie en kan minderwaardige kermkouse in die skool word.

### 3.12 Teenstrydigheid, onstabiliteit, wispelturigheid en onsekerheid in die opvoedingshouding van ouers

In baie huisgesinne verskil die opvoedingshouding van die vader duidelik van die moeder s'n en gewoonlik is dit die vader wat 'n té streng opvoedingshouding teenoor die kinders inneem terwyl die moeder soms dan té toegeeflik, verdraagsaam en besorgd optree teenoor die kinders (Rienstra, 1962, p. 119).

Gewoonlik kry mens die patriargale vader en 'n afgesloofde moeder (Garbers, 1958, p. 47). Die bedoeling van die vader is om ontsag en dissipline by te bring, sodat die nadruk hier op dwang berus wat in die vorm van gevoelstirannie uitgeoefen word (Garbers, 1958, p. 47).

Wanneer ouers só heftig verskil in hulle pedagogiese instelling, is daar vir die kinders geen eenheid meer in die norme waaraan hulle moet probeer konformeer nie en die eise waaraan hulle moet probeer voldoen nie (Rienstra, 1962, p. 119). Die gevolg hiervan is dat die kinders begin twyfel oor wat hulle mag doen en nie mag doen nie omdat van vaders- en moederskant met twee mate gemeet word (Wolmarans, 1964, p. 150).

Miskien is die kinders teleurgesteld in die vader omdat hy té streng en veeleisend is en gaan op in die moeder en omdat hulle hul streng vader vrees, vermy hulle hom, terwyl hulle die moeder se toegeeflikheid uitbuit (Rienstra, 1962, p. 119). Die teenstrydige invloed wat van beide ouers uitgaan, belemmer innerlike kontrole, met ander woorde die persoonlikheidsontwikkeling van sulke kinders word ernstig gestrem en hulle kan ernstige gedragsprobleme op skool openbaar en hulleself selfs laat geld deur woedebuie en 'n ongehoorsame, aggressiewe bravadohouding (Rienstra, 1962, p. 120-121).

Die situasie in die huis kan só ondraaglik word dat die kinders só gou as moontlik uit die huis wil padgee en die skool verlaat sodra hulle die skoolpligtige ouderdom bereik het. Dit mag meebring dat hulle minder lonende werk aanvaar wat verder tot ernstige stremminge kan lei.

### 3.13 Pedagogiese verwaarlosing

Daar is pedagogiese verwaarlosing wanneer ouers te min aandag aan die opvoeding van hulle kinders skenk, dit wil sê die ouers skiet te kort in die pedagogiese beoefening met hulle kinders deur hulle te min aan bepaalde eise en norme te laat onderwerp en omdat die kinders vry is om hulle te rig op dit wat onmiddellike bevrediging verskaf en hierdie vryheid beteken dat die kinders onvoldoende leiding kry wat die volgende

nadelige gevolge het, naamlik sulke kinders voel hulle is onder geen verpligting om aan die algemeen aanvaarde norme te konformeer nie aangesien hulle ouers dit nie van hulle verwag nie; hulle kan nie hulle drifte beheers nie; is onder andere ongeorden en slordig; en op skool kan hulle nie konsentreer nie en is slordig en ongehoorsaam (Rienstra, 1962, p. 105-106).

Van der Walt (1969, p. 57) wys daarop dat die gemis aan opvoeding op bykans alle gebiede van die lewe tot wanaanpassings lei. Pedagogiese verwaarlosing as 'n opvoedingstekort in die huisgesin openbaar hom in die ontstaan van een of ander of verskillende afwykende gedragsvorme en omdat sulke kinders ongeborge en onveilig voel, word hulle aan hulleself en aan omstandighede uitgelewer op pad na maatskaplike verwildering (Wolmarans, 1964, p. 52).

Kinders leer ook nie dat die gesinsverhoudinge diensbaar gemaak moet word aan die samelewing nie, gevolglik is hulle nie in staat om hulle hartstogte te beheers nie wat selfs verder aanleiding kan gee dat hulle hulleself nie kan bedwing nie en jeugoordredings begaan en kriminele neigings openbaar (Van der Walt, 1969, p. 57).

Reeds vroeg in baie kinders se lewens word die materiële dinge die hoofdoel in die lewe want in die huisgesin word die hoër geestelike waardes en geestelike

vorming skandelik verwaarloos omdat daar nie tyd is nie of omdat die ouers nie daartoe in staat is nie (Garbers, 1958, p. 58). Daar is ouers wat openlik uitkom vir hulle reg om 'n genotlustige, gemaksgtige, eersugtige, karakterlose, selfsgtige, gewetenlose lewe te lei en sulke ouers verwen of verwaarloos hulle kinders (Kriekemans, 1954, p. 24). Hierdie houding van ouers kan gesien word as 'n ernstige opvoedingstekort want in 'n huisgesin waar die materiële dinge die belangrikste is en die tydelike genietinge die spil word waarom die lewe draai, is daar nie veel sprake van werklike opvoeding en positiewe leiding nie. Kinders uit sulke huisgesinne mag miskien geen belangstelling toon in hulle skoolwerk nie en gevolglik swak presteer.

Daar bestaan ook nie noue samewerking tussen die ouers en die skool nie aangesien die ouers nie belangstel in hulle kinders se skoolaktiwiteite nie en staan dikwels negatief daarteenoor en vir hulle pogings op skool ontvang die kinders geen aanmoediging, belangstelling of erkenning nie (Garbers, 1958, p. 58). Die invloed van pedagogiese verwaarlosing op skoolwerk is dus diepgaande omdat kinders beslis 'n begeerte het dat hulle ouers in hulle prestasies en vordering in die skool moet belangstel.



### 3.14 Gesinsonvolledigheid

Onvolledige gesinne as gevolg van egskeiding, verlaten en dood vorm 'n vrugbare bron van vertraging van kinders volgens Wilmink en Van Houte (Van der Walt, 1969, p. 59). Gesinsonvolledigheid is vir kinders 'n onnatuurlike situasie en ook in 'n mindere of meerdere mate 'n moeilike situasie want na die afsterwe van die eggenoot of 'n egskeiding, kan die moeder dalk té oorbesorg en toegeeflik word wat nie net neurose ten gevolge kan hê nie maar kan ook aanleiding gee tot leer- en gedragsmoeilikhede (Rienstra, 1962, p. 83).

Pistorius (1971, p. 78) wys daarop dat as die vader uit die gesin verdwyn het en die moeder bly alleen agter, is sy dikwels te toegeeflik en oorbesorg en daarby is die seuns sonder vader-identifikasie aan verwarring en onsekerheid oorgelewer. Wat egskeiding betref, is dit 'n 'besondere' hindernis vir kinders om hulle natuurlike bestemming, naamlik volwassenheid te verwesenlik en hulle is onseker, gespanne, beangs en vol vrees (Van Wyk, 1972, p. 90-91) wat tot uiting kom in hulle skoolwerk. Baie van die probleme van die nagelate ouer loop uit op gevoelens van jammerte wat aanleiding kan gee dat dié kinders hulle nie wil onderwerp aan gesag en tug nie (Van der Walt, 1969, p. 59). 'n Logiese gevolg is dat sulke kinders in die skool en op ander terreine van die samelewing probleme sal veroorsaak en selfs gedragsafwykend word weens hulle miskenning van gesag en tug.

### 3.15 Die invloed van egskeiding op kinders

Egskeiding het 'n ontwrigtende uitwerking op kinders en laat hulle ongeborg en verward voel. In ons gekompliseerde samelewing het die gesin vir kinders van groter betekenis geword en hulle kan nie sonder die hulp en steuning van beide ouers moeilik en in baie gevalle glad nie in verantwoordelikheid keuses maak nie (Van Wyk, 1972, p. 90).

Rip (1970, p. 35) wys daarop dat as die gesin 'n tipe gesin was waar die vader die dominante figuur was en die kinders word in die sorg van die moeder geplaas, moet die kinders hulle heroriënteer en aanpas want die afwesigheid van een van die ouers as gevolg van 'n egskeiding laat kinders onseker voel. Kinders wat voortdurend moet verduidelik dat hulle ouers geskei is, mag 'n gevoel van skaamte en minderwaardigheid ontwikkel en mag selfs 'n wrok teen hulle ouers koester (Rip, 1970, p. 35). Dit is dus begryplik waarom kinders in 'n egskeidingsituasie dikwels nie op skool presteer nie en gedragsprobleme openbaar omdat die vertroue in die ouers geskaad is en die gesag van die ouers word nie aanvaar nie.

Volgens Nelson (1976, p. 50) is 'n egskeiding die mees traumatiese ervaring in die lewens van kinders want die gebeurtenis hou vir kinders sosiale en ontwikkelingsrisiko's in, dus bestaan daar geen twyfel nie dat egskeiding die lewens van kinders kan benadeel

en versplinter. Kinders wat die slagoffers van 'n egskeiding is, mag egskeiding dikwels beskou as 'n natuurlike verskynsel en dat die huwelik onbestendig is met die gevolg dat hulle swak huweliksrisiko's mag word (Rip, 1970, p. 35).

Die kinders kom te staan teenoor hulle ouers wat gereageer het op die kombinasie van spanninge en beloftes, soms met waansinnige, soms met regressiewe en selfs met gedisorganiseerde gedrag (Blas, 1962, p.50). Egskeiding het 'n diepgaande invloed op die emosionele, intellektuele, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling van kinders wat ernstige blokkasies vorm met gevolglike wandade soos aggressie en vernieling in die skool-situasie.

### 3.16 Sieklike ouers

Wanneer een of beide ouers chronies siek is, is dit verstaanbaar dat dit 'n nadelige uitwerking op kinders se volwassewording en hulle skoolprestasies het want dit is moeilik vir sieklike ouers om gesag te handhaaf (Pistorius, 1971, p. 78). Aangesien sieklike ouers in hulle lyding gevang is, maak hulle nie volle kontak met hulle kinders nie en daarby bied die sieklike ouer of ouers se voorbeeld ook geen positiewe identifikasie moontlikhede aan die kinders nie (Pistorius, 1971, p. 79).

Die kinders mag belas word met baie ekstra pligte in die huis wat meebring dat hulle skoolprestasies daaronder ly en dat daar nie geleentheid is vir deelname aan sport en ander sosiale aktiwiteite nie.

### 3.17 Ouers wat een of meer van hulle kinders voortrek

Wanneer ouers een of meer van hulle kinders voortrek, is die uitwerking op die kind of kinders wat voorge- trek word sowel as die ander kinders nie gunstig nie (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 706). Die kind of kinders wat voorgetrek word, mag in 'n geringe mate eienskappe van verwenning toon en die ander kinders mag weer een of ander vorm van jaloesie openbaar, terwyl baie jong kinders dikwels die kind of kinders wat begunstig word, te lyf gaan ofskoon direkte aggressie nie altyd gewys word in hulle gedrag nie (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 706-707).

Omdat die onbegunstigde kinders voel hulle word veronreg en ontvang nie genoeg liefde van hulle ouers nie, word hulle negatief, rusteloos, bakleierig en doen dinge om die aandag van veral hulle ouers maar ook van ander volwassenes en kinders te kry terwyl ander kinders weer baie energie sal gebruik om mee te ding met die kind of kinders wat voorgetrek word in sosiaal-goedgekeurde aktiwiteite of hulle mag selfs probeer om hulleself só anders as moontlik as die begunstigde kind of kinders te gedra (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 707).

Die situasie kan só ondraaglik word vir sulke onbegunstigde kinders dat hulle selfs die begunstigde kind of kinders en ook hulle ouers haat en in opstand kom.

3.18 Die invloed van die gesin op die groei en ontwikkeling van kinders as oorsaak van stremminge

Dit is duidelik uit die ken-, gevoels- en strewingslewe van pubessente dat hulle baie probleme het wat hulle in die gesin en in hulle tog uit die afhanklike kinderlikheid moet te bowe kom (Bollnow, 1958, p. 17). Garbers (1958, p. 57) wys daarop dat die weg na intellektuele vorming versper is wanneer die emosionele grondgesteldheid onrustig is want die ouers neem vir sulke kinders 'n heeltemal ander posisie in as vir kinders wat in 'n geborge milieu opgroei en sodra dit vir sulke kinders moontlik word, gaan hulle die emosioneel-rusgewende situasies buite die gesin opsoek, nogtans vind hulle nie geborgenheid nie want ervaar hulle nie geborgenheid by hulle ouers nie, soek hulle tevergeefs daarna op ander plekke.

As gevolg van ongeborgenheid wat sulke kinders ervaar, word hulle die slagoffers van spanning en stremminge wat 'n impak het op hulle skoolprestasies en hulle verhouding tot ander kinders.

Met die emansipasie van die vrou en kinders het die vader nie meer só 'n sterk greep op die gesinslewe nie wat gevolglik die ewewig in die gesin kan versteur en

dit mag meebring dat die vader heeltemal uitwyk uit die gesin en seuns wat op hulle weg na selfstandigheid en vryheid geen vader of 'n duidelike vaderlike figuur op hulle weg vind nie, sal hulle ook nie vrymaak van die moeder nie wat vir hulle die lewe en die wye ruimte binne die gesin geskenk het (Beets, 1961, p. 120).

Beets (1961, p. 113) sê dat die posisie wat die vader inneem, word veral in verband gebring met sy afwesigheid en aanwesigheid wat hy in die volgende kategorieë verdeel:

- (i) Die sterk oorheersende vader is bewus van sy magsposisie en oefen mag op só 'n wyse uit dat daar vir die moeder en kinders weinig ruimte oorbly. Dit gee aanleiding tot heftige reaksies by die kinders in hulle strewe na selfstandigheid.
  
- (ii) 'n Minder sterk vorm van heerssugtigheid is die bemoeisieke vader wat altyd op hoogte van alles wil wees en altyd goeie raad wil gee, gevolglik voel die moeder en kinders onmondig. Só 'n vader is die oorsaak dat die kinders in opstand kom want hy ontnem die kinders van alle inisiatief of enige vaardigheid binne die gesinskring wat selfs kan uitkring tot by die skoolwerk, sodat die skoolprestasies ook besonder swak kan wees.

(iii) Die hardwerkende vader wat besonder bekwaam is in sy werk en deur sy voorbeeld van 'kompetente-manlike-zonder meer' kan 'n remmende invloed op seuns hê want hulle kom nie naby die vader se perke van bekwaamheid nie. Só 'n vader gaan heeltemal op in sy werk waarin hy baie suksesvol is, maar verder sien hy nouliks iets om hom raak. Spoedig kan só 'n vader tot die ontnugtering kom dat hy nie meer sy posisie in die gesin kan handhaaf nie.

Die hedendaagse pubessente het dus soms te make met 'n oorheersende vader en daarmee 'n nogal prominente aanwesige vader, maar meer dikwels het hulle te make met 'n moeder wat in die gesin die meeste doen en te sê het, waarby die vader op die agtergrond skuif of heeltemal uit die gesigsveld verdwyn in sy werk, sy reise, sy vergaderings, ens. (Beets, 1961, p. 120). Dit alles kan daartoe lei dat kinders in opstand kom teenoor die vader en hulle volkome identifiseer met die moeder wat nie bevorderlik is vir seuns se gesonde aanpassing nie.

### 3.19 Ouers wat buitengewone hoë morele standaarde het

Kinders uit huisgesine wat baie strenger morele standaarde as die res van die gemeenskap handhaaf, mag geleer word dat seks sonde is en dat baie ander normale aktiwiteite soos onder andere kaartspeel, om 'n bioskoop of 'n teater te besoek, die lees van moderne

romans sondig is en dis onvermydelik dat sulke kinders te staan sal kom voor baie situasies wat nooit 'n probleem vir hulle sou gewees het nie as dit nie was vir hulle baie streng morele opvoeding nie (Gates, Jersild, McConnell, Challman, 1963, p. 707).

Die ernstige gevolg van hierdie soort opvoeding is dat kinders wat hierdie streng morele opvoeding aanvaar, voel dat hulle nie daarin slaag om 'n ordentlike lewe te lei nie, gevolglik is dit feitlik onmoontlik vir hulle om normale sosiale verhoudinge aan te gaan en dikwels ontwikkel hulle neurotiese neigings (Gates, Jersild, McConnell, Challman, 1963, p. 707).

### 3.20 Die moeder in 'n onvolledige gesin

In die geval van die geskeide of oorlede vader tree die probleme sterker op die voorgrond want hier sal dit nou afhang van hoe die moeder hierdie verlies verwerk en te bowe kom (Eksteen, 1967, p. 110).

Beets (1961, p. 94) gee die volgende klassifikasie van moeders:

- (i) Daar is die moeder wat besonder geheg is aan die jongste kind. Sy glo die jongste kind het haar baie nodig en sy wil altyd die moeder van 'n klein kind bly.



- (ii) Dan is daar die moeder wat met haar dogter as 'n vriendin meeleeft en die dogter deel die moeder se geheime en só 'n moeder gaan heeltemal op in die lewe van haar dogter.
- (iii) Derdens is daar die moeder wat in haar verhouding tot haar seun haarself as 'n meisie sien, 'n vriendinnetjie van die seun. Die seun is haar vertroueling met wie sy alles kan bespreek, hy is die man met wie 'n vertroulike gesprek gevoer kan word.
- (iv) Vierdens is daar die moeder wat in haar seun 'n plaasvervanger vir haar man soek wat haar met raad en daad bystaan.

Die moeder in 'n onvolledige gesin is voortdurend besig, sy is moeder en vader tegelyk; sy moet moederlike waardes verteenwoordig en by die afwesigheid van die vader moet sy vaderlike waardes vertolk en daarom is sy vir haar kinders 'n dubbelfiguur, wat 'alle waardes' verteenwoordig en daarby kom nog die gewetensvorming wat in die gesin plaasvind, as een van die belangrikste pedagogiese take wat grotendeels op haar skouers rus (Beets, 1961, p. 94).

In sulke omstandighede waar die moeder 'n dubbele rol het om te vervul en haarself só intens vereenselwig met 'n kind, kan lei tot wanaanpassings, moederidentifikasie in die geval van 'n seun en kinders strem om

selfstandig, onafhanklik en volwasse te word.

### 3.21 Ouers se houding teenoor godsdiens en die kerk

'n Vrugbare voedingsbodem van gedragsafwykende kinders is godsdiensloosheid, kerkloosheid en kerkloosheid (Van der Walt, 1969, p. 59). Die Bybelse grondslag vir beginselvastheid, waarde-oordele en positiewe norme ontbreek by hierdie kinders en dit lei tot onstabiliteit, innerlike stryd met gevolglike isolasie en wanaanpassings in die lewens van jongmense (Van der Walt, 1969, p. 59).

Hierdie houding van ouers veroorsaak dat hulle kinders met vreemde sake te make kry eers wanneer hulle skool toe gaan, norme wat vaste ankers bied vir kinders.

### 3.22 Ekonomiese probleme en armoede

Nelson (1976, p. 53) wys daarop dat die ekonomiese aspek van enige gesin só betekenisvol is dat 'n gebrek aan of 'n oorvloed van fondse, die wyse waarop dit bestee word, die houding teenoor werkservaring om die nodige inkomste te verdien en die toewysing van fondse tussen gesinslede speel 'n belangrike rol met betrekking tot 'n gesin se bestendigheid en die ontwikkeling van kinders.

Plant (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 697-698) sê dat "hardening of the personality

results from constant financial strain" en dat armoede 'n vrugbare teelaarde is vir 'n gevoel van onsekerheid. Kinders wat gebuk gaan onder herhaalde en ernstige terugslae as gevolg van 'n gevoel van ontoereikendheid omdat hulle koue en honger vrees, mag simptome van angs toon (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 707). 'n Gevolg van armoede is 'n minderwaardigheidsgevoel by kinders wat gebeur wanneer daar 'n merkbare verskil in ekonomiese status is wat weerspieël word in die tipe huis, klere, besittings, ens. van kinders uit arm huise en die huise van ander kinders met wie hulle in aanraking kom en 'n minderwaardigheidsgevoel mag vererger word gedurende adolessensie wanneer materiële en sosiale probleme meer in die fokus van kinders se belange is (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 698).

Léwin (1935, p. 144) sê in verband met kinders wat gebuk gaan onder armoede dat hulle 'n reaksie toon wat hy 'encysting' (ingesluit in 'n sak) noem, toon, dit wil sê hulle probeer hulleself onaantasbaar maak deur 'n muur tussen hulleself en die omgewing op te rig of hulle kan 'n uittartende, veglustige houding teenoor die omgewing inneem.

Dikwels is ouers nie bevoeg om die swak gesinsinkomste op die mees doeltreffende wyse te bestee nie hoewel dit in baie gevalle tog voldoende is indien dit oordeelkundig bestee word (Garbers, 1958, p. 46). Die materiële bekommernisse neem al die aandag in beslag,

sodat daar aan 'n geestelike gesinstaak bykans nooit gedink kan word nie (Garbers, 1958, p. 46).

#### 4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is allereers aangetoon wat die aard en wese van die gesin en sy funksies is. Daarna is aangetoon wat die oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak. Hieruit word dit duidelik dat stremminge persoonlikheidsontwikkeling en -vorming, aanpassing, die sosialiseringsproses, volwassewording en ook skolastiese vordering ernstig kan benadeel. Daar kan afgelei word uit die bespreking van die funksies van die gesin dat ouers 'n baie groot en verantwoordelike taak het om hulle kinders van die wieg af reg op te voed om hulle aanpassing by ander groepe en sub sisteme te vergemaklik en moontlik te maak.

## HOOFSTUK 3

### SOSIOLOGIESE OORSAKE, SIMPTOME EN GEVOLGE VAN STREMMINGE BY HOËRSKOOLEERLINGE VEROORSAAK DEUR DIE HOËRSKOOOL

#### 1 Inleiding

Ook die hoërskool veroorsaak stremminge by hoërskoolleerlinge en dus sal die oorsake, simptome en gevolge van stremminge in hierdie hoofstuk behandel word om 'n duideliker begrip te kry van die behoeftes van hoërskoolleerlinge in die skoolsituasie. In hierdie hoofstuk word die breë trekke van 'n sosiologiese ontleding en die funksies van 'n hoërskool gegee om daarmee aan te toon hoedat die onderwyspersoneel se optrede 'n bydrae kan lewer tot die oorsake en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge.

#### 2 Definisie en taak of funksie van die hoërskool

In meer besonderhede kan gesê word dat die hoërskool 'n noodsaaklike instelling in elke samelewing is, maar daar moet in gedagte gehou word dat die hoërskool se opvoedingstaak sekondêr is want die hoërskool bou voort op die opvoeding en leiding wat in die gesin gegee is.

In hoofsaak is die hoërskool se funksie die akademiese vorming van leerlinge, naamlik die bybring van kennis, kundighede en vaardighede maar die skool moet ook sorg vir die verdere ontwikkeling van leerlinge se totale

persoonlikhede om hulle te lei op hulle tog na verantwoordelike volwassenheid. Samevattend kan die aard, wese en doel en taak of funksie van die hoërskool soos volg gestel word: 'n Hoërskool is 'n samelewingsvorm waarheen ouers deur wetgewing verplig is om hulle kinders te stuur om die gedagtegang van hulle kinders in 'n bepaalde rigting te stuur omdat in hierdie bepaalde behoeftes voorsien moet word.

'n Hoërskool is 'n uitgesoekte, gesuiwerde en perspektiefverruimende lewensmilieu met sy eie roeping en taak en die middel is die van onderrig en opvoeding met sy eie doel, inhoud, metode, dissipline, meting, evaluering, organisasie en administrasie. Die hoofdoel van onderwys en opvoeding is intellektuele vorming en persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling sodat volwasse selfstandigheid bereik kan word om leerlinge sodoende in staat te stel om in alle lewensgroepe, werkgroepe, sportgroepe en ontspanningsgroepe vreugdevol te kan arbeid en 'n positiewe bydrae kan lewer met die insig en besef van waardes wat as riglyne dien vir individuele sowel as sosiale norme soos vasgelê deur die institutionaliserings- en sosialiseringsproses sodat hulle hul individuele en sosiale rolle op 'n volwaardige, volwasse en verantwoordelike wyse kan vervul in die enger en ruimer inhoud en betekenis van die funksionele verhouding en wisselwerking tussen die hoërskool en die samelewing.

Op leerlinge se weg na dialoog met meer mense, beklee die skool 'n besondere plek want, dit is naamlik die brug tussen die primêre groep, dit is die gesin, wat op liefde gebaseer is en die sekondêre groep, wat verstandelike ontwikkeling, vorming en prestasie eis en waarin leerlinge hulle eie arbeidsmoontlikhede ontdek en daardeur tot emansipasie kom (Pistorius, 1971, p. 125).

Namate die gesin in die moderne tyd sy opvoedings-, en veral sy onderwystaak nie meer na wense kan nakom nie en die maatskappy hoër eise aan jeugdiges stel, moet die skool 'n groter deel van kinders se vorming behartig en daarom is dit verstaanbaar dat die skool in sekere sin 'moederliker' moet word omdat dit 'n deel van die gesin se opvoedingstaak oorneem en terselfder tyd moet die skool kinders vir deelname in 'n al hoe ingewikkelder samelewing voorberei, en dus moet aan die oorkant van die 'brug' al hoe meer deskundigheid ingevoer word, wat meebring dat die skool nie die eenvoudige instelling vir algemene vorming kan bly wat dit tot onlangs toe was nie: dit word steeds gekompliseerder en lê op al hoe meer leefjare beslag (Pistorius, 1971, p. 125).

Met die algemene en meer besondere opmerkings moet gelet word op wat die aard, wese, doel, taak, metodes, tug, meting, evaluering en organisasie is. Enige inrigting wat vaardighede en kennis oordra met die doel om 'n hoër vorm van volwassenheid te bereik, kan 'n skool

genoem word (Pistorius, 1971, p. 126).

Naas die huisgesin kan die skool beskou word as een van die grootste opvoedingskragte in die lewens van kinders en die skool kan 'n groot bydrae lewer om die vorming van kinders in 'n positiewe, opbouende rigting te stuur of dit kan hoogstens probeer om skadelike invloede teen te werk (Venter, 1958, p. 20). Na gelang die gehalte van die vroeë skeppingswerk kan onderwysers slegs die ouerlike opvoeding aanvul en versterk maar 'n herskepping van die persoonlikheid is nie só maklik nie en andersyds kan dit nie betwis word nie dat die skool baie kan doen en in die verlede sekerlik ook baie gedoen het om veral die sogenaamde grensgevalle op die regte pad te help (Venter, 1958, p. 20).

As brug na emansipasie in die samelewing is die skool vir kinders seker die belangrikste toegang tot 'n nuwe wêreld van moontlikhede vir eksplorاسie waar hulle kennis maak met die geordende en georganiseerde wêreld van sekondêre groeperinge en tot die besef kom dat die skool 'n bepaalde program het waardeur hulle gebonde is (Pistorius, 1971, p. 126). Die dwang van wetgewer, die samelewing en ouers wat stilswyend agter die gesag van onderwysers staan, bind kinders aan die skool (Pistorius, 1971, p. 126). Hierdie gesagsgrense dien om kinders se eksplorاسievryheid tot die gebied van die leerstof te beperk sodat hulle kan presteer en tot 'n bepaalde vorm van emansipasie kan



kom (Pistorius, 1971, p. 126).

Ofskoon kinders in die skool wel ook nog geborgenheid vind, neem dit vinnig af namate hulle groter word en daar word van hulle steeds groter verantwoordelikheid geëis, dit wil sê die skool bied slegs algemene en nie spesifieke geborgenheid nie soos in die geval van die huisgesin nie, daarom is die skool 'n belangrike instelling wat kinders help om uit die intieme gesins-atmosfeer tot die saaklike verhoudinge van die maatskappy toe te tree om van spel oor te gaan tot arbeid (Pistorius, 1971, p. 126).

Die skool het 'n baie groter taak as net die onderrig van formele kennis want die skool behartig, saam met die ouers die opvoeding in die ruimste betekenis van die woord (Venter, 1958, p. 20). Wat egter in gedagte gehou moet word is dat die opvoeding van kinders nie wesenlik die taak van die skool is nie maar 'n taak van die huisgesin en daarom moet die skool by die huisgesin aansluit maar aangesien baie huisgesinne tans in pedagogiese sin gebrekkig is, is die skool verplig om vir 'n groot deel van kinders se opvoeding in te staan wat nie direk verband hou met hulle intellektuele vorming nie (Pistorius, 1971, p. 127).

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die eintlike doel van die skool onderrig is en dat die huisgesin 'n deel van sy taak aan die skool opdra met die spesifieke opdrag om die kinders te onderrig - dus

het die skool in die moderne samelewingsituasie 'n besondere plig om te vervul - 'n plig wat nie alleen swaarder is as wat dit in die verlede was nie, maar ook heeltemal anders is omdat die lewe waarop die skool moet help voorberei so totaal anders is (Garbers, 1958, p. 170-171).

Alhoewel die skool daarop toegespits is om kinders intellektueel te vorm, mag dit nie die skool se einddoel wees nie want die uiteindelijke doel is die vorming van die hele persoonlikheid, maar dan is daar die waarskuwing dat daar egter nie ook na die ander kant toe gesondig moet word nie, naamlik dat die skool homself waag op gebiede waar kinders aan hulleself oorgelaat behoort te word en daarom mag die skool nie ingestel wees op kinders se groepsweise nie, aangesien dit noodwendig lei tot eenvormigmaking en die verdwyning van die afsonderlike individu (Pistorius, 1971, p. 127).

Dit moet nooit uit die oog verloor word nie dat die intellektuele vorming wat die skool bied daarop gemik is om kinders in staat te stel om hulle persoonlikhede te ontplooi en te ontwikkel sodat hulle tot verantwoordelike volwassenheid kan groei.

Die sorgvuldige, uitgesoekte kennis wat die skool oordra, word gedoen deur die oordrag van kultuurinhoude, wat die uiting van die samelewing se gehoorsaamheid aan bepaalde waardes is, maar 'n skool wat kennis en

kultuur oordra sonder om kinders te lei om die waardes wat daarin opgesluit is, te ontdek, mag wel skitterende eksamenuitslae kry, maar het wat sy ware doel betref, misluk, omdat die vorming van die intellek in die diens moet staan van persoonlikheidsvorming as geheel (Pistorius, 1971, p. 127-128).

Omdat 'n skool 'n spesiale tipe sosiale organisasie is en 'n sosiale organisasie 'n spesiale tipe sosiale sisteem is, kan gesê word dat 'n skool 'n gestruktureerde interaksie tussen personeellede en leerlinge is (Johnson, s.j., p. 19). Johnson (s.j., p. 19) sê dat leerlinge in 'n skool "are transformed from children into socialized, self-actualizing skilled young adults and then they are returned to the environment where they enter other systems, such as economic, occupational organizations".

Met die hooflyne van die funksies van die hoërskool wat deur middel van 'n sosiologiese ontleding gegee is, kan daar nou binne hierdie verband gelet word op die oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die onderwysers van die hoërskool.

3 Oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die onderwysers van die hoërskool

### 3.1 Konflik tussen onderwysers en leerlinge

Omdat daar eers kontak moet wees tussen leerlinge en hulle onderwysers, waaruit 'n leersituasie ontstaan, is dit van die allergrootste belang dat die verhouding tussen leerlinge en onderwysers reg moet wees (Eksteen, 1967, p.155-156).

As kinders voel hulle word nie aanvaar nie en hulle ervaar nie emosionele geborgenheid in die skool-situasie nie en tensy hulle nie die aandag en steun-gewing kry wat hulle nodig het van hulle onderwysers nie, sal hulle nie leer wat van hulle verwag word nie en in pedagogiese taal sal hulle nie "n goeie sosiale aanpassing" maak nie (D'Evelyn, s.j., p. 8). Die feit dat hulle voel hulle word nie aanvaar deur hulle onderwysers nie en hulle voel nie geborge by hulle onderwysers nie, mag daartoe lei dat sulke leerlinge vyandig teenoor hulle onderwysers staan en daardeur mag die leerproses ernstig benadeel word.

Rienstra (1962, p. 168) wys daarop dat die persoonlikheid van onderwysers van baie groot betekenis is, want die onderrig wat gegee word en die opvoeding wat beoog word, staan nie los van die kwaliteit van die persoonlikheid van onderwysers nie, daarom kan neurotiese, verkrampte of ongebalanseerde onderwysers psigies-higiënies 'n groot gevaar inhou vir die kinders wat aan hulle toevertrou is. Sulke

onderwysers mag leerlinge strem in hulle persoonlikheidsontwikkeling, die leerlinge mag aggressief ingestel word teenoor die skool en selfs alle belang in hulle skoolwerk verloor wat skoolprestasies ernstig daaronder laat ly.

Trimbal (Rienstra, 1962, p. 168) beskou die verhouding tussen onderwysers en kinders as die kernmiddel waarvoor onderwysers beskik in hulle opvoedende taak en in die hantering van hierdie verhouding met kinders moet onderwysers onder andere rekening hou dat kinderlike gedrag altyd 'n oorsaak het. Voortdurende uittarting van die kant van kinders in die skool, is 'n aanduiding dat daar iets skort met die verhouding tussen hulle en hulle onderwysers (D'Evelyn, s.j., p. 23).

Soms word gevind dat die konflik wat daar tussen kinders en onderwysers bestaan, bevorder word, indien nie veroorsaak word nie, deur ouers (Eksteen, 1967, p. 156) en die konfliksituasie word chronies wanneer die ouers ingryp en vernederend en veroordelend van die onderwysers en die skool in die teenwoordigheid van hulle kinders praat (Van der Walt, 1969, p. 50). Die gevolg van só 'n negatiewe houding van ouers mag veroorsaak dat kinders die skoolgesag misken, geen eerbied vir die onderwysers het nie en wat 'n remmende invloed op hulle skoolprestasies mag hê.

Die voorgenoemde kan naastenby saamgevat word met wat onder meer Eksteen (1967, p. 156) in hierdie verband skryf, naamlik dat dit geld vir alle leerlinge dat hulle 'n regte arbeidshouding moet hê as hulle in die onderwysers emosionele en geordende leerkragte wil vind.

### 3.2 Onderwysers wat net eksamengerig werk

Vandag is dit die geval dat onderwysers ge-evalueer word volgens hulle eksamenuitslae met die gevolg dat die bybring van kennis só 'n belangrike plek inneem, dat die persoonlikheidsontplooiing en -ontwikkeling van kinders ernstig verwaarloos word.

Garbers (1958, p. 172) wys op die belangrikste funksie van die skool, naamlik mensvorming wat eerstens impliseer 'n menslike ontmoeting omdat die kultuuroordrag en die opvoeding via hierdie ontmoeting van volwassenes met volwassewordendes sy optimale kans om te slaag, kry. Wanneer 'n skool se belangrikste taak is om net op die leerlinge se prestasies te konsentreer, kan dit lei tot psigiese steurnisse (Garbers, 1958, p. 167). As die akademiese prestasies die hoofdoel geword het, kan dit spanning, frustrasie en selfs opstand en weersin ten gevolge hê wat leerlinge se skolastiese vordering in verskillende grade tot die uiterste blokkeer.

Prins (1959, p. 93) wys daarop dat die primêre taak van opvoeders nie net die 'bybring van kennis' is nie, maar die appèl, wat van die opvoeders uitgaan op hulle leerlinge waaraan emosionele, volisionele en intellektuele momente onderskei word sodat leerlinge gelei word om persoonlike beslissings te neem waarvoor hulleself die verantwoordelikheid sal dra. Dit is 'n betreurenswaardige feit dat onderwysers, ter wille van bevordering en selfs aansien in die samelewing, hoofsaaklik konsentreer op die bybring van kennis in die klaskamersituasie.

### 3.3 Skolastiese prestasies

Wanneer die skoolwerk bokant kinders se intellektuele vermoë is, ervaar sulke kinders spanning, hulle span hulleself krampagtig in, openbaar 'n angsvolle behoefte aan prestasie, en hulle voel ontmoedig, lusteloos, onverskillig, onwillig en maak hulleself skuldig aan uittartende wangedrag om te kompenseer vir die onvermydelike situasie (Rienstra, 1962, p. 170). Eksteen (1967, p. 120) wys daarop dat hierdie leerlinge se sosiale posisie in die klas teenoor medeleerlinge en onderwysers in die gedrang kom. Wanneer hulleself, hulle klasmaats of onderwysers hulle swak prestasies vergelyk met die meer begaafde leerlinge, mag hulle hulself as dom beskou en hulle mag minderwaardig voel teenoor die ander leerlinge en sodoende selfvertroue verloor.

Volgens D'Evelyn (s.j., p. 41) word nie net een simptome nie maar 'n hele aantal gevind by kinders wat versteurd voel; hulle mag eers een simptome en dan weer 'n ander simptome openbaar omdat hulle besig is om te probeer om hulle probleme op te los.

Eksteen (1967, p. 121) wys daarop dat hierdie leerlinge se sosiale posisie in die klas teenoor medeleerlinge en onderwysers in gedrang kom en die gevolge hiervan is onder meer die volgende:

- (i) Hulle bly 'n dag of twee uit die skool.
- (ii) Daarna kan hulle die verlore werk nie inhaal nie en kan nie hulle nuwe huiswerk doen nie.
- (iii) 'n Vrees vir onderwysers, gekoppel met die moontlikheid van straf ontstaan.
- (iv) Hulle begin afskryf.
- (v) Hulle gewetens begin om hulle te pla.
- (vi) Die probleem word al groter en nou moet hulle hulle verlaat op leuens, totdat daar ontvlugting gesoek word in stökkiesdraai, wat weer lei tot ander en verdere afwykinge.

Kinders wat nie in die vermoë is om skolasties te presteer nie, is onoplettend en nie hardwerkend nie, gevolglik is baie van hulle, indien nie die meeste van hulle nie, agter in hulle skoolwerk, ofskoon hulle selde oor só 'n lae intelligensie beskik; sommige is selfs skrande en vroeg ryp, maar die gewone lesse in die klaskamer vereis daardie karak-



tereienskappe en intellek waarin hulle op 'n flagrante wyse te kort skiet (Burt, 1958, p. 545). Hulle openbaar geen geduld wanneer werk gedril en herhaal word nie; hulle praat baie en hulle handskrif is wanordelik en slordig (Burt, 1958, p. 545).

#### 3.4 Gebrek aan insig in die belewingswêreld van leerlinge by onderwysers

Onderwysers moet begryp dat kinders die fisiese werklikheid anders waarneem en interpreteer as volwassenes; dat hulle belewingswêreld of totaliteit van verhoudinge waarin hulle tot die wêreld staan nog in 'n groot mate tot die konkrete vlak beperk is; dat beleving van leerling tot leerling verskil en dat fantasie 'n baie belangriker rol as by volwassenes daarin speel (Van der Walt, 1969, p. 66).

Voorgaande hou die probleem in dat elke leerling die leiding en onderwys op sy eie, unieke wyse aanvaar, interpreteer en verwerk en dit kan tussen leerlinge en onderwysers verskille in betekenis en inhoud meebring en tot verkeerde interpretasie van leerlingreaksies deur onderwysers lei en sodoende ontstaan spanning, angs en konflikte wat tot psigiese steurnisse lei (Van der Walt, 1969, p. 66). Die gevolg is dat skolastiese vordering ernstig benadeel word.

### 3.5 Ongereelde of geen huisbesoek deur onderwysers

Huisbesoek is van die allêrgrootste belang waar kinders in hulle eie omgewing geleer ken word (Eksteen, 1967, p. 155). Buytendijk (Rienstra, 1962, p. 162) wys daarop dat onderwysers kan bydra tot die voorkoming van psigiese steurnisse by skoolkinders deur kennis van die gesin, waarin kinders opgroei, te dra want tydens huisbesoek kan ouers en onderwysers die ervaringe, wat hulle in hulle omgang met die kinders opgedoen het, uitwissel en aanvul en só kan beide partye 'n beter begrip van die kinders kry.

Dis baie belangrik dat onderwysers kennis behoort te dra van die omstandighede, die verhoudinge en die invloede wat in die gesin op kinders inwerk want dan sal onderwysers nie só geneig wees om kinders as lasposte te beskou nie maar wel as slagoffers van 'n ongunstige lewensmilieu (Rienstra, 1962, p. 162) indien kinders gedrags- en leerprobleme op skool openbaar en sal onderwysers hulle nie summier kritiseer nie maar steungewing verleen.

Met die instelling van die pos, Departementshoof: Opvoedkundige Leiding en skakeling met kinderleiding-klinieke het dit nou moontlik geword om kennis van huislike omstandighede van leerlinge in te win en sodoende is dit nou moontlik om steungewing te verleen aan leerlinge wat stremminge ervaar.

### 3.6 Te veel administratiewe pligte van onderwysers en te groot klasgroepe

Onderwysers moet afgesien van voorbereiding en nasienwerk, nog administratiewe pligte vervul, gevolglik is hulle tyd beperk en kan hulle nie huisbesoek doen om sodoende hulle leerlinge se huislike agtergrond beter te leer ken nie en betyds hulp te verleen aan dié leerlinge wat stremminge ervaar.

Die nadeel van groot groepe leerlinge in die klaskamers hou die moontlikheid in dat individuele leerlinge opgelos kan raak in of skuil agter die groep waardeur geleenthede vir individuele aandag en selfwerkzaamheid in die onderwys beperk word (Van der Walt, 1969, p. 64). Te groot klasgroepe bring ook ekstra administratiewe pligte mee.

Garbers (1958, p. 150) sê dat in hoeverre die individuele vermoëns in 'n klassikale onderwysstelsel tot ontplooiing gebring word, is 'n vraag wat moeilik positief beantwoord kan word, veral wanneer te groot klasse individuele hulp en aandag byna onmoontlik maak. Daar is altyd leerlinge wat individuele hulp en aandag nodig het en omdat dit nie moontlik is nie wanneer die klasgroepe te groot is, raak hierdie leerlinge agter in die werk, hulle kan miskien nie volhou met die werktempo nie en noodwendig sal hulle swak presteer en selfs standerds druipe. Hulle mag só ontmoedig word en die skool verlaat sodra hulle

die skoolpligtige ouderdom bereik het. Dit mag gebeur dat hulle belangstelling in hulle skoolwerk verloor en selfs vyandiggesind teenoor die skoolsituasie voel.

### 3.7 Die effek van ongesonde kompetisie in die skool

Baie outoriteite voel dat die hele sisteem van eksamens en punte die neiging het om té veel nadruk op kompetisie te laat val met die gevolg dat stadige leerders en selfs gemiddelde leerlinge ontmoedig word terwyl die betreklike vinnige leerders opgeblase denkbeelde omtrent hulle eie bekwaamhede en vermoëns mag kry (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 714).

Oormatige kompetisie neig tot die ontstaan van 'n gevoel van onverskilligheid jeens die welvaart van ander leerlinge en versterk 'n gevoel van eiebelang (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 714). Eksamens, veral lang eksamens wat gebruik word as 'n partydige basis vir punte in 'n hoogs mededingende atmosfeer, mag oormatige spanning en vermoeidheid by leerlinge veroorsaak (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 714).

### 3.8 Ongeskiktheid van leerplanne

Namate gesinsopvoeding verswak en verwaarloos word, word die verantwoordelikheid wat op die skool rus al

groter, maar in hierdie funksie skiet die skool egter in 'n ernstige mate te kort, omdat die leerplanne oorlaai is, die kinders word veel meer geestelike voedsel voorgesit as wat hulle kan verteer en die onderwys is te onpersoonlik (Garbers, 1958, p. 48).

Leerlinge wat dit voortdurend moeilik vind om dinge te leer wat ander leerlinge in die skool leer, is verward omdat die leerstof te ingewikkeld is en daarom kan nie van hulle verwag word om hulle kennis en energie te integreer in aanvaarbare gedragspatrone nie (Prescott, 1938, p. 130).

As, soos dikwels gebeur, die leerplanne min betrekking het op die lewensprobleme van leerlinge en geen bydrae lewer tot hulle behoeftes nie, kan dit rampspoedige gevolge hê (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 715). Leerlinge word antagonisies teenoor die skool, maak hulle skuldig aan wan-gedrag en wil die skool verlaat sodra hulle die ouderdom van sestien jaar bereik het (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 715). Baie jeug-oortreders begin steel omdat hulle die skool se kurrikulum vervelig vind, al sou hulle ook die werk van ander leerlinge afskryf (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 715). Daar is egter ook leerlinge wat nie die vermoë besit om die leerstof te kan bemeester nie (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 715). Wanneer die werk bokant die vuurmaakplek van leerlinge is, kan dit spanning

in 'n ernstige graad ten gevolge hê (Rienstra, 1962, p. 170).

### 3.9 Verwaarlosing van intellektueel-begaafde leerlinge

Louttit (1947, p. 308) wys daarop dat intellektueel-begaafde leerlinge dikwels aanpassingsprobleme het wat spruit uit onder andere die volgende:

- (i) Wanneer intellektueel-begaafde leerlinge se verstandelike superioriteit nie erken word nie, lei dit dikwels tot antagonisme teenoor die skool as 'n instelling by sulke leerlinge.
- (ii) Intellektueel-begaafde leerlinge ontwikkel swak studie- en werkgewoontes omdat die werk in die klaskamer hulle nie aanspoor en stimuleer nie.
- (iii) Hulle ontwikkel gevoelens van minderwaardigheid omdat hulle belange en aktiwiteite nie sosiale erkenning verkry van die groep waartoe hulle behoort nie.
- (iv) Hulle mag grootpraterig en verwaand word wanneer volwassenes hulle buitengewone intellektuele begaafdheid in hulle teenwoordigheid besing.

Intellektueel-begaafde leerlinge kan dikwels nie hulle aandag by die werk bepaal nie en eventueel nie eers begryp wat in die klaskamer aangaan nie en dan is daar agteruitgang in hulle skoolwerk en omdat hulle die werk vervelig vind, vaar hulle swak in hulle skoolwerk (Bricklin en Bricklin, 1967, p. 95).

Baie skrandere leerlinge vind die skoollewe oninteressant en mag nie daarin slaag om hulle goeie intellektuele potensiaal te begryp en te ontwikkel nie en 'n skrandere leerling in wie se intellektuele behoeftes nie voorsien word nie, kan maklik 'n 'gedragsprobleem' word, "because their energies and intellectual abilities are not being put to creative and challenging use" (D'Evelyn, s.j., p. 137-138). Hulle emosionele behoeftes word nie bevredig nie as hulle verveeld en gefrustreerd is, omdat daar nie stimulerende ervaringe in die klaskamer is nie, dus put hulle nie tevredenheid, wat spruit uit 'n gevoel dat hulle iets bereik nie (D'Evelyn, s.j., p. 138).

### 3.10 Te min aandag aan minder-begaafde leerlinge

Vir die minder-begaafde kinders is die tempo waarmee die leerstof opgeneem en verwerk moet word vir hulle te vinnig (Rienstra, 1962, p. 170). Indien hulle leerprestasies met dié van meer begaafde kinders vergelyk word, kan dit daartoe lei dat hulle in hulle eie oë - en ook in die oë van hulle medeleerlinge - as dom beskou word en só kom hulle gevoel

van eiewaarde in die gedrang, hulle sosiale posisie met ander kinders word daardeur bemoeilik en die kans op neurotiese karaktersteurnisse neem toe (Rienstra, 1962, p. 170).

Gates, Jersild, McConnell en Challman (1963, p. 723) sê dat minder-begaafde leerlinge "are usually left to sink or swim (usually sink) in classes too large to be handled satisfactorily even for the average child". Die moeilike akademiese werk, die werk- en leertempo wat van hulle verwag word en hulle onvermoë as gevolg van 'n gebrek aan vaardigheid om te wys oor watter begaafdhede hulle beskik, is belangrike oorsake van frustrasie in die skoollewe van sulke kinders (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 723). As hierby, soos soms die geval is, gevoeg word die antagonisme as gevolg van herhaalde vernederings wat hulle moet verduur van die kant van hulle klasmaats, is dit geen wonder dat die gesonde ontwikkeling van hulle persoonlikhede daaronder ly nie waardeur hulle dan gedragsprobleme openbaar (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p.723).

Bladergroen (Rienstra, 1972, p. 170) meen dat baie swak begaafde kinders, as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling in die leerstof waarmee hulle besig gehou word op skool, kan lei tot afkeer van skoolwerk en verveeldheid en in plaas van om 'n 'kultuurmens' te word, ontwikkel hulle 'n teësin in kultuur.



Prescott (1938, p. 123) beskryf die posisie van minder-begaafde leerlinge soos volg. "Baie van hulle dink hulle kan nie dinge doen en leer wat ander kinders kan doen en leer nie. Die gevolg is dat hulle gevoelens van verwarring, mislukking en frustrasie ervaar en hulle is bewus van hulle onbekwaamhede as gevolg van die hoon van ander kinders wat hulle misluktings raaksien. Ofskoon woedebuie, onttrekking, rusies, diefstal of ander kompenserende gedrag swak sosiale geneesmiddels is vir 'n gevoel van mislukking en uitsluiting, kan ongesonde gedragpatrone dien om 'n gevoel van eie belangrikheid en eiewaarde te ervaar. Sulke minder-begaafde kinders kom in opstand teen die skool en die samelewing in die algemeen".

### 3.11 Lyfstraf

Leerlinge wat onder 'n baie streng beheer staan, sal wel gehoorsaam wees maar dis 'n uiterlike onderwerping terwyl hulle innerlik met vrees, haat en afsku vir die onredelike onderwysers vervul is in plaas daarvan om eerbied vir hulle en hulle gesag te hê (Venter, 1971, p. 21). Vanweë 'n gebrek aan innerlike lewensdissipline kan die vrees en haat langamerhand oorgaan tot openlike verset by wyse van jeugwangedrag en jeugmisdaad (Venter, 1971, p. 21).

In die geval van uitermatige streng dissipline sê onder meer Venter (1971, p. 21-22) die volgende in verband met gepaardgaande lyfstraf: "Die posisie is tans

dat slegs die skoolhoof lyfstraf kan toedien. Met hierdie reëlings word die gesag van onderwysers al te dikwels ondermyn en omdat kinders soms weet dat onderwysers se hande gebind is, word sommige kinders uitdagend en onbeheerbaar. Hulle word ongedissiplineerd en koester ontsag nóg vir die onderwyser, nóg vir die waardes van die gemeenskap. 'n Redelike pak slae op die regte tyd en die regte plek het nog nooit skade gedoen nie, mits dit toegedien word deur die onderwyser (in teenwoordigheid van die hoof) teen wie se gesag oortree is, want die geskonde gesag en die opvoedende straf is in een persoon verenig. As kinders voel dat hulle regverdig gestraf word en dat die straf 'n hoëre doel beoog, sal hulle hulle altyd daarmee kan versoen en baat daarby vind".

### 3.12 Dissipline en gesag

Gesag is 'n oriëntering tot iemand wat aan só 'n persoon die mag verleen om iets in woord, daad en voorbeeld aan 'n ander oor te dra wat dit dan ten uitvoer bring.

Die verleiding is soms groot dat onderwysers die gesag wat aan hulle toevertrou is, sal misbruik maar die moontlikheid bestaan ook dat onderwysers in hulle opvoedingstaak bang is om hulle gesag oor kinders uit te oefen omdat hulle bang is dat een of ander 'kompleks' by kinders kan ontwikkel terwyl sommige onderwysers nie die kinders tug nie omdat hulle sogenaamd te 'lief' vir hulle is (Van Staden, 1965, p. 235).

Onderwysers misbruik nie net hulle gesagsuitoefening deur dit te versuim nie, maar ook deur dit op 'n on-taktvolle manier te oordryf en hierdie handelswyse stoot kinders af en laat hulle standpunt inneem, daarom is dit gevaarlik om gesag toe te vertrou aan iemand wat nie opgewasse daarvoor is om dit op 'n taktvolle en verantwoordelike wyse te handhaaf nie (Van Staden, 1965, p. 236).

Gesag en dissipline of tug gaan hand-in-hand met die oog, met die mond - die gesproke woord, en ten laaste met die daad, dit is liggaamlike tug as niks anders dan wil help nie.

Seuns het 'n behoefte aan die simpatieke gesagsleiding van 'n gesagspersoon en daarom roep hulle om gesag omdat hulle 'n behoefte daaraan het (Joubert, 1969, p. 12-13). In hulle selfstandigwording wil seuns veral iemand wees en gaan oor tot verset (Joubert, 1969, p. 13).

Ware gesag kom van die gesagsdraer wat ook gesagsleier is in die sin dat hyself die eise van die kultuurnorme onvoorwaardelik gehoorsaam en 'n duidelike verskil aandui tussen die behoorlike en die nie-behoorlike maar sonder norme bring gesag geen vertroue nie, maar onsekerheid en vrees (Joubert, 1969, p. 13).

### 3.13 Leerlinge met 'n sosiale agterstand en die vroeë hoërskooljare

Saam met die moeiliker hoërskoolwerk bring die inskalking by 'n nuwe skoolsituasie wat 'n meer geselekteerde groep is as in die primêre skool, mee dat die vroeë hoërskooljare vir hierdie leerlinge 'n soort van krisistyd is (Pistorius, 1971, p. 142). Die leerlinge raak nou meer bewus van klasseverskille en minderbevoorregte leerlinge kom diep onder die indruk van hulle agtergrond (Pistorius, 1971, p. 142).

Hulle ongunstige gesinsituasie belemmer hulle skoolprestasies meer as wat dit tevore was; die invloed van jeugbendes trek hulle aandag van hulle werk af en hulle moet dikwels boonop naskoolse werk doen om vir die gesin te help sorg (Pistorius, 1971, p. 142).

As hulle merk dat hulle agter raak en met die onderwysers bots, begin hulle selfvertroue verloor, frustrasie en emosionele spanning bou op en dit lei dikwels tot vroeë skoolverlating (Pistorius, 1971, p. 142).

## 4 Samevatting

Allereers is 'n sosiologiese ontleding gemaak van die skool om tot die funksies daarvan te kom. Dit het duidelik geword uit die bespreking van die funksies

van die hoërskool in die huidige samelewing dat die hoërskool baie van die opvoedingstake van die gesin moet oorneem. Hierdeur het die hoërskool groter verantwoordelikhede ten opsigte van die opvoeding van hoërskoolleerlinge.

Uit die bespreking van die oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die hoërskool, is dit duidelik dat daar 'n wanbalans is tussen die intellektuele ontwikkeling en persoonlikheidsontwikkeling van leerlinge omdat die bybring van kennis die belangrikste doel van die skoolprogram uitmaak ten koste van die totaliteitsbeskouing oor die persoonlikheidsontwikkeling en vorming van hoërskoolleerlinge.

## HOOFSTUK 4

### SOSIOLOGIESE OORSAKE, SIMPTOME EN GEVOLGE VAN STREMMINGE BY HOËRSKOOLEERLINGE VEROORSAAK DEUR DIE KERK

#### 1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word in breë trekke 'n sosiologiese ontleding van die kerk as samelewingsvorm of as kerk-instituut gegee, waarmee aangetoon word wat die bestemming, doel, roeping en taak of rol van die kerk in 'n samelewing is. Daarna word aangetoon hoedat die oorsake van stremminge deur die kerkgemeenskap deur die verskillende ampte kan bydra tot stremminge wat hoërskoolleerlinge negatief beïnvloed.

#### 2 Definisies en omskrywing van die kerkinstituut

Die kerk as geloofsgemeenskap het 'n baie belangrike funksie om te vervul omdat dit benewens die gesin en die hoërskool, sorg moet dra dat kinders en hoërskoolleerlinge se godsdienstige vorming nie skade ly nie en dat alle kinders en hoërskoolleerlinge opgevoed moet word in die vrese van die naam van die Here.

Die kerk se roeping, taak of rol is om kinders en hoërskoolleerlinge te lei en op te voed sodat hulle diensbaar kan wees aan hulle medemens, die samelewing en bo alles God opreg dien in woord en daad. Met hierdie enkele riglyne kan nou 'n paar definisies en omskry-

wings van die Kerkinstituut gegee word om sy wese aan te toon en daarvandaan op die funksies te konsentreer.

Van Dijk (s.j., p. 107) omskryf kerk as volg, "het op de eis der Goddelijke Woordenbaring gegronde geloofs- en cultusverband van Christengelovigen en de eenheid van belijdenis en eredienst en onder de leiding van de geïnstitueerde ambten tot de dienst des Woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde".

Volgens haar wese is die kerk as sodanig die tydelike en lokale gemeenskap wat deur Christus (Sy Gees) deur Sy Woord vergader en daarom vergader Christusgelowiges rondom Sy Woord terwyl die erediens en die diens van onderlinge liefde die openbaring van die liefde tot God met die hele hart en die onderlinge liefdesband in Christus-Jesus, volgens Sy gebod is (Van Dijk, s.j., p. 107). Die eenheid van belydenis van die kerk is die antwoord op Sy Openbaring van die Goddelike waarheid en genade (Van Dijk, s.j., p. 107).

Wat die kerklike ampsgesag betref, is dit 'n diens in die gemeenskap van die geloof en die liefde in Christus en is onderworpe aan die soewereiniteit van die Here en Sy Woord, en omdat daar in die kerk slegs een Outoriteit, naamlik Christus en Sy Woord is, tree die kerk na binne en na buite ook alléén op met die tug van die Woord, wat 'n tweesnydende skerp swaard is en nie ledig terugkeer nie (Van Dijk, s.j., p. 108).

Verder kan gesê word dat die kerk wat 'n spesifieke tydelike lewensverband en samelewingsverband is, het in die eerste plek te make met die tydelike lewensaspek- te van geloof en liefde terwyl as instituut is die kerk 'n verband van belydenis en kultus, en meer nog, naamlik dit dat die kerk 'onsigbaar' is en haar ont- trek aan die beoordeling en begrensing van die mens, "die aanziet wat voor ogen is en die over het hart van de gelovigen niet kan en mag oordeel nie" (Van Dijk, s.j., p. 108).

Coetzee (Colijn en Kestell, 1935, p. 326) karakteriseer die kerk as die gemeenskap van die gelowiges, van die Christus-belyers wat as instelling opgekom het uit die besondere genade van God en dit moet die Woord van God bewaar, verdedig en aan die jonger geslag leer en mee- deel. Mense van gelyke oortuiging, naamlik kinders en grootmense is saamgebind in die kerk en daarom behoort die kinders dan ook tot die lidmate van die kerk (Colijn en Kestell, 1935, p. 326).

Die kerk behou die reg van medeseggenskap in die wêreld- like onderrig en opvoeding van die jeugdige lidmate en die kerk mag en moet toesig hou oor die lewe, leer en wandel van sy lidmate; dit mag en moet toesig hou dat die kerk se jeug onderrig en opgevoed word in die leer wat na die Godsaligheid lei en in die gees van die doop- belofte wat deur die ouers voor God en die gemeente af- gelê word (Colijn en Kestell, 1935, p. 326).



Spier (1972, p. 96) wys daarop dat die kerklike instituut met sy erediens, kerkgebou, kerklike ampsdraers en spesifieke georganiseerde verbandskarakter nie met die Kerk (met 'n hoofletter) vereenselwig mag word nie. Die Kerk, die Una Sancta wat die liggaam van Christus, die eenheid van alle gelowiges is, leef onder die norm van die Woord van God wat ons in die Heilige Skrif toespreek, maar wat ten diepste Christus Self is, die ewige Woord wat vlees geword het en hierdie norm van die Kerk is egter veel meer as die wet vir die kerklike instituut - dit is die godsdienstige norm vir die totale lewe van die mense wat geroep word om daaronder te buig (Spier, 1972, p. 96).

Die institutêre kerk word gekwalifiseer deur die geloofsaspek as die grensfunksie van die tydelike werklikheid en hierdie geloofsbestemming van die kerk lei en rig alle funksies tot die besondere doel van die gesamentlike geloof in God en tot die gemeenskaplike diens en verheerliking van Hom wat ons Vader in Christus is, maar daar moet ook in gedagte gehou word dat die kerklike instituut nie net 'n geloofsgemeenskap is nie, georganiseer op die historiese mag van Gods Woord wat as Heilige Skrif tegelyk die norm vir ons geloof is nie, want hierdie geloofsverband besit ook subjeksfunksies in alle werklikheidsaspekte, naamlik vanaf die pistiese aspek tot by die getalsaspek (Spier, 1972, p. 98).

### 3 Die funksies en invloed van die kerk en godsdiens in die samelewing

#### 3.1 Funksies en invloed in die algemeen

Visser 'T Hooft en Oldham (s.j., p. 153) wys daarop dat die kerk en godsdiens 'n invloed op die samelewing het omdat daar nog baie mense is wat getrou en opreg is en wat die taak wat aan hulle opgedra is, nog getrou uitvoer. Die funksies van die kerk word nie bepaal deur die behoeftes van 'n spesifieke historiese situasie nie, maar deur 'n goddelike opdrag wat die kerk en godsdiens het om te verrig (Visser 'T Hooft en Oldham, s.j., p. 153).

Godsdiens het daartoe bygedra om konsensus te bevorder oor die aard en inhoud van sosiale verpligtinge deur waardes daar te stel om die houdings van lede van 'n samelewing in die regte rigting te lei en om vir hulle die inhoud van hulle sosiale verpligtinge te definieer en dit is juis in hierdie rol dat godsdiens 'n bydrae gelewer het om sisteme van sosiale waardes daar te stel wat integrerend en samehangend van aard is (Nottingham, 1954, p. 13-14). Daar bestaan ook goeie redes om te glo dat godsdiens 'n belangrike rol gespeel het in die daarstelling van die dwingende mag wat gebruike onderskryf en versterk en dit is juis in hierdie verband dat daar gelet moet word op die feit dat die houdings van eerbied en respek waarmee veral bindende gebruike en sedes beskou word, nou-

verwant is aan die gevoelens van ontsag wat te voorskyn geroep word deur dit wat heilig is (Nottingham, 1954, p. 14).

In die lig van wat hierdie skrywer sê oor die funksies en die inhoud van die kerk en godsdiens, blyk dit duidelik dat Bybelse beginsels behoort toegepas te word op die praktiese sosiale lewe deur middel van waarde-interpretasies en die opstel van norme vir die praktiese sosiale lewe.

Godsdiens as 'n geloofsstelsel en 'n gedragpatroon is 'n 'kollektiewe verteenwoordiging' van groeplewe en die internalisering van hierdie 'kollektiewe verteenwoordiging' en die gedragkode wat dit voorskryf en inskerp, verskaf die basis vir die spesifieke menslike elemente in die mens (Whiteley en Martin, 1969, p. 20).

Die kerk en dus ook godsdiens voorsien in die behoeftes van die samelewing, nie soseer deur die uitoefening van een of ander spesifieke funksie nie, maar deur die kerk se hele bestaan en omdat al die funksies van die kerk in verband met mekaar staan, is dit van die allergrootste belang dat elke funksie doeltreffend verrig moet word ter vervulling van al die ander funksies want indien daar toegelaat word dat een van die funksies verswak, word die doeltreffendheid van die ander funksies ook daardeur nadelig beïnvloed (Visser 'T Hooft en Oldham, s.j., p. 153).

Die sentrale gedagte is nie die verheffing van die siel tot God in godsdienstige gedagtes nie, maar die nuwe lewensoriëntasie wat 'n uitvloeisel is van die erkenning dat God 'n werklikheid is en van die verlossing deur Sy verlossende genade van die egosentrisiteit van die mens wat die wesenlike, fundamentele sonde, euwel en die bederf van moraliteit is (Visser 'T Hooft en Oldham, s.j., p. 153).

### 3.2 'n Uiteensetting van hoe 'n kerkinstituut deur sy ampte funksioneer

Daar sal nou bespreek word hoedat 'n kerk deur sy verskillende ampte funksioneer.

Die kerk is 'n geloofsgemeenskap wat 'n besondere roeping het, naamlik 'n herderlike- en 'n godsdienstige en geloofsroeping.

Die kerk funksioneer soos volg deur sy ampte (Van den Berg, 1977, p. 373-374):

#### 3.2.1 Die Koninklike amp

Dit word vergestalt in die stryd teen die sonde, die handhawing van die kerklike orde en die uitoefening van die kerklike vermaning en tug. Die ouderlinge of opsieners kan die strukturele sub sisteem van die kerk genoem word wat hierdie taak moet uitvoer.

### 3.2.2 Die Profetiese amp

Hierdie amp behels die verkondiging van die Woord, die suiwere bekendmaking van die Evangelie en sluit in die katekisasiering van die jeug, evangelisasiewerk, sakramentbediening en sendingwerk. Die leraar beklee hierdie amp.

### 3.2.3 Die Priesterlike amp

Dit is die barmhartigheidsdiens, uitsonderlik aan die huisgenote van die geloof, maar ook aan alle mense, of hulle lidmate van die kerk is of nie. In hoofsaak word hierdie amp deur die diakonie as strukturele subsisteem behartig.

### 3.2.4 Die amp van die gelowiges

In die kerkinstituut bestaan, afgesien van die besondere ampte, ook die amp van die gelowige en kragtens hierdie amp moet alle lidmate meewerk aan vorming en hervorming van die kerk en die Koninkryk van God.

Dus wat die lidmate betref, kan gepraat word van 'die algemene amp van alle gelowiges', nie as 'n vierde kerklike amp naas die genoemde ampte nie, maar as die amptelike bodem, waaruit die ander ampte voorkom, "als de ambtelijke wortel, waarop ze staden, de ambtelijke digniteit en outoriteit,

die op de kerke Christi rust en gedragen wordt door al hare lidmaten, in de regel onder en in samenwerking met de drie speciale, in tyeiden van afval tege-  
nover deze" (Duvenage, 1962, p. 56).

In Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word daar melding gemaak van die plig van die gelowiges om 'as lede van dieselfde liggaam, onderling diensbaar te wees aan die opbouing van die broeders volgens die gawes wat God hulle verleen het', met ander woorde hieronder word verstaan die roeping en verpligtinge, asmede die vergunning van Godswē, wat op elke gelowige rus om as profeet, priester en koning op alle terreine van die lewe God en die naaste te dien (Duvenage, 1962, p. 57).

### 3.3 Die spesifieke funksies van die kerk

Visser 'T Hooft en Oldham (s.j., p. 155-159, 161) gee die volgende uiteensetting van die spesifieke en aktiewe funksies van die kerk:

- (i) Die kerk moet die Evangelie verkondig, nie net deur die Woord te verkondig nie, maar ook deur aanbidding en dade van barmhartigheid en liefde.
- (ii) Die verkondiging van die Evangelie en die bediening van die Sakramente vorm 'n bron van 'n nuwe lewe wat sigself moet manifesteer in nuwe houdings en gedrag en om sodoende 'n positiewe

verandering in die samelewing teweeg te bring.

- (iii) Die kerk moet geleentehede bied vir gesamentlike aanbidding en om individuele lidmate op te voed "in the spirit and practice of worship".
- (iv) Die kerk moet toesien dat opregte aanbidding nie losgemaak moet word van die praktiese verantwoordelikhede van die lewe nie, "of which it is meant to be the consecration and inspiration".
- (v) In sover as wat die kerk sy ware doel bereik, kan die aanbidding in die kerk beskou word as die sterkste en vrugbaarste vorm van sosiale handeling.
- (vi) Die kerk moet diegene wat dit nodig het, onderskraag en bemoedig en ook die individuele individualisme en eiewysheid dissiplineer en temper.

Uit die bespreking van die funksies van die kerk, word dit duidelik dat benewens die huisgesin en die hoërskool, het die kerk een van die belangrikste funksies om te vervul. Die kerk moet al sy lidmate en voornemende lidmate aktiveer om hulle volle gewig by die kerk in te werp en deur woorde en werke die regte voorbeeld te stel, sodat volwassenes sowel as die jeug hulle lewens wy in diens van die Here en Sy

Koninkryk.

### 3.4 Rol, waardes en norme van die kerkinstituut

Die rol van alle godsdienstige instellings is die versterking van sosiale solidariteit en ook die instandhouding van 'n samehorigheidsgevoel in 'n samelewing (Whiteley en Martin, 1969, p. 20). Wanneer norme voorkom in 'n onskendbare of gewyde verwysingsraamwerk, word hulle gerugsteun deur onskendbare of gewyde sanksies en in bykans alle samelewings het hierdie sanksies 'n afdwingbare mag (Nottingham, 1954, p. 14-15).

Die sosiale rol van godsdiens is hoofsaaklik 'n rol van integrasie omdat godsdiens die saambinding van die lede van 'n samelewing en die sosiale verpligtinge wat help om individue saam te bind, te bevorder, daarom lewer godsdiens 'n belangrike bydrae om sosiale waardes te bewaar (Nottingham, 1954, p. 16).

Die feit dat godsdienstige waardes onskendbaar is, impliseer dat godsdienstige waardes nie só maklik verander word op 'n reaksie van veranderinge wat sekulêre opvattinge van nuttigheid en geskiktheid behels nie (Nottingham, 1954, p. 16-19).

'n Noodsaaklike faset van die integrerende rol van godsdiens is sy funksionele bydrae om die lede van 'n samelewing te sosialiseer en aangesien godsdiens-



tige waardes in bykans alle samelewings hoë prioriteit geniet, verskaf hierdie waardes die fundamentele sanksies vir verhoudinge tussen ouers en kinders, mans en vrouens, kopers en verkopers, ens. omdat hierdie waardes aan die jeug voorgehou word tydens hulle mees oorreedbare en ontvanklike jare (Nottingham, 1954, p. 16-19).

Die mens wat as 'n mislukking beskou word volgens die wêreldse standaard, sal beter daartoe in staat wees om die ontbering van wêreldse sukses te aanvaar, te trotseer en op te los omdat godsdienstige waardes sterk by hom geïnternaliseer is.

### 3.5 Die kerk as instrument om die regte maatskaplike gedrag voor te skryf

Die Christelike kerk het hom nog altyd met sosiale probleme bemoei soos ook in die werke van die groot Hebreeuse profete hulle belangstelling in sosiale probleme en gedrag duidelik na vore kom (Gillin, Dittmer en Colkert, s.j., p. 469).

In hulle leerstellings van sonde en berou beskik die kerke nie net oor 'n magtige instrument om die regte sosiale gedrag af te dwing nie maar ook oor 'n opvoedingskrag wat nie oortref kan word vir die sanksionering van die regte sosiale verhoudinge nie (Gillin, Dittmer en Colkert, s.j., p. 472). Die vrees vir die hel en die hoop om in die hemel te

kom, ontroer nie meer só baie mense soos vroeër die geval was nie, nogtans is hierdie sanksies nog in die hande van die kerk, gevolglik beskik die kerke nog oor die mag om die sosiale emosies van die mens, soos simpatie, reg, broederskap, regverdigheid, waarheid en billikheid te beweeg, met ander woorde die sosiale idealisme van die Christelike kerke is nog steeds 'n onberekenbare krag (Gillin, Dittmer en Colkert, s.j., p. 469).

In elke samelewing het die kerke 'n kardinale rol om te vervul in dié sin dat die kerke 'n baie belangrike diens lewer en die doel van hierdie dienslewering is dat die wêreld 'n deel kan hê aan die geluksaligheid want die Koninkryk van die Here sal in sy finale opening alles insluit.

#### 4 Sosiologiese oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die kerk

Die vraag wat hier beantwoord moet word, is watter bydrae die kerk deur sy amptelike funksies tot stremminge by hoërskoolleerlinge lewer. Die proses van ontkerkliking wek baie kommer. Vroulike en bejaarde lidmate toon nog 'n redelike belangstelling in die kerk, terwyl die belangstelling onder die manlike lidmate en die jeugdiges veel swakker is (Duvenage, 1962, p. 28).

Aangesien baie van die jeug en dus ook hoërskoolleerlinge kerkloos, kerkloos en geloofsankerloos geword het,

het dit tyd geword dat daar besin moet word waarom dit die geval is. 'n Paar oorsake met die simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die kerk sal vervolgens bespreek word.

#### 4.1 Kategese-klasse

Menige predikant, soos onder andere ds. Deon Burgers (Ned. Ger. leraar van Nigel-Suid) beskou die onderrig in die kategese-klasse as een van die grondoorsake van stremminge by sommige hoërskoolleerlinge en as die arbeid en onderrig na behore gedoen word, sal daar meer belydende lidmate wees. Daar is baie katkisanter wat nie vatbaar is vir die kennisinhoud van godsdiens nie of hulle begryp die inhoud nie ten volle nie, naamlik dat die belydenis die ware kennis van God en Sy beloftes en 'n vaste vertrouwe is dat ons sondes vergewe is. Verder beweer genoemde predikant dat baie hoërskoolleerlinge belydenis van die geloof aflê ter wille van die vorm en, omdat die inhoud van die belydenis nie ten volle begryp word nie, word baie van hierdie hoërskoolleerlinge later kerkloos, kerkloos en geloofsankerloos. Voorts word gesê dat vir baie hoërskoolleerlinge het die kategese-klasse gedwonge en passiewe aktiwiteit geword waar hulle voel dat hulle nie geleer word om hulle medemens te dien en om God waarlik te aanbid nie.

Sodra die kategesestadium ontgroei is, raak baie van die jeug, veral in groter sentra, maklik los van gees-

telike invloed en een groot rede hiervoor is dat die godsdienstige- en geloofskennis wat hulle as klein kinders en later in die kategese-klasse opgedoen het, loshang van hulle daaglikse lewens en nooit wesenlik deel van hulle daaglikse lewe en hulle denke en strewes geword het nie (Smuts en Van der Merwe, 1943, p. 9-10).

Dippel (Duvenage, 1962, p. 32) voer aan dat die kerk sy plig teenoor die jeug in verskeie opsigte slegs halfpad vervul het want wanneer hulle die kategese-klasse bywoon, skiet die kerk dikwels te kort in sy profetiese leiding en duidelike antwoorde word nie in priesterlike bewoënhed tot hulle gebring nie.

Op die gebied van godsdiensoonderrig is die kerk, wat die kategese-klasse betref, huiwerig om selfs aan die moontlikheid te dink dat godsdiensoonderrig opvoedkundig behoort aangepak te word, want as opvoeding lewe is, is godsdiensoonderrig en geloofsoonderrig dit nog veel meer (Smuts en van der Merwe, 1943, p. 27).

Bybelkennis en selfs kerklike dogma is soveel makliker om 'in te prop' en dan weer te 'toets' as om die jeug op te voed in die ware kennis van God (Smuts en Van der Merwe, 1943, p. 27). Daar word nie net te veel klem gelê op verstandelike kennis en dogmatiese leerstellings nie en Ou Testamentiese opvattinge wat vir hulle vreemd is nie maar hulle verstand word dikwels oorlaai met abstrakte deugde en veralgemenings uit die Bybel, sonder dat hierdie ewige waarhede weer-

klank vind in hulle gemoed of uitvloei uit hulle eie daaglikse ervaringe en wanneer hulle dan tot die jare van onderskeiding gekom het en vir hulleself begin dink, bly hulle diepere gemoedslewe onbevredig, wat dan ook aangedui word in 'n vermindering van belangstelling in die geestelike werksaamhede van die kerk (Smuts en Van der Merwe, 1943, p. 27).

#### 4.2 Die egtheid van godsdiens word dikwels bevraagteken

In die huidige moderne opset bevraagteken baie hoërskoolleerlinge die egtheid van godsdiens omdat baie grootmense baie min of glad nie belangstel in die kerk en sy aktiwiteite nie en daarom staan baie hoërskoolleerlinge vreemd teenoor die kerk.

Van Leeuwen (1953, p. 62-64) wys daarop dat "deze functie van de 'buitestaander' heeft de jeug ook vandaag, ook ten aanzien van de kerk. Dat maakt het haar enerzijds kritisch, desnoods afbrekend te zijn. De 'buitestaander' ziet de feilen scherp. Als we bedenken, hoe moeilijk het is, tot een werkelijke greep op de jongen te komen, mogen we niet voorbijgaan aan de vraag, of dat ergens met ons eigen geloof te maken heeft. Wanneer we zien, met bevreemding soms, hoe allerlei strategisch, methodisch en theologisch volkomen onaanvaarbare evangelisatie arbeid van sectariërs en fundamentalisten een greep op sommige jongeren heeft, geloof ik, dat hier een van de geheimen schuilt. De jongeren zien de predikanten als gesa-

larieerde spuitgasten".

Daar is 'n groot gebrek aan gemeenskapsbesef tussen predikante en gelowiges wat hulle nie meer tuis voel by hulle predikante nie - net by lewensgevaar ontstaan daar soms 'n oop ruimte na sy koms, maar spoedig word hierdie openheid weer gevolg deur 'n houding dat hy nie meer nodig is nie en die predikant voel ook self dat hy nie tuis is by die gelowige nie (Couwenburg, 1959, p. 34).

Die heilige doop en die belydenis het vir baie jongmense in die eerste plek 'n sosiale betekenis om in die gemeenskap opgeneem te word en om as volwassenes beskou te word (Van Dijk, s.j., p. 109).

Schippers (Duvenage, 1962, p. 23) wys daarop dat sekularisasie wat 'n manier van lewe of 'n lewensbeskouing is en uitgaan alleen van die geskape dinge en wat God nie wesenlik belangrik ag vir die lewe of denke van die mens nie, dit wil sê dat die mens van hierdie wêreld hom toegelsuit het vir en afgesluit het van die kragte van die toekomstige eeu. Dit is 'n proses waarin elke herinnering aan die ewige dinge vervaag en die aardse lewe geheelenal die einddoel geword het (Duvenage, 1962, p. 23). Dit dui daarop dat die egtheid van die godsdiens en geloof in God bevraagteken word.

Nog 'n voorbeeld om te staaf dat ook hoërskoolleerlinge die egtheid van die godsdiens en geloof in God bevraagteken, word Ellul (Duvénage, 1962, p. 27) aangehaal: "die moderne mens, globaal gesien, stel belang in ander sake as die Christendom en die kerk. Sake soos ..... die wetenskap en die luukse staan in die middelpunt van belangstelling. Daarby is die belangstelling ontdaan van enige Christelike stempel".

Die verheerliking van die materiële, die sienlike en die tasbare werk nadelig op die geestelike en godsdienstige lewe omdat die aandag afgelei word van die dinge wat God gemaak het in die natuur daarbuite en van afhanklikheid van Hom, na die dinge wat die mens gemaak het en tot afhanklikheid daarvan (Albertyn, Du Toit en Theron, 1947, p. 37). Met al die luisterrike ontdekkings van die wetenskap waardeur soveel menslike behoeftes bevredig word en soveel gemak en weelde voorsien word, word die gevaar geloop dat die mens God nie nodig het nie (Albertyn, Du Toit en Theron, 1947, p. 37).

#### 4.3 Hoërskoolleerlinge bevraagteken die opregtheid van die kerk se gemeenskapslewe

Godsdienstige- en geloofsankerloosheid het baie bygedra tot die vereensamingsproses van menige hoërskoolleerling wat dikwels stremminge ten gevolge het. Daar is nie net 'n vervreemding teenoor die kerk nie, maar daar is ook baie van die jeug wie se natuurlike

godsdienstige gevoel al hoe meer verswak en in hierdie wêreld van saaklikheid en nuttigheid is God ook dood met die gevolg dat daar 'n groot behoefte is aan onderlinge broederskap, persoonlike aandag, 'n besielde samesyn en saamdoen wat nie altyd in die kerk gevind word nie want ook die kerklike lewe kom meer en meer onder die invloed van die historiese ontwikkeling (Couwenburg, 1959, p. 31-33).

Die kerk word as 'n leidinggewende en Sakramentbedienende gesagsorganisasie, 'n juridiese instelling met 'n godsdienstige doel beskou, met ander woorde die kerk het 'n administratiewe samevoeging van onverskillige enkelinge geword wat nie meer gemoeid is met mekaar se sorg, probleme en vreugde nie, met die gevolg dat die sosiale aspek van die bediening van die Sakramente ook op die agtergrond geskuif is (Couwenburg, 1959, p. 33-34). Baie van die jeug voel nie net dat daar nie meer 'n egte persoonlike verhouding tussen hulle en hulle predikant is nie maar hulle voel ook daar is nie meer opregte liefde vir mekaar nie, gevolglik voel hulle dat predikante nog net in 'n amptelike hoedanigheid teenoor hulle staan (Couwenburg, 1959, p. 33-34).

Berkhof (Duvenage, 1962, p. 30) sê: "Many are of opinion that the church as an institution has had its day - a day that has been all too long for the well-being of society". Hierdie opinie van 'many' het gegroei tot 'n wêreldopinie en dit word vandag



selfs nie net as 'n opinie uitgespreek nie maar as 'n feit geponeer (Duvenage, 1962, p. 30).

Die kerk staan in die beskuldigingsbank want sowel binne as buite die mure van die kerk was en is daar baie mense wat uitsluitlik die kerk verantwoordelik stel vir die afname van die kerk se geestelike leiding in die volkslewe en die maatskappy en indien hierdie soort kritiek en veroordeling alleen van buite af op die kerk gerig gewees het, sou dit verklaar kon word uit antipatie in ongeloof, verkwaliking in sonde, of uit onvergenoegdheid uit teleurstelling gebore, maar die kritiek kom veelal egter van die kant van die kerk se lidmate en voorgenome lidmate van wie vermoed kan word dat hulle gelowig erns maak met wat hulle oor die kerk publiseer en sê (Duvenage, 1962, p. 31).

Touw (Duvenage, 1962, p. 31) bring die beskuldiging teen die kerk in dat die kerk verantwoordelik is vir die kerkvervreemding en as rede stel hy die burgerlikheid van die kerk wat geen raad weet met die verburgerlikte mens, met die buitekerklike massa nie.

Wat die amp van die predikant en ouderlinge betref, soos reeds uiteengesit is, meld Couwenburg (1959, p. 34-35) dat selfs tydens huisbesoek verloop alles volgens 'n program en is daar feitlik nooit 'n gesprek van Christenmens tot -mens nie. Daar is menige jongmens wat die kerk beskou as 'n maatskaplike organisa-

sie en verband om hulle in die hemel te bring, waardeur die verhouding van predikant-gelowige geëvalueer word tot 'n suiwer juridiese verhouding (Duvenage, 1962, p. 35). Dit alles bring mee geloofsafvalligheid en buitekerklikheid en daarmee 'n vereensamingsproses en dit is die rede waarom baie jongmense die kerk die rug toekeer omdat die kerk hulle selde in hulle verlossingsnood aanspreek en hulle ervaar niks van die Christelike solidariteit waaraan die eensame jongmense 'n groot behoefte het, gevolglik is daar 'n gemis aan geborgenheid en intimiteit (Couwenburg, 1959, p. 34-35).

Jordaan (1969, p. 207-208) wys daarop dat daar tans te veel institusionele verstarring in die kerk is, 'n introverte, eensydige selfversorging, waardeur alle klem op die instituut gelê word en die lidmate onaktief en onmondig bly met die gevolg dat die heilsboodskap binne die mure van die kerk bly en die kerk as organisme, lê nie meer die verband tussen kerk en wêreld nie.

#### 4.4 Hoërskoolleerlinge se verhouding tot die predikant

Die adolessensiejare is belangrik omdat daar dan 'n verlange na maatskap is, 'n intense verlange na iemand wat verstaan en nie vër staan nie en dus is daar bykans geen gunstiger tydperk vir 'n persoonlike gesprek tussen jeug en predikant as juis dan nie want die adolessensiejare waarin die voorbereiding tot aflegging van openbare geloofsbelydenis plaasvind, is

voorts die belangrikste tydperk vir godsdienstige bekering (Pieterse en Cronje, 1968, p. 42).

Dit is dus van die allergrootste belang dat die predikant, die ouderlinge en die diakens die funksies wat hulle in hulle ampte moet vervul, met nougesetheid, erns en toegewydheid moet verrig om hoërskoolleerlinge leiding en hulp te gee sodat hulle aktiewe belydende lidmate van die kerk sal word en hulle volle gewig sal inwerp by die aktiwiteite van die kerk en in hulle lewenswandel openbaar dat hulle Christus bely en ware, opregte kinders van die Here is.

Benson (Pieterse en Cronje, 1968, p. 42) beskou bekering as die belangrikste kenmerk van die jeug tydens die adolessensiejare want adolessensie is die oestyd van dit wat voorafgegaan het en dit is die tydperk wanneer godsdienstige en morele beslissings gemaak word maar die tragedie van die kerk is dat dit toegelaat het dat die jeug weggedryf het van die kerk op 'n tydstip wanneer God die mees direk en oorredend tot die lewe spreek.

Hulme (1964, p. 43) wys op een van die belangrikste uitdagings van die kerk, naamlik, "One of the most important challenges is to get the pastor's young people to come to him with their personal problems. For youth to seek help is embarrassing. In their selfconsciousness they fear humiliation most of all. In their heightened need to avoid failure, they will

not risk any attempt that exposes their weaknesses unless they have good reason to believe it is safe. The assurance they need is that the pastor is available for such counseling and that he is approachable as a person".

Baie van die jongmense dink hulle weet hoe 'n predikant hulle sal raad gee, want hulle het hom al dikwels van die kansel af gehoor (Hulme, 1964, p. 43). Ongelukkig beskou baie jongmense 'n predikant net as 'n outoritatiewe figuur en hulle voel dat as hulle 'n gesagsfiguur om hulp vra, hulle verplig is om die raad wat gegee is, te volg, maar dit mag nie altyd die gewenste raad wees wat hulle wil aanvaar nie en dan dink hulle dat die enigste manier om hulle vryheid te behou, is om sulke verpligtende en gesagsafdwingende situasies te vermy, gevolglik sal baie van die jeug desperate pogings aanwend in beproewende situasies met volwassenes (Hulme, 1964, p. 43). Dit neem 'n lang tyd om deur persoonlike gesprek en gesonde verhoudinge 'hierdie' vrees in die gemoedere van die jeug te besweer (Hulme, 1964, p. 43).

Daar moet gewaak word dat die jeug nie vervreemd en teleurgesteld weggestuur word nie, en ofskoon hulle moontlik nie bewus sal wees van wat skeef geloop het nie, weet hulle ten minste dat hulle nie gevind het wat hulle kom seek het nie (Hulme, 1964, p. 43). Dit is dus duidelik dat daar veel skort op hierdie gebied tussen baie hoërskoolleerlinge en hulle pre-

dikant wat stremminge by hoërskoolleerlinge kan veroorsaak.

Smuts en Van der Merwe (1943, p. 10) sê dat as die kerk net 'n koue misterieuse plek is en die predikant 'n imponerende, verhewe figuur is, sal die boeiende, borrelende lewe van baie jongmense se jeugjare al hulle aandag geniet en hulle godsdiens sal in baie gevalle nie veel verder kom nie as die lees van 'n paar versies op 'n geysde wyse nie. Hierdie stelling is weer 'n duidelike bewys dat indien die verhouding tussen predikant en hoërskoolleerlinge nie reg is nie, sal baie hoërskoolleerlinge koud staan teenoor die kerk, sy ampte en aktiwiteite wat tot geloofsankerloosheid mag lei en stremminge tot gevolg mag hê.

Wat huisbesoek van baie predikante betref, word dit dikwels in die praktyk aangetref dat tydens huisbesoek baie predikante hulle bepaal tot belydende lidmate, 'n praktyk wat beslis afgekeur moet word, want ook kinders wat nog belydende lidmate moet word, "moeten voorwerp zijn van de herderlijke zorg. Zij behoreen tot de gemeente, al zijn zij nog geen volledige lidmaten met de volle rechten aan het lidmaatschap der kerk verbonden" (Biesterveld, 1908, p. 236).

Hierdie optrede van baie predikante, naamlik om tydens huisbesoek hulle net te bepaal tot belydende lidmate, mag daartoe bydra dat baie voorgenome belydende lidmate voel dat die predikant nie in hulle belangstel

nie wat die verhouding tussen hulle en hulle predikant kan vertroebel (Biesterveld, 1908, p. 236).

#### 4.5 Die integriteit en opregtheid van predikante

Uit die verslag van 'n jeugondersoek blyk dit dat die jeug in die ouer leeftydsgroepe 'n neiging toon om minder peil te trek op die integriteit en opregtheid van predikante as die jongeres (Pieterse en Cronje, 1968, p. 51). Ten opsigte van die jeug se opvatting insake 'n begrypende houding van predikante is aan hulle die vraag gestel of hulle glo dat predikante die jeug vandag beter begryp en hulle bes doen om in die behoeftes van die jeug te voorsien, is bevind dat die laer ouderdomsgroepe in groter mate die mening toegedaan is dat predikante hulle begryp as die hoër ouderdomsgroepe, dus lyk dit of daar 'n afname met stygende ouderdom is in die opvatting by die jeug dat predikante hulle begryp en hulle bes doen om in die behoeftes van die jeug te voorsien (Pieterse en Cronje, 1968, p. 51).

Baie jongmense en hoërskoolleerlinge trek die integriteit en opregtheid van sommige predikante in twyfel omdat hulle voel dat die predikante nie in hulle belangstel nie, gevolglik sal diegene wat só 'n ervaring met hulle predikante gehad het, nie weer na hulle gaan om hulle probleme te bespreek nie. Só 'n houding van predikante stel jongmense en hoërskoolleerlinge diep teleur en ontnem hulle van 'n ontwikkelingsmoontlikheid.

#### 4.6 Die bediening en die verkondiging van die Woord

Baie van die jeug begin besef dat die beeld wat hulle vroeër van God gehad het, "als zodanig voor hun ho- gere verstandelike ontwikkeling geen stand kan hou- den, en daarmede ontstaat een leemte, die het duide- lijkste verstelbaar is bij het niet-gelovige kinde- ren"(Calon, s.j., p. 149). By nie-gelowige jong- mense bly die leemte ongevuld en daar mag selfs 'n ge- dachte by hulle opkom van 'n Skepper van alles wat ge- skape is, maar dis nie 'n helder beeld nie met die ge- volg dat hulle 'n gevoel van onsekerheid ervaar en dat skerp omlynde en goed gefundeerde idees nog by hulle ontbreek (Calon, s.j., p. 149).

Daar is nie net 'n behoefte by baie jongmense dat daar meer hartlikheid by die eredienste moet wees nie en hulle kla dat die eredienste te koud, stroef en on- aantreklik is maar daar is ook 'n algemene klag dat baie gemeentes swak sing en lidmate toon nie dat hulle met hart en siel sing nie (Albertyn, Du Toit en Theron, 1947, p. 99). Baie jongmense is die me- ning toegedaan dat dit veelal ontbreek aan inspire- rende leiding van die kansel en hulle voel dat die kerksang behoort 'n sielverheffende deel van eredienste te wees want dit is een van die weinige maniere waar- op die hele gemeente aan die eredienste deelneem (Albertyn, Du Toit en Theron, 1947, p. 100).

Wat die verkondiging van die Woord betref, wys Biesterveld (1908, p. 186) daarop dat "de prediking zal er niet minder op worden, als bij ernstige studie ook de adem van het frissche volle leven over haar gaat. Zij zal er inniger, geestelijker, praktischer door zijn. Het is onmogelijk eene afgetrokken buiten het leven staande verhandeling te geven, als de vele behoeften van het leven onze ziel tot in hare diepten beroerd".

Baie jongmense voel dat menige predikant wat met minder ryk gawes bedeed is, "is juist nu ook doordien dit element zijn prediking bezielde" en hulle sal hulle meer gebonde voel aan 'n predikant van wie hulle die volgende weet en sien: hy dra die belange van sy kudde op die hart; en hulle sal luister na sy woord ook in die publieke bediening, "dat woord ontvangen als des Heeren Woord en er naar handelen, als zij weet, het is den dienaar waarlijk te doen om 's Heeren eere en welzijn van zijn volk" (Biesterveld, 1908, p. 186).

Daar is 'n algemene klag by volwassenes en hoërskoolleerlinge dat die eredienste te lank duur. Wanneer dit die geval is, sal die kerkbesoek nie veel meer wees nie as net 'n weeklikse plegtigheid waaraan deelgeneem word, want as 'n erediens te lank uitgerek word, dwaal die gedagtes dikwels waarheen hulle wil (Smuts en Van der Merwe, 1943, p. 10).



'n Strydvraag by baie hoërskoolleerlinge is dat van hulle verwag word om godsdiens op gesag te aanvaar. Jongmense kom in aanraking met 'n groot verskeidenheid godsdienstige opvattinge en dink na of daar nie 'n greintjie waarheid is in wat ander gelowe verkondig nie en dan "menen ze in hun eigen godsdienst tegen- spraken te ontdekken of althans dingen, die ze niet met elkaar kunnen rijmen" en omdat 'n gebrekkige gods- diensvorming 'n vrugbare bodem vir twyfel is, moet jongmense wat enige twyfel het aangaande godsdiens nie veroordeel word nie en "als zodanig met geweld laten verdringen", want met só 'n houding word net die teenoorgestelde bereik, naamlik dat die vertwy- felinge mag miskien vir 'n tydlank uit die bewussyn verdring word maar dit bly ondergronds deurwerk (Calon, s.j., 149-152).

'n Belangrike bron van stremminge met betrekking tot die ge-openbaarde waarheid is dus geleë in die feit dat dit op gesag aanvaar moet word want jongmense wil graag hulle eie insig verwerf en eie menings vorm en daarom verset hulle hul teen outoriteit, tog kom hulle in die meeste gevalle nie in opstand teen kerk- like gesag nie en ook nie die gesag van Christus nie, maar die gesag waarteen hulle in verset kom, is die wyse waarop gesag dikwels uitgeoefen word en die wyse waarop hulle sêlf die begrip gesag interpreteer (Calon, s.j., p. 149-152). Teen die geloof op god- delike gesag, in vrye wilsbeskikking het hulle geen beswaar nie, "doch zij zijn afkerig van een gezag

dat, zoals zij het dikwijls opvatten, een zelfstandig en redelijk onderzoek naar de geloofwaardigheid der geopenbaarde gegevens uitsluit" (Calon, s.j., p. 153-154).

Calon (s.j., p. 153) wys daarop dat die wyse waarop die regverdigheid van God verkondig word, wek by baie jongmense, wat in hierdie tydsbestek lewe, met 'n toekoms voor oë, wat hulle menslikerwyse weinig meer kan bied, 'n diep gevoel van vrees en ontmoediging, waardeur hulle hulself geleidelik en byna ongemerk van "de godsdienst gaan afkerer".

Kinders in hulle puberteits- en adolessensiejare ondergaan 'n periode van verinnerliking wat aanleiding kan gee tot 'n afkeer in bepaalde godsdienstige praktyke en 'n anti-kerklike gesindheid ten gevolge kan hê wat dikwels verkeerdelik met ongodsdienstigheid vereenselwig word maar wat egter die geval is, is dat bepaalde pligte en voorskrifte hulle hinder en hulle wil vryheid, spontaneïteit en geen leë formalisme, soos hulle dit noem, hê (Calon, s.j., p. 154).

#### 4.7 Ouers wat nie aan dieselfde kerk behoort nie

Daar is legio gevalle waar ouers nie aan dieselfde kerk behoort nie en dit plaas hoërskoolleerlinge in 'n baie moeilike situasie want dikwels word hulle gedwing om 'n keuse te maak tussen die godsdiens van die vader of die moeder s'n.

Simpson en Yinger (1965, p. 379) sê in hierdie verband dat "this results not only in 'taking sides' within the family but in inner conflict for the children" want jongmense wie se ouers nie aan dieselfde kerk behoort nie, ondervind dikwels probleme om vriende te maak. Hulle kan dikwels nie besluit aan watter kerk hulle moet behoort nie en swerf dikwels van die een kerk na die ander kerk wat dikwels tot kerkloosheid en geloofsankerloosheid lei (Simpson en Yinger, 1965, p. 379).

Ouers wat nie aan dieselfde kerk behoort nie, kan dus 'n groot probleem vir hulle kinders skep wat baie moeilik is om op te los want dit mag gebeur dat as gevolg van die ouers se uiteenlopende godsdienstige oortuigings, die kinders meer bewus van hulle ouers se tekortkominge en gebreke kan wees en hulle nie net onttrek van hulle ouers nie maar hulle mag ook in opstand teen hulle ouers kom en die gevolg hiervan kan wees dat sulke hoërskoolleerlinge ernstige stremminge kan ervaar, juis op 'n tydstip wanneer hulle die leiding, hulp en raad van hulle ouers nodig het (Duvenage, 1962, p. 29-31).

## 5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die verskillende funksies van die kerk en godsdiens en geloof en die oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die kerk, behandel.

Geloof en ook die kerk vorm 'n baie belangrike komponent van 'n samelewing want daarsonder word die individu ankerloos en Godloos. Dit het duidelik geblyk uit die bespreking van die funksies van die kerk en geloof en godsdiens dat hoërskoolleerlinge opgevoed moet word om God opreg te aanbid en te dien, om dade van liefde en barmhartigheid te bewys op alle terreine van die lewe. Aangesien godsdienstige waardes hoë prioriteit in 'n samelewing geniet, kan die kerk 'n belangrike bydrae lewer om intermenslike verhoudinge te verbeter.

Uit die bespreking van die oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die kerk, blyk dit dat daar 'n dringende behoefte ook by hoërskoolleerlinge is aan opregte en besielende leiding en hulp van die kant van die kerk in hulle soeke na die waarheid, sielevrede en gemoedsrus. Hierdie hulp en leiding moet gegee word deur die kerk se ampsbedieners.

Hulp en leiding kan aan hoërskoolleerlinge gegee word, onder andere deur Skrifondersoek, deur die lees en verklaring van die lewende Woord en die toepassing van dit wat hulle geleer het in elke situasie van die lewe - in hulle gedrag, handeling en verhoudinge.

Die belangrikheid van gereelde huisbesoek, kategeese, die prediking tydens eredienste en die navolgingswaardige voorbeeld van Godvresende volwasse belydende lidmate kan nie genoeg beklemtoon word nie.

## HOOFSTUK 5

### SOSIOLOGIESE OORSAKE, SIMPTOME EN GEVOLGE VAN STREMMINGE BY HOËRSKOOLEERLINGE VEROORSAAK DEUR DIE MAATSKAPLIKE OMGEWING EN MAATS

#### 1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar op die belangrikheid en invloede van die maatskaplike omgewing en die portuurgroep van hoërskoolleerlinge gewys. Daar word ook aandag gegee aan die oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die maatskaplike omgewing en maats. Dit dien om die behoeftes van hoërskoolleerlinge beter te begryp en die noodsaaklikheid te beklemtoon dat die maatskaplike omgewing waarin hoërskoolleerlinge groot word en opgevoed word, 'n 'gesonde klimaat' moet skep vir 'n gebalanseerde persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling. Verder ook dat daar 'n behoefte in baie maatskaplike omgewings is om, onder andere behuisingstoestande te verbeter en om beter geleentede vir vryetydsbesteding daar te stel.

#### 2 'n Omskrywing van die maatskaplike omgewing

Geen mens kan losgemaak word van sy maatskaplike omgewing nie en daarom het die maatskaplike omgewing 'n belangrike en diepgaande invloed op menslike gedrag, handeling, verhoudinge en gebeurtenisse. Hoërskoolleerlinge is grotendeels produkte van hulle maatskaplike

omgewing wat uit baie groepe, instellings en sub sisteme bestaan. Hierdie sake speel 'n belangrike rol in die aanpassing en sosialisering van hoërskoolleerlinge.

Afgesien van die mens se geografiese omgewing wat alle kosmiese toestande en verskynsels insluit, bevind mense hulle ook in 'n maatskaplike omgewing met sy organisasies, norme, taal, ens. en dus is mense se maatskaplike bestaan intiem aan hierdie maatskaplike omgewing verbind (Roode, 1968, p. 38). 'n Unieke kenmerk van mense is dat hulle alleen as aktiewe elemente in staat is tot die skepping en oordrag van 'n maatskaplike omgewing (Roode, 1968, p. 38). Mense vorm en onderhou dus 'n samelewing (Van Dijk, s.j., p. 20).

Nel (1961, p. 78,80,82) praat van die 'wyer' omgewing, dit wil sê die sosiale omgewing buite die gesinslewe en wys daarop dat die ontwikkeling, vorming en opvoeding van kinders beteken ook 'n ingroeïing in 'n bepaalde milieu want noukeurige waarneming van die gedrag van pubesente en adolessente bevestig dat milieuvorming kan, en inderdaad plaasvind.

Die totale inhoud van die maatskaplike omgewing van 'n gemeenskap staan as die kultuur van die gemeenskap bekend, (Roode, 1968, p. 38) terwyl Gillin en Gillin (1948, p. 139) daarop wys dat "the ways of acting in all the relationships of a common life are called culture". Cuber (Roode, 1968, p. 39) beskou kultuur as die voortdurende veranderende patrone van aange-

leerde gedrag en die produkte van aangeleerde gedrag.

Die belangrikste kenmerke van kultuur is die volgende (Roode, 1968, p. 39):

- (i) Dit is die produk van die wisselwerking tussen mense in die proses van aanpassing by hulle omgewing;
- (ii) dit is gedrag wat aangeleer is, met ander woorde dit is gedrag wat nie oorgeërf of aangebore is nie, en
- (iii) hierdie gedrag is in patrone georganiseer, en
- (iv) word oorgedra van geslag tot geslag;
- (v) dit sluit alle materiële en nie-materiële skeppings en verwerkings van mense in;
- (vi) dit is verder dinamies van aard en verkeer dus voortdurend in 'n proses van verandering;
- (vii) en dit vorm die sosiale erfenis van 'n gemeenskap.

Verder bepaal kultuur in 'n groot mate die volwassenheidsbeeld (Nel, 1961, p. 88). Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die kultuur van samelewings en volke dikwels groot verskille toon en dus is en mag daar merkbare verskille wees in die gedrags-, handelings-, verhoudings- en gebeurtenispatrone van verskillende samelewings en volke.

3 Die funksies en invloede van die maatskaplike omgewing op hoërskoolleerlinge

Daar sal vervolgens in meer besonderhede gelet word op die invloede van die maatskaplike omgewing en die portuurgroep en wat die aard van stremminge by hoërskoolleerlinge is.

Omgewingsinvloede het 'n duidelike merkbare invloed op menslike gedrag want omgewingsinvloede kweek sekere gedragspatrone en lewenswyses by individue reeds op jeugdige ouderdom (Olivier, 1966, p. 94). Hiervolgens aanvaar kinders sekere gedragsvorme as reg of verkeerd en rig hulle eie lewens hiervolgens in (Olivier, 1966, p. 94). Anti-sosiale gedrag word op dieselfde wyse aangeleer as maatskaplik aanvaarde gedragspatrone en daarom moet die invloede van die onmiddellike maatskaplike omgewing met al sy geriewe en gebrek aan geriewe, gewontes en sedegebruike nie misken word nie (Olivier, 1966, p. 94).

Mays (1954, p. 27) wys daarop dat om die gedragspatrone van jeugdiges te verstaan, moet dit ontleed word as 'n deel van die algemene patroon van gedrag van alle jeugdiges "and to relate it to such factors as housing conditions, social amenities, educational opportunities, cultural background and the tradition of group association".



In enige buurt, maar veral in die swakkere woonbuurtes is daar faktore wat 'n direkte invloed uitoefen op kinders soos gebrekkige funksionering van sosiale instellings, sosiale besmetting wat veroorsaak word deur die optrede van volwassenes en behuisingstoestande en 'n gebrek aan die nodige geriewe of skepping van die regte klimaat vir die beoefening van konstruktiewe ontspanning en vryetydsbesteding wat aanleiding gee tot ledigheid en doellose rondsientery in die hand werk (Olivier, 1966, p. 94).

Omgewingsinvloede kan negatief of positief inwerk op persoonlikheidsontwikkeling deur die potensialiteite en neigings wat as gevolg van oorerwing aanwesig is, te verweselik of te onderdruk en dit kan selfs maklik gebeur dat omgewingsinvloede op kinders só 'n invloed uitoefen dat hulle feitlik geen beheer daarvoor het nie en meegesleur word (Eksteen, 1967, p. 176).

Van Dijk (s.j., p. 30) wys daarop dat mense in hulle werklike bestaan, in die totaliteit van hulle lewens in 'n belangrike mate gevorm en beheers word deur die totaliteit van die samelewing (en die kultuur) wat hulle s'n is, waaraan hulle 'n deel het en te midde waarvan hulle hulle lewens deurbring.

### 3.1 Die sosialiseringsproses

Die biologiese en psigiese kenmerke van mense wat op 'n sosiale lewe dui, is by geboorte slegs in die kiem

aanwesig - mense is dus potensieel sosiale wesens en is basies afhanklik van die samelewing vir die verwerkliking van hierdie potensialiteite en die proses waardeur dit geskied, word die sosialiseringsproses genoem (Roode, 1968, p. 71-72).

Die sosialiseringsproses kan beskou word as die proses waardeur elke gemeenskap probeer om die nuwe en jong lewens te vorm en voor te berei vir 'n suksesvolle inpassing in die groeplewe deur middel van 'n positiewe ontwikkeling van aangebore eienskappe en die toevoeging van 'n reeks inhoude wat deur individue aangeleer en opgeneem word (Roode, 1968, p. 72).

Deur middel van die sosialiseringsproses word individue geleer om op 'n gesonde wyse aan te pas by die samelewing. Morgan (1931, p. 6,7,33) sê die volgende aangaande aanpassing:

- (i) The real test of normal persons is whether or not they can make social adjustments;
- (ii) die waarde van aanpassing moet gemeet word aan die bevrediging wat individue verkry deur die aanpassings wat hulle maak;
- (iii) individue sonder hulleself af wanneer hulle nie daarin slaag om persoonlike aanpassings te maak nie;
- (iv) die hoofdoel van opvoeding is om individue toe te rus om suksesvol te wees in hulle persoonlike verhoudinge met hulle medemens en ten slotte

- (v) is die beste aanpassing om te ontwikkel van selfsentrerende individue tot sosiale wesens deur 'n gesonde balans te verkry tussen egoïsme en altruïsme.

Die behoefte van mense om in kontak en gemeenskap met ander mense te lewe, bring mee dat dit juis hulle aanpassing by die samelewing is wat van kardinale belang is (Eksteen, 1967, p. 179).

Gebalanseerde, normale individue sal dus in hulle gedrags-, handelings-, verhoudings- en gebeurtenispatrone toon dat hulle 'n gesonde aanpassing in die samelewing gemaak het.

### 3.2 'n Omskrywing van portuurgroepe en hulle invloed

Portuurgroepe, wat groepe is waarin die ouderdom en ervaring van die lede min of meer dieselfde is, begin op 'n vroeë stadium as sosialiserende instansie 'n invloed uitoefen naas die gesin en daar is selfs sommige sosiaal-wetenskaplikes wat die mening toegedaan is dat portuurgroepe in die moderne samelewing die belangrikste sosialiserende instansie begin word want hulle beweer dat die aanwysings van gedrag in die moderne tyd geneem word van die goedkeuring van die portuurgroep (Roode, 1968, p. 75).

Die feit dat gesinsverhoudinge in die moderne tyd dikwels op 'n baie losser grondslag gevoer word as wat

vroeër die geval was, laat sonder twyfel die belangrikheid van die portuurgroep as sosialiserende instansie toeneem (Roode, 1968, p. 75).

In die portuurgroep doen hoërskoolleerlinge ervarings op wat hulle nooit in die gesin opdoen nie en hulle leer onder andere by maats hoe hulle sosiaal moet omgaan met die teenoorgestelde geslag. Ook leer hulle om 'n sekere status te verwerf en te beklee in die portuurgroep, nie deur die status van hulle ouers nie maar op eie verantwoording.

#### 4 Sosiologiese oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die maatskaplike omgewing en maats

##### 4.1 Die ekonomiese peil van die gesin

Armoede, swak behuising en werkloosheid beïnvloed alle fases van die gesinslewe en ook gedrag en daarom is ekonomiese faktore belangrike elemente wat 'n gesin se gedrag en sosiale verhoudinge beïnvloed (Nelson, 1976, p. 53).

Die agting wat 'n gesin in die samelewing geniet en die status van die gesin hang baie af van die ekonomiese peil van die gesin, die inkomste van die broodwinner en die beroep van die broodwinner.

In die geval van gesinne met 'n lae inkomste het die

gesinshoof dikwels nie 'n hoë opvoedingspeil bereik nie en is gevolglik dikwels werkloos of hy verdien 'n swak salaris met die gevolg "that these families have fewer resources with which to attract and control their children or to prepare them for successful school performance and upward mobility" (Nelson, 1976, p. 54).

Spanning bou dikwels op in sulke gesinne weens 'n gebrek aan die nodige lewensmiddele. Sulke hoërskoolleerlinge kan nie aan baie sosiale aktiwiteite en sportsoorte deelneem nie weens 'n gebrek aan geld. Dit mag stremminge ten gevolge hê en 'n belangrike rol speel dat hulle hulleself onttrek aan hulle maatskaplike omgewing en maats wat persoonlikheidsontwikkeling ernstig kan rem.

#### 4.2 Vryetydsbesteding

Onder vrye tyd word verstaan die tyd waarin daar geen verpligte arbeid verrig word nie en waar individue dus die geleentheid kry om vry van elke vorm van uiterlike verpligting te beweeg in rigtings waartoe hulle aangetrokke voel, terwyl slegs beperkings in die sin van wet en publieke opinie ondervind word (Garbers, 1958, p. 52).

Die dilemma van ons tyd is juis geleë in die wyse waarop mense hulle beskikbare vrye tyd verwyd (Breedt, 1972, p. 83). In hierdie verband kan verwys word

na die jeugondersoek wat in die sestigerjare deur die Nasionale Jeugraad van die F.A.K. onderneem is, naamlik dat ten opsigte van vryetydsbesteding is onder andere bevind dat die jeug hulle veral met passiewe en nie-skeppende aktiwiteite, wat gemik is op ontspanning en afleiding, besig hou (Breedt, 1972, p. 85).

Jeugdige se voorkeur ten opsigte van vryetydsbedrywighede op 'n vry aand het onder andere die volgende aan die lig gebring:

- (i) 18,3% verkies om te lees wanneer hulle 'n vrye aand het;
- (ii) 12,3% verkies om na 'n bioskoop te gaan;
- (iii) 2,0% beoefen stokperdjies en
- (iv) 6,0% verkies om niks te doen nie wanneer hulle 'n vrye aand het (Pieterse en Cronje, 1968, p.9).

Baie van die jeug slenter doelloos rond en verval in verveling en hulle vrye tyd word op 'n willose, ongebonde en ongekontroleerde wyse bestee (Garbers, 1958, p. 52). Hierdie soort vryetydsbesteding gee dikwels aanleiding tot kwaaddoenery, beskadiging van eiendom en selfs misdaad en ander vorms van afwykende gedrag.

Afgesien daarvan dat die aard van hulle vryetydsbesteding nie altyd bevorderlik is vir persoonlikheidsontwikkeling nie, bestaan die gevaar dat sommige vryetydsaktiwiteite juis negatiewe beïnvloeding kan meebring (Breedt, 1972, p. 85). Die passiewe, nie-

skeppende en negatiewe vorme van ontspanning en vermaak moet waarskynlik ook gesien word teen die agtergrond van die kommersialisering van die vrye tyd en moontlik die permissiwiteit van die tydsges waar in ons leef (Breedt, 1972, p. 85).

Kinders wat hulle vrye tyd op 'n passiewe wyse bestee, ken geen eie vormgewing nie, maar word alleen voortgedryf en is afhanklik van wat aangebied word (Garbers, 1958, p. 53). 'n Vorm van passiewe vryetydsbesteding is rondslentery op straat, want dit verg die minste inisiatief en daar word altyd gesoek na iets waarmee die verveling verdryf kan word (Garbers, 1958, p. 53).

Van groot belang is die invloed van die moderne massakommunikasie-middele op die bedrywighede van die jeug in hulle vrye tyd en daar is spesifieke belangstellings wat met vervlakkingsverskynsels gepaard gaan, soos byvoorbeeld gereelde bioskoopbesoek en die konsumeringshouding wat daarmee gepaard gaan (Nel, 1961, p. 44).

Deur die enorme tegniese en organisatoriese ontwikkeling, soos byvoorbeeld die moderne kommunikasie-middele, het die mense slagoffers geword van 'n oorvloed van onsamehangende invloede en prikkels, oppervlakkige indrukke, vlugtige kontakte en maatskaplike eise en verpligtinge en hierdie uiterlike oorvloed lê sodanig beslag op baie mense, dat hulle nie meer die tyd vind "om zich rustig open te stellen voor

de wêreld van de ander en voor het grootse natuurgebeuren dat zich om hun heen voltrekt" (Couwenburg, 1959, p. 38).

Schelsky (Nel, 1961, p. 44) het bevind dat by baie van die vryetydsaktiwiteite gaan dit nie om die aktiwiteite nie, maar om die geselskap, dit wil sê om die massakontak en dit blyk dan ook dat die 'ontmoetinge' tog nie intieme vriendskappe ten gevolge het nie, maar dis hoofsaaklik losse kontakvorme.

#### 4.3 Die maatskaplike omgewing en massifikasie

Die gekompliseerdwording van die samelewing het 'n proses meegebring, wat vandag as vermassung of massifikasie bekend staan wat die massamens voortgebring het (Nel, 1961, p. 13).

Gedurende die afgelope vier tot vyf dekades het sosiaal-kulturele kragte en die ontwikkelinge op wetenskaplike en tegniese gebied omwentelinge meegebring waarvan die gevolge nog nie ten volle besef word nie (Breedt, 1972, p. 83). In hierdie verband kan, byvoorbeeld net gedink word aan die snelle uitbreiding en uitwerking van die verskillende massakommunikasiemedia, soos die gedrukte woord, die radio, die rolprent en televisie, waardeur oordraging na so te sê die hele wêreld plaasvind en die uitwerking daarvan deur die 'massa' ondervind word (Breedt, 1972, p. 83).



Hoërskoolleerlinge belewe ook stremminge as gevolg van massifikasie soos Van Dijk (s.j., p. 139) dit stel: "in de massa laat de mens zich eenvoudig meedeinen en meeslepen op de golven van het door emotionele impulsen bewogen geheel". Die massamens ken geen gerigtheid in die lewe nie en omdat hulle losgemaak is van alle bindinge, of omdat hulle in die veelheid van bindinge en die veelheid van teenstrydige norme, idees en ideale hulleself as't ware verloor het, met die gevolg dat hulle gestroop is van hulle individualiteit, inisiatief, oorspronklikheid en bewussyn (Van Dijk, s.j., p. 139).

Die massa jeugverskynsel het om twee redes 'n probleem geword, naamlik eerstens omdat dit 'n remmende invloed het op die mens as persoon en gevolglik die persoonlikheidsontwikkeling benadeel, met ander woorde die geestelike word in die mens weerhou om tot volle ontplooiing te kom en tweedens, omdat dit hierdeur 'n ondermynende invloed op die kulturele vorming van die mens het en dus die kultuur van 'n volk op 'n lae peil hou (Nel, 1961, p. 19).

Die massamens moet voortdurend besig wees of besig gehou word (Breedt, 1972, p. 83). Breedt (1972, p. 83) beskryf die massamens as volg: hulle moet lewe in lawaai en aktiwiteit; hulle ontvlug in die gewone alledaagsheid, in 'n roes van koersagtige 'happenings' wat veral dwangmatig van aard is en wanneer hierdie aktiwiteite wegval, verlustig hulle

hul in die verdwing van die radio, die bioskoop, dans, sport en vakansie .....

Die menslike verhoudinge van die massamens is slegs skynverhoudinge en die gesprekke wat hulle voer, is maar net skyngesprekke (Couwenburg, 1959, p. 69). Die uiterlike gelykmaking tussen mense gaan gepaard met 'n toenemende innerlike vervreemding en te midde van al die besig wees, die baie vlugtige kontakte en oppervlakkige indrukke van die massabestaan verdwyn die eensaamheid derhalwe nie, intendeel hierdie gelykmakingsproses lei tot 'n verlies van die persoonlikheid (Couwenburg, 1959, p. 69).

Die nadruk in die sogenaamde massamaatskappy val op spesialisasie, onpersoonlikheid, onbestendigheid, 'n gemis aan emosionele warmte, en 'n oppervlakkige demokratisering van menslike behoeftes en gedrag (Breedt, 1972, p. 83).

Die massamens soek voortdurend na die goedkeuring en erkenning van die omgewing en daar is 'n onophoudelike strewe om sukses te behaal en populariteit te verwerf (Couwenburg, 1959, p. 69). Vir die moderne mense het dit 'n probleem geword hoe hulle te midde van die veelheid van kragte, groepe, idees en ideale hulleself moet wees en hoe hulle hul lewensweg kan vind en hulle plekke kan bepaal in die samelewing (Van Dijk, s.j., p. 140).

In die massasamelewing begin die samelewing vir mense 'n onbegryplike, onoorstigtelike struktuur sonder verband daar uitsien en deur hierdie ongeborgenheid gaan dié mense op in die verontpersoonlikte massa en neem hulle toevlug daartoe met al die nadelige gevolge daarvan vir hulle eie wordende persoonlikhede (Nel, 1961, p. 12).

Die proses van massifikasie lei inderdaad tot 'n geweldige vervlakking en kleurloosheid, 'n gemis aan werklike lewensinhoud, lewensdiepte en lewenssin wat op die lange duur sulke mense lusteloos, pessimisties en verveeld maak en wat selfs kan lei tot lewenswalging (Couwenburg, 1959, p. 69).

#### 4.4 Behuisingsloeslande

Hieronder word verstaan swak behuising in die slumbuurt, woonstelle en skakelhuse.

In die slumbuurt is daar min sprake van godsdienstige en kulturele opvoeding weens die feit dat baie van die volwassenes nie belangstel in die kerk en kultuur nie, gevolglik is hier min sprake van godsdienstige en kulturele ontwikkeling (Olivier, 1966, p. 104). Die skolastiese vordering van baie van hierdie kinders is nie na wense nie as gevolg van 'n gebrek aan die nodige stilte en geriewe om huiswerk te doen, swak skoolbywoning, ondervoeding en gebrek aan die nodige nagrus (Olivier, 1966, p. 105).

Spinley (Musgrave, 1965, p. 68-69) se bevinding is onder andere dat slumbewoners se kinders dikwels ongeborge voel wat toegeskryf word aan die feit, dat wanneer 'n baba gebore word, word daar 'n groot ophef van hom gemaak totdat 'n volgende baba gebore word of totdat hy ouer word en dan word daar nie meer veel aandag aan hom gegee nie.

'n Kenmerk van slumbewoners is dat hulle nie gebonde is aan 'n omgewing nie behalwe die slumbuurt met die gevolg dat daar 'n wisselende bevolking, wat voortdurend van woonplek verander, hier aangetref word en hierdie omstandighede spoor kinders direk en indirek aan om misdad te pleeg, hulle skuldig te maak aan wangedrag en hulle dus vatbaar te maak vir onwettige gedragshandelinge (Olivier, 1966, p. 110). Verskynsels soos dobbelary, smokkelary, diefstal, ens. werk aansteeklik in op baie kinders en bederf hulle morele en waarde-opvattinge (Olivier, 1966, p. 110).

Kinders in die slumbuurt kom dikwels in opstand teen gesag, aangesien die gesagsuitoefening waarmee hulle bekend is swak of baie wisselvallig is, gevolglik hou hulle nie van die onderwysers nie, omdat onderwysers gesagsverteenvoerders vir hulle is "who are trying to improve an alien code of moral behaviour and who set difficult problems" (Musgrave, 1965, p. 68).

Baie ouers stel nie werklik belang in die skolastiese vordering en prestasies van hulle kinders nie met die

gevolg dat sulke hoërskoolleerlinge ook belangstelling mag verloor in hulle skoolwerk. Alle kinders en ook hoërskoolleerlinge soek na erkenning en wil aanmoediging kry van die kant van hulle ouers. 'n Gebrek aan belangstelling in hulle kinders skaad die beeld van eiewaarde van kinders en hoërskoolleerlinge.

Kleiner gesinne wat in woonstelle of skakelhuse woon, sonder hulleself dikwels af en ontnem hulle kinders die moontlikheid om die nodige ervaring saam met ander kinders op te doen (Musgrave, 1965, p. 35). Hierdie fisiese isolasie van kinders in woonstelle en skakelhuse kan aanleiding gee tot 'n baie intensiewe verhouding met die volwassenes in 'n nuklêre gesin en dis veral moeders wat hulle kinders oorafhanklik maak (Musgrave, 1965, p. 35). Sulke kinders se persoonlikheidsontwikkeling word hierdeur ernstig gerem.

In die middelklasbuurt is daar gevalle van onbeheerbaarheid wat aan geestelike verwaarlosing toegeskryf kan word en dit is dan ook te verstane dat van hierdie kinders se skolastiese vordering swak vergelyk met ander kinders s'n (Olivier, 1966, p. 144).

Horton en Leslie (1970, p. 324) wys daarop dat "school dropouts are common both in urban slums and in economically depressed rural areas. Most of these pupils drop out because they do not do well in school and they have little motivation to continue".

#### 4.5 Geïsoleerde hoërskoolleerlinge in 'n nuwe omgewing

Baie kinders ondervind probleme met sosiale aanpassing (Morena, 1934, p. 25). Een van die bydraende faktore is die buitengewone mobiliteit van baie gesinne (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 724).

Wanneer gesinne na 'n ander woonbuurt verhuis, word die kinders se vriendskappe onderbreek en dit is dikwels nie maklik om nuwe vriendskapsverhoudinge aan te knoop nie "where juvenile social groupings are already pretty well set. Isolated children often feel their plight keenly as they lack the status conferred by valued membership in a group and are likely to give up attempts at friendships and retire into a world of unreality"(Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 724). Dikwels voel hulle dat daar iets verkeerd is met hulle, dat hulle minderwaardig en anders as die res van die kinders is (Gates, Jersild, McConnell en Challman, 1963, p. 724).

Die gevolg is dat sulke hoërskoolleerlinge stremminge ervaar omdat hulle minderwaardig en verstote voel en mag kompensasie vir hierdie tekort soek deur hulle skuldig te maak aan afwykende gedrag of hulle mag heeltemal in hulle doppe kruip en anti-sosiaal word wat die sosialiserings- en aanpassingsproses ernstig kan benadeel.

#### 4.6 Die invloed van maats

Die portuurgroep beskik oor 'n sterk solidariteit en effektiewe interne beheer en benadruk konformiteit (Roode, 1968, p. 75). Wanneer die norme van die portuurgroep waaraan gekonformeer moet word, ooreenstem met die norme wat in die huisgesin gestel en aanvaar word, vorm dit uiteraard 'n sterk behoudende faktor van laasgenoemde, maar indien die norme van die portuurgroep egter verskil van dié van die huisgesin, kan dit, afhangende van die omvang en erns van die verskil, tot wisselende grade van konflik by kinders lei (Roode, 1968, p. 75).

Adolessente mag verwerp word deur die groep omdat hulle ongewenste persoonlikheidseienskappe openbaar, soos byvoorbeeld buitengewone grootpratersy van hulle gesinne se sosiale status en dan gebeur dit dat sulke adollessente hulle hulself onttrek aan enige vorm van sosiale interaksie omdat hulle nie suksesvol is in die verwerwing van aanvaarde sosiale vaardighede nie (Lambert, Rothschild, Altland en Green, 1972, p. 73).

Konflik kom voor by kinders omdat daar in 'n bepaalde handeling ten opsigte waarvan die norme verskil, die risiko geloop word dat die goedkeuring en ondersteuning van óf die groep, óf die gesin en selfs die gemeenskap ontbeer moet word (Roode, 1968, p. 75).

Die groepnorme mag verander wanneer die groep ouer word en gedrag wat voorheen aanvaar was, mag nie meer die groep se goedkeuring wegdra nie, byvoorbeeld seuns wat populariteit verwerf het weens hulle geksekerdery in hulle vroeër tienerjare, mag tot die ontugtering kom dat die groep hulle nou verwerp oor dieselfde gedrag in hulle vroeë tienerjare (Lambert, Rothschild, Altland en Green, 1972, p. 73).

Ook in die opsig waar daar 'n gebrek aan die nodige ontspanningsgeriewe is met die straat as die enigste plek en bron van afleiding, kom menigvuldige euwels voor, want dit is hier waar die vervelige kinders met mekaar kennis maak en bendes vorm (Olivier, 1966, p. 119). Uit blote verveeldheid word allerhande katterkwaad aangevang wat tot ernstiger gedragsafwykinge en misdaad aanleiding gee (Olivier, 1966, p. 119).

Seuns, byvoorbeeld kom nie altyd bymekaar om deel te neem aan afwykende aktiwiteite nie, maar die toestande in die buurt waar hulle woon en 'n gebrek aan gesonde ontspanningsgeriewe vorm die teelaarde vir die kweek van gedragsprobleme en wetsoortredinge (Mays, 1954, p. 27).

## 5 Samevatting

Met die bespreking van omgewingsinvloede op kinders en hoërskoolleerlinge in hierdie hoofstuk het dit duidelik geword dat omgewingsinvloede 'n groot invloed op



die persoonlikhede van kinders en hoërskoolleerlinge het en dat die maatskaplike omgewing kinders en hoërskoolleerlinge voorberei vir suksesvolle inpassing in die groeplewe en om gesonde en gebalanseerde menseverhoudinge te kan aangaan.

Dit is dus noodsaaklik dat kinders en hoërskoolleerlinge opgevoed moet word in 'n omgewing wat die ou beproefde waardes en norme voorhou sodat kinders en hoërskoolleerlinge hulle onderskeie rolle op 'n positiewe en verantwoordelike wyse kan vervul.

Die oorsake, simptome en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die maatskaplike omgewing en maats is ook in hierdie hoofstuk behandel. Dit blyk duidelik uit hierdie bespreking dat die ekonomiese peil en swak behuising in die minder gegoede buurt ernstige aandag sal moet geniet en dat daar meer fasiliteite in elke omgewing behoort te wees vir gesonde vryetydsbesteding.

Omdat maats 'n baie sterk invloed, hetsy positief of negatief - op mekaar het, lewer genoeg bewys dat as kinders en hoërskoolleerlinge in die gesin, die skool en die kerk met die regte waardes en norme gekonfronteer word, sal hulle versigtig en oordeelkundig te werk gaan in hulle keuse van maats.

## HOOFSTUK 6

### 'n KLASSIFIKASIE VAN DIE GEVOLGE VAN STREMMINGE OP HOËRSKOOLEERLINGE

#### 1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke is die bydraes wat die huisgesin, die hoërskool, die kerk, die omgewing en maats op stremminge by hoërskoolleerlinge het, behandel. In hierdie hoofstuk word aangetoon dat die nadelige invloed van verkeerdgerigte ouerliefde, opvoeding en onderwys, geloof en godsdienst, die maatskaplike invloede en maats bepaalde gevolge by hoërskoolleerlinge het.

Kortliks word aandag aan 'n klassifikasie van die volgende gevolge van stremminge gegee, naamlik stokkiesdraai; hoërskoolleerlinge wat met dwelmmiddels en alkohol eksperimenteer; dié wat vandale is; die skuldiges aan aggressiewe gedrag; hulle wat aan abnormale angs ly, wat leuens vertel, sedelik losbandig is en hoërskoolleerlinge wat in opstand kom teen dissipline en gesag.

Vervolgens sal daar oor elkeen van hierdie vorms van afwykende gedragspatrone iets gesê word alvorens die oorsake, simptome en gevolge van stremminge veroorsaak deur die huisgesin, die hoërskool, die kerk, die omgewing en maats in meer detail behandel word.

### 1.1 Stokkiesdraai

Stokkiesdraai was nie altyd as 'n skoolprobleem beskou nie want vroeër is stokkiesdraai beskou as iets om op 'trots' te wees, maar met die ontwikkeling van 'n verpligte onderwysstelsel word stokkiesdraai vandag in 'n baie ernstige lig beskou (Reckless en Smith, 1962, p. 160).

### 1.2 Dwelmmiddels

Brown (1942, p. 195) wys daarop dat die probleem van die gebruik van dwelmmiddels 'n baie gekompliseerde probleem is weens die feit dat daar baie wanbegrippe bestaan aangaande die probleem en weens die feit dat die probleem van die gebruik van dwelmmiddels 'n geheimsinnige gedragspatroon is vir die gebruiker van dwelmmiddels sowel as vir diegene wat die dwelmmiddels verkoop.

### 1.3 Alkohol

Dit word nou algemeen aanvaar dat alkohol 'n verdowingsmiddel is, maar die gebruik van alkohol vorm 'n spesifieke probleem omdat dit meer dikwels deur 'n groot aantal mense gebruik word en omdat die gebruik daarvan 'n sosiale gewoonte geword het in baie samelewingskringe (Gillin, s.j., p. 91).

#### 1.4 Vandalisme

Seuns is gewoonlik meer geneig as meisies om hulle skuldig te maak aan vandalisme en hulle pleeg hierdie oortredings gewoonlik in groepe van drie of meer en is gewoonlik jonger as ander oortreders, maar daar bestaan geen vaste bewyse dat vandalisme - soos dikwels geglo word - die eerste stadium van 'n misdadelloopbaan is nie (Mays, s.j., p. 317).

#### 1.5 Aggressiwiteit

Nelson (1976, p. 62) sê dat aggressiewe gedrag, veral daardie gedrag wat ander leerlinge direk beïnvloed en hulle welsyn en status bedreig, die mees algemene klagtes van nie net onderwysers en ouers is nie, maar ook van die klasmaats van leerlinge wat aggressiewe gedrag openbaar.

#### 1.6 Abnormale angs

Levitt (1968, p. 210) meld dat kliniese ondersoeke daarop dui dat kinders meer geneig is om simptome van angs te toon of op 'n angsvolle wyse te reageer in die teenwoordigheid van ander kinders. Dit is ook van toepassing op hoërskoolleerlinge.

#### 1.7 Leuenagtigheid

Die neiging om leuens te vertel, word dikwels aangetref by kinders wat gedragsafwykinge openbaar en die

motiewe waarom leuens vertel word, varieer baie (Nelson, 1976, p. 61). Volwassenes se reaksie op leuens behoort begrip en aanvoeling vir die betekenis daarvan te toon, eerder as 'n ontkenning van die inhoud of veroordeling van kinders wat leuens vertel (Ginott, 1972, p. 32).

#### 1.8 Sedelike losbandigheid

Neumeyer (1962, p. 148) wys daarop dat liefkosery algemeen voorkom onder jeugdiges en dat dit by uitstek 'n gebruik is van hoërskoolleerlinge en kollege- en universiteitsgroepe en dat só 'n praktyk nie nuut is nie, maar buitensporighede kom tans meer algemeen voor as wat die geval was met die ouer geslag toe hulle jonk was.

#### 1.9 Opstand teen dissipline en gesag

Aan die einde van die negentiende eeu, so leer die geskiedenis, is tradisionele vorme van outoriteit oral bevraagteken en gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu beleef ons 'n proses van afbreking van outoriteit op elke vlak (Duvenage, 1973, p. 149). In 'n demokratiese samelewing is die bevraagtekening van outoriteit nie verkeerd nie want vrae kan immers gevra word oor die hoe, met ander woorde, oor die wyse van gesagsuitoefening, maar wat vandag gebeur, is dat die waarom van die gesag bevraagteken word (Duvenage, 1973, p. 149).

2 Die gevolge van stremminge op hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die huisgesin, die hoërskool, die kerk, die omgewing en maats

Daar sal vervolgens op meer besonderhede ingegaan word by wyse van 'n klassifikasie oor elkeen van die gevolge van stremminge op hoërskoolleerlinge met verwysing na definisies en oorsake om meer lig te werp op wat in die inleiding bespreek is. Klassifikasie beteken hier 'n groepering van daardie gevolge van stremminge wat min of meer ooreenkomste vertoon by die groot getal hoërskoolleerlinge se gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse.

2.1 Hoërskoolleerlinge wat stokkiesdraai

Daar is verskillende definisies van stokkiesdraai wat verskillende skrywers gee. Reckless en Smith (1932, p. 161) definieer stokkiesdraai as volg, "Truancy may be and often is a combination of habit suppression by authority, of a resulting defensive action on the part of the child, and of relative enjoyment in the out-of-school environment. Truancy is an offense that is tremendously widespread, much more so than any other type of delinquency".

Stokkiesdraai kan 'n misplaaste deug wees en kinders draai dikwels stokkies uit gehoorsaamheid aan selfsugtige en lui ouers (Van Waters, s.j., p. 66).

Na aanleiding van De Lange (1957), Tyerman (1958, 1968), Cooper (1966a) en Van Niekerk (1969) (Malan, 1973, p. 1) kan stokkiesdraai gedefinieer word as op die eie inisiatief en wederregtelike afwesigheid uit die skool van skoolpligtige leerlinge, sonder die medewete van die ouers, voogde of instansies wat vir die leerlinge verantwoordelik is. Daar kan onderskei word tussen kinders wat wederregtelik deur hulle ouers of voogde uit die skool gehou word weens bepaalde redes en diegene wat 'n oënskynlike misnoeë openbaar om skool toe te gaan (Malan, 1973, p. 1-2).

Die benaming 'stokkiesdraai' word gewoonlik gebruik om langdurige afwesigheid van die skool te beskryf met die medewete en soms toestemming van ouers of voogde (Neumeyer, 1932, p. 233).

'n Rede vir stokkiesdraai mag onder andere wees dat die skoolwerk vervelig, moeilik, meganies en oninteressant is of om verantwoordelikheid te ontduik (Van Waters, s.j., p. 66). Die grootste persentasie stokkiesdraaiers word aangetref by die ouer ondergemiddelde leerlinge wat toegeskryf kan word aan herhaalde ervarings van frustrasie en mislukking, soos druipe op skool wat dan veroorsaak dat hierdie leerlinge 'n antagonisme teenoor skoolgaan ontwikkel en deur stokkies te draai, probeer hulle ontvlug van 'n situasie wat vir hulle geen bevrediging inhou nie, maar slegs hulle gevoel van mislukking versterk (Smith, 1973, p. 29).

Volgens Tyerman (1968) is 'n lae intelligensie en swak plasing 'n direkte oorsaak van stokkiesdraai, deurdad hierdie leerlinge as gevolg van gevoelens van minderwaardigheid en mislukking apaties word en van die skool probeer ontvlug deur stokkies te draai (Malan, 1973, p. 3).

Reckless en Smith (1932, p. 161-163) beweer dat houdings en gewoontes die oorsaak mag wees dat leerlinge vyandig teenoor skoolgesag staan en dat daar nie 'n begeerte is om skool toe te gaan nie en verder is daar ook ouers wat hulle kinders nie dwing om skool toe te gaan nie, terwyl onkunde, siekte of armoede oorsake mag wees dat ouers nie beheer oor hulle kinders kan uitoefen nie. Die bepalende faktor in stokkiesdraai mag toegeskryf word aan 'n gebrek aan uiterlike motivering wat gepaard gaan met 'n gebrek aan innerlike motivering (Reckless en Smith, 1932, p.163).

Onderwysers sowel as klasmaats mag die oorsaak wees waarom leerlinge stokkiesdraai. In die geval van klasmaats gebeur dit dikwels dat leerlinge stokkiesdraai, omdat hulle klasmaats hulle irriteer en gevolglik prikkelbaar maak. In verband met onderwysers se rol wat bydra tot stokkiesdraai, noem Reckless en Smith (1932, p. 163) die volgende: leerlinge wat bang is vir onderwysers; 'n gevoel dat onderwysers onsimpatiek is of 'n meerderwaardige houding het; dat onderwysers sekere leerlinge voortrek en 'n vrees vir straf.



Volgens Healy en Bronner (1936, p. 6) mag daar leerlinge wees wat 'n situasie wat hulle onvolwaardig laat voel en afskrik, probeer vermy; ander leerlinge mag in die gesinsituasie 'n antagonisme teenoor alle vorms van outoriteit ontwikkel het; sommige mag só 'n sterk behoefte aan erkenning hê, dat ofskoon hulle daarvan hou om skool toe te gaan, draai hulle stokkies om 'n 'regular fellow' onder hulle maats te wees en dan is daar ook diegene wat die slagoffers van eienaardige angsgevoelens is wat hulle 'n afkeer in die skool laat ontwikkel.

In sommige gevalle kan dit ook moontlik wees dat ouers hulle kinders uit die skool hou om take tuis te verrig of om saam met die ouers met vakansie te gaan (Malan, 1973, p. 19).

Intellektuele werk is dikwels bo die vuurmaakplek van baie leerlinge en juis daarom draai hulle stokkies terwyl volgens De Lange (1957) stel sommige leerlinge geensins belang in skoolgaan nie omdat hulle voel dat hulle nie veel bereik nie (Malan, 1973, p. 57).

Stokkiesdraaiers openbaar 'n patroon wat gelykstaande is aan hulle sosiale standaarde en met 'n sosiale agtergrond van onbekermdwees, word dit na die skool oorgedra met die gevolg dat stokkiesdraaiers op skool ook kommerfry, afwykend en onverskillig staan teenoor die opvoedkundige pogings van die skool en verder werk hulle nie na wense saam met onderwysers nie en

is in 'n hoë mate halsstarrige leerlinge wat nie bereid is om toe te gee of om samewerking te verleen nie (Malan, 1973, p. 58-59,80).

Nelson (1976, p. 59) sê dat afwesigheid van die skool veral as dit dikwels voorkom, het altyd nadelige gevolge op leerlinge se skolastiese vooruitgang en bemoeilik die daarstelling van 'n positiewe verhouding met onderwysers wat van kardinale belang is om leerlinge te help aanpas by die leerproses.

Chroniese stokkiesdraaiery is betekenisvol omdat dit 'n direkte uitwerking het op leerlinge wat stokkiesdraai en ook 'n indirekte uitwerking het op die sosiale groepe waarvan die leerlinge wat stokkiesdraai, lede is en dit kan gebeur dat stokkiesdraaiers 'n groep vorm wat ander sosiale groepe opponeer "and then there is indeed a serious handicap placed on the community" (Reckless en Smith, 1962, p. 161-162).

Wanneer stokkiesdraaiers 'n groep vorm, kan hulle hulself skuldig maak aan wangedrag. 'n Logiese gevolg van chroniese stokkiesdraaiery is dat sulke leerlinge nie die agterstallige skoolwerk kan inhaal nie. As gevolg van hulle swak skoolprestasies mag hulle belangstelling in hulle skoolwerk verloor en ambisie-loos word.

Robbertse (Malan, 1973, p. 1) waarsku dat afwesigheid uit die skool vir stokkiesdraaiers 'n maalkolk word

waarin hulle hulself bevind want hoe meer dikwels hulle afwesig is, hoe groter raak hulle agterstand op akademiese gebied in vergelyking met gereelde skoolbesoekers. Herhaalde afwesigheid kan uiteindelik moontlik daartoe lei dat stokkiesdraaiers onderpresteer, standerds druip en gefrustreerd raak en die skool in 'n stadium verlaat wanneer hulle nog nie arbeidsgereed en beroepstoegerus is nie (Malan, 1973, p. 1).

Aangesien stokkiesdraai gewoonlik gepaard gaan met ander simptome vir ander oortredings, word stokkiesdraai beskou as 'n ernstige probleem wat tot verdere afwykende gedragspatrone kan lei (Nelson, 1976, p. 59).

## 2.2 Hoërskoolleerlinge wat met dwelmmiddels eksperimenteer

Soos enige ander kommoditeit of gewoonte kan verdowingsmiddels ten goede of ten kwade aangewend word, en kan dit slegs in terme van die gevolge waartoe dit lei as goed of sleg of niksseggend beskou word (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 140). Dit is slegs skadelik of onwenslik as dit onder toestand plaasvind waar die kompulsiewe gebruik daarvan uitloop op onnodige fisiese skade, verlies van sielkundige doeltreffendheid en sosiale disorganisasie, dit wil sê waar dit nadelig en skadelik vir die individu en vir die welsyn van die samelewing is (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 141).

Grobler (s.j., p. 1) sê dat 'n dwelmmiddel enige chemiese substansie (natuurlik of sinteties toeberei) is wat in staat is om die gemoedstemminge, waarnemings en bewussyn van die gebruiker te verander, wat misbruik kan word tot só 'n mate, dat dit nie net die gebruikers van dwelmmiddels maar ook die samelewing kan ontwrig.

Hoërskoolleerlinge wat hulleself skuldig maak aan die gebruik van dwelmmiddels veroorsaak ontwrigting in die huisgesin en skep baie ernstige probleme vir hulleself, hulle ouers, broers en susters. Hulle kan nie konsentreer nie en kan dus nie hulle skoolwerk na behore doen nie met 'n gevolglike agteruitgang in hulle skoolprestasies.

Brown (1942, p. 197) definieer dwelmafhanlikheid as 'n onbeheerbare begeerte of drang na dwelmmiddels wat verdowende eienskappe het terwyl Short (s.j., p. 108) die volgende definisie gee: "Drug use has been described as a 'retreatist' action of youngsters who are 'double failures' in relation to both legitimate and illegitimate opportunities".

Dwelmmiddels word dikwels gebruik om te ontvlug van knellende stremminge, konflikte en angsgevoelens (Faris, s.j., p. 258). Sosio-kulturele houdings en waardes speel ook 'n rol in die gebruik van dwelmmiddels (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 152). Afgesien van persoonlikheids- en ontwikkelingspredisposisies en die beskikbaarheid van dwelmmiddels,

hang baie ook af van die heersende houding teenoor die gebruik van dwelmmiddels in die onmiddellike en wyer maatskaplike omgewing (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 152).

Volgens Gillin (s.j., p. 76) begin sommige jongmense dwelmmiddels gebruik nadat iemand die gebruik van dwelmmiddels as 'n geskikte eksperiment om in 'n behoefte te voorsien met sy oorsprong in pyn, afgematheid of 'mental depression', aanmoedig. Verligting van pyn en 'n gevoel van welsyn mag hoërskoolleerlinge desperate pogings laat aanwend om dwelmmiddels in die hande te kry en hulle mag geheelenaal afhanklik word van dwelmmiddels.

By reaktiewe verslawing speel die onmiddellike maatskaplike omgewing die belangrikste rol in die veroorsaking van afhanklikheid van dwelmmiddels en hierdie tipe afhanklikheid is 'n verskynsel wat hoofsaaklik by adolessente voorkom, en is andersyds eintlik 'n reaksie op die druk in die oorgangstadium na volwassenheid, en andersyds 'n wyse waarop aanvaarding in die portuurgroep verkry word (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 150).

Die oorgrote meerderheid adolessente dwelmafhanklikes is gewoonweg normale individue wat net tydelik of in die loop van volwasewording met dwelmmiddels eksperimenteer (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 150).

Reaktiewe afhanklikheid is 'n vorm van anti-volwasse oriëntasie wat gekenmerk word deur die trotsering van tradisionele konvensies en norme en die bespotting van die taboes en gesag wat deur volwassenes daargestel word, maar gelukkig is reaktiewe afhanklikheid slegs 'n oorgangs- en selfbeperkende verskynsel met geen ernstige standhoudende gevolge nie (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 150).

Queen en Mann (1925, p. 328) wys daarop dat adolessente wat dwelmmiddels gebruik, nie belangstel om alkohol te gebruik nie, wat een aspek van hulle opstand mag wees om 'n oplossing vir hulle stremminge te vind, wat verskil van wat hulle ouers doen om te ontvlug van hulle stremminge en probleme. Volgens Gillin (s.j., p. 77) is daar sekere toestande in die ekonomiese en sosiale lewe wat veroorsaak dat sommige adolessente begin eksperimenteer met dwelmmiddels, byvoorbeeld sleurwerk en eentonigheid.

As adolessente dwelmmiddels begin gebruik, begin hulle gewoonlik ook stokkiesdraai en word lede van kleiner groepe (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 151). Short (s.j., p. 108) wys daarop dat sodra adolessente wat met dwelmmiddels eksperimenteer en uiteindelik afhanklik daarvan word, skei hulle gewoonlik af van die ander leerlinge wat nie dwelmmiddels gebruik nie. Volgens Faris (s.j., p. 261) verloor leerlinge wat dwelmmiddels gebruik belangstelling in hulle skoolwerk en ander dinge waarin hulle belanggestel het soos atletiek en word prikkelbaar en onbetroubaar.

Wanneer die gebruik van dwelmmiddels die primêre aanpassingsmeganisme word, dan word die gebruik van dwelmmiddels gevaarlik (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 153).

Die gebruik van dwelmmiddels wreak hom intensief op maatskaplike gebied want die gebruik van dwelmmiddels laat die persoonlikheid ontspoor en benadeel gedragspatrone omdat die aanvaarbare norme verwerp word; die gevestigde morele en etiese waardes word oorboord gegooi; 'n permissiewe houding word ingeneem; daar is 'n algehele aftakeling van die godsdienst met die gevolg dat sulke individue ankerloos, koersloos en Godloos word (Kotze, 1971, p. 15).

### 2.3 Hoërskoolleerlinge wat alkohol gebruik

Brown (1942, p. 156) sê dat namate die beskawing meer kompleks geword het, is alkohol meer gebruik en alle pogings deur wetgewing om die gebruik daarvan aan bande te lê, het 'n geringe uitwerking gehad. Alkohol veroorsaak euforia en is 'n verdowingsmiddel wat sosiale situasies van mense vervals met die gevolg dat mense wat hulself in moeilike situasies bevind en stremminge ervaar, dikwels buitensporig drink (Brown, 1942, p. 156). Ook hoërskoolleerlinge neem hulle toevlug tot alkohol wanneer hulle moeilike situasies nie kan hanteer nie en stremminge ervaar.

Een van die definisies van alkoholisme is dié van Adolf Meyer dat dit onder andere meebring "the

development of an insistent craving for alcohol and its effects" (Gillin, s.j., p. 91). Met die gebruik van alkohol word bedoel die gebruik van alkoholiese drank binne die perke daargestel deur die drinknorme van die samelewing, terwyl met drankmisbruik bedoel word dat die persoon soveel drink dat dit sy normale reaksies aantas (Gillin, s.j., p. 91). Soms is dit moeilik om vas te stel of drankmisbruik bloot drankgebruik is wat te ver gegaan het by 'n geleentheid en of dit dalk nie die eerste tekens van alkoholisme is nie (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 119).

Alhoewel alkohol dwelmmiddel nommer een is, maar tog maatskaplik aanvaar word, dra die gebruik en veral die misbruik daarvan, veral by tieners, 'n hoë risiko (Grobler, s.j., p. 1). Kotze (1971, p. 13) wys daarop dat alkohol 'n kalmeermiddel is hoewel die meeste mense dit as 'n stimulant gebruik.

Dr. Richardson (Gillin, s.j., p. 92) van Baltimore skryf die ontstaan van die misbruik van alkohol toe aan die ontwikkeling van 'n swak ego wat gewyt kan word aan ouers wat hulle kinders té min of té veel liefde gee. Kinders wat te min liefde van hulle ouers ontvang, mag verwerp en verwaarloos voel en in die geval waar kinders oorbeskerm was, kan hulle later nie die harde feite van die lewe in die gesig staar nie en hulle word die slagoffers van vernietigende angsgevoelens (Gillin, s.j., p. 92).



Van geboorte af tot by volwassenheid ontwikkel en aanvaar elke mens, deur middel van sosiale interaksie, die voorgeskrewe gedragspatrone en waardes, maar hierdie gewoontes en gedragspatrone mag van só 'n aard wees dat wanneer kinders hulleself in 'n moeilike situasie bevind, dat hulle teen die sosiaal aanvaarbare norme reageer (Gillin, s.j., p. 93). Sulke kinders is die verwerende of gefrustreerde en negatiewe kinders "who feel out of tune with their group" en omdat hulle bewus is van hulle onvermoë om by die eise van die samelewing aan te pas, gebruik hulle sterk drank (Gillin, s.j., p. 93).

Dikwels word sterk drank gebruik om iets te vier of om te ontvlug van kommerwekkende en angsvolle situasies. Buitensporige drankgebruik moet eerder beskou word as 'n simptoom van 'n fundamentele probleem, want dit is bewys dat individue wat drank misbruik, nie 'n gesonde lewensaanpassing kan maak nie "for excessive drinking is only a part of the larger pattern of personal disorganization" (Brown, 1942, p. 157-158).

Wat beweer kan word is dat persone wat nie hulle probleme kan hanteer nie en dit voortdurend probeer ontduik, kan moontlik leer dat alkohol as 'n verdowingsmiddel wel verligting in dié verband kan gee (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 127). Die onvolwasse persoonlikheid is in 'n groter mate blootgestel aan die verskynsel van alkohol (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 127). Die een norm bepaal dat hulle nie mag

drink nie en die ander dat dit wel toelaatbaar is, en wanneer hulle wel drink, het dit spanning tot gevolg maar indien hulle verligting van spanning kry deur te drink, kan op hierdie wyse 'n drinkpatroon in 'n kringloop vasgelê word (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 127).

Mense wat jongmense verneder, ouers wat die lewensgevaare oorbeklemtoon, moeders wat kinderagtigheid aanmoedig, predikante wat angs inboesem en onderwysers wat negatiewe houdings uitlok of veroorsaak, mag 'n rol speel dat die jeug sterk drank gebruik (Brown, 1942, p. 166). Die belangrikste samelewingsvorme, naamlik die huisgesin, die kerk en die skool mag dus disorganiserende rolle speel en motivering wees dat die jeug sterk drank gebruik ten spyte van die feit dat hierdie samelewingsvorme die fondament van elke samelewing is (Brown, 1942, p. 167).

Die gevolge van die misbruik van alkoholiese drank is legio. Persone wat in 'n oormaat sterk drank begin gebruik, onttrek hulle geleidelik aan verhoudinge met hulle medemens, hulle maatskaplike kontakte word dus al hoe kleiner waarmee gepaard gaan 'n proses van losmaking en vereensaming, dus het die oormatige gebruik van alkohol 'n disorganiserende uitwerking op die individuele persoonlikheid asook op die wyer groepsverband (Du Toit, Steyn en Rip, s.j., p. 131,137).

Wat tieners betref, hou die gebruik van alkohol die gevare in dat hulle liggaamsgewig minder is as dié

van volwassenes en daarom beskik hulle oor minder liggaamsvloeistowwe wat die alkohol kan verdun en absorbeer, met die gevolg dat die konsentrasie alkohol van een drankie hoër by tieners sal wees as by volwassenes (Grobler, s.j., p. 4).

Tieners is sielkundig meer kwesbaar vir afhanklikheid want hulle emosies word in die uiterste vorm belewe en hoogtepunte word intens belewe en geniet, so ook te-leurstellings wat maklik té groot kan word om te verwerk (Grobler, s.j., p. 4). Alkohol het 'n besondere uitwerking op bogenoemde en ander emosionele toestande (Grobler, s.j., p. 4).

Die oormatige gebruik van alkohol wat tieners se begripsvorming, inhibisies en gemoedsbelevensisse demp, onderdruk of verdoof, ontnem hulle die geleentheid om op 'n normale wyse met hulle probleme 'af te reken', veral met die oog op 'n toekomstige, normale volwasse lewe want as hulle nie leer om hulle probleme self te hanteer nie, is wanaanpassing in hulle volwasse lewe hulle voorland (Grobler, s.j., p. 4).

Volgens Brown (1942, p. 158) weer word selfkritiek verminder en sulke persone sien nie hulle persoonlike tekortkominge raak nie. Die werklike probleem met 'n sosiale drinkpatroon is nie net geleë in die feit dat sterk drank gebruik word nie, maar ook daarin dat hulle drink om van hulle probleme te ontvlug met die gevolg dat 'n sosiale drinkpatroon in alkoholisme kan

ontwikkel (Brown, 1942, p. 159).

Elke studie om die uitwerking van alkohol op die sensu-  
stelsel vas te stel, het bevind dat dit neig om die  
sentra van kontrole te onderdruk (Gillin, s.j., p. 94).  
Dus kan dit gestel word dat alkohol 'n uitwerking op  
die mens se godsdiens en sedes het en daarom "produ-  
ces (alcohol) a lack of control in social relation-  
ships"(Gillin, s.j., p. 94). Verder ook, dat sosiaal  
aanvaarde en aanvaarbare aktiwiteite bekommernisse en  
angsgevoelens laat ontstaan wat kan lei tot een of  
ander wyse van ontvlugting wat dan so 'n tydelike of  
permanente verligting kan gee (Gillin, s.j., p. 167).

Objektief beskou, dit wil sê klinies en farmakologies,  
is alkohol gevaarliker as die 'harde' dwelmmiddels  
soos die opiate (morfien, heroine, ens.) en die bar-  
biturate (byvoorbeeld slaapmiddels), omdat die lang-  
durige gebruik daarvan fisiese, psigiese en geeste-  
like agteruitgang bewerkstellig wat nie van sommige  
van die ander middels gesê kan word nie (Grobler,  
s.j., p. 1).

#### 2.4 Hoërskoolleerlinge is vandaliste

Vandalisme word gewoonlik in woordeboeke gedefinieer  
as "ruthless destruction of anything beautiful or  
venerable" (Mays, s.j., p. 308). Baie vorms van  
vandalisme word egter nooit as problematies gedefi-  
nieer nie omdat dit nie waarneembare vandalisme is

nie (Mays, s.j., p. 310).

Dikwels is vandalisme - soos Andrew Wade dit beskryf - 'n spontane aktiwiteit wat ontwikkel uit groepinteraksie en omstandigheidsfaktore eerder as dat dit 'n opsetlike, beplande handeling is (Mays, s.j., p. 316).

Hoërskoolleerlinge, veral seuns maak hulle aan hierdie soort gedrag en handeling skuldig omdat dit 'n avontuurlike ervaring is en omdat hulle nie hulle vrye tyd op 'n gesonde wyse bestee nie en dan selfs ook om wraak op individue, 'n groep en 'n instelling te neem (Mays, s.j., p. 312).

Daar kan onderskei word tussen twee tipes vandalisme, naamlik wraaksugtige en kwaadwillige vandalisme (Mays, s.j., p. 316):

- (i) In die geval van wraaksugtige vandalisme word skade aangerig met die doel om wraak te neem, byvoorbeeld waar die vensters van 'n skool gebreek word omdat sulke hoërskoolleerlinge 'n grief teen die skoolhoof het.
- (ii) In die geval van kwaadwillige vandalisme is die skade wat aangerig word 'n uitdrukking van woede of frustrasie en is dikwels gemik teen simboliese middelklaseiendom. Dis hierdie laaste tipe vandalisme wat die boosaardige en waarskynlike onsinnige fasade het, wat moeilik is om te begryp.

Baie tipes vandalisme wat hoërskoolleerlinge pleeg, bevat elemente van speel asook kwaadwilligheid (Mays, s.j., p. 316). Wat konvensionele vandalisme betref, is dit nie só betekenisloos of spelerig as wat veronderstel word nie, want hoërskoolleerlinge wat hulle self skuldig maak aan hierdie soort vandalisme se gedrag en handeling is vir hulle betekenisvol, byvoorbeeld omdat hulle 'n grief het en wraak wil neem (Mays, s.j., p. 310). Hierdie soort vandalisme het ook 'n onderskeibare patroon, byvoorbeeld dat die eiendom wat beskadig word, vir hulle sekere fisiese en sosiale eienskappe het (Mays, s.j., p. 310).

In sy studie van bendes in Midcity, wys Walter Miller (Mays, s.j., p. 311) daarop dat vandalisme nie net 'n deel uitmaak van bende-aktiwiteite nie, maar dat die skade wat aangerig word dikwels spesifiek en doelgerig is en nie soseer 'n uitingsvorm van aggressiwiteit is nie.

Navorsing in verband met skoolvandalisme dui aan dat daar iets verkeerd is met die skool en daarom word dit beskadig en verder is daar ook bevind dat die hoogste graad van skoolvandalisme neig om plaas te vind in skole met verouderde fasiliteite en toerusting, die personeel het 'n swak moreel en die leerlinge is ontevrede en verveeld (Mays, s.j., p. 312).

## 2.5 Hoërskoolleerlinge is aggressief

Aggressiwiteit is veral daardie gedrag wat ander leerlinge direk beïnvloed en hulle welsyn en status bedreig en word gekenmerk deur 'n neiging om aan te val met die doel om seer te maak, skade te berokken, om hulleself te laat geld en om te domineer (Nelson, 1976, p. 62). Dit is ook waarna Du Toit (1969, p. 16) verwys met betrekking tot Johnson en Medinnus se definisie, naamlik enige handeling of gedrag wat daarop gemik is om te benadeel of om seer te maak.

Du Toit (1969, p. 17) gee Allport se indeling van verskillende tipes aggressiwiteit, naamlik,

- (i) as 'n kind 'n speelding gryp;
- (ii) dit kan selfhandhawing of ontplooiing wees;
- (iii) dit kan temperamentele liefde vir stryd wees;
- (iv) dit kan as neweproduk van mededingende aktiwiteit ontwikkel. (Die doel is om die hoogste sport te bereik en kinders raak aggressief teen alles wat in die weg staan);
- (v) dit kan egte sadisme wees, wanneer die agente genot put uit ander se lyding;
- (vi) die aggressiwiteit kan ook reaktief wees. Hierdie kinders kan nie frustrasie volhardend en intelligent die hoof bied nie, hulle kan ook nie terugtrek nie, en word kwaad vir hulleself en ander persone.

In verband met waarneembare aggressiwiteit is daar in die samelewing gedurig optrede van mense teenoor mekaar wat neerkom op aanval, seermaak en beskadiging en dit kan die vorm aanneem van fisiese aanvalle, vervolging, beledigings, dwarsboming van mekaar, verwyte en maniere waarop ander benadeel word waartoe die vindingrykheid oneindig is terwyl onder subtile vorms van aanval kritiese houdings, chroniese bemoeisug en klagtes, sarkasme en selfs humor ressorteer (Du Toit, 1969, p. 18-19).

Powell (1971, p. 183) verwys na Mandel wat 'n studie gemaak het van aggressiewe gedrag van 'n groep seuns waarby vier faktore is wat dit veroorsaak, naamlik gevoelens van vyandigheid, die nabyheid van ander mense, kontrole en 'n drang om te oorheers. Mandel (Powell, 1971, p. 183) het ook bewind dat aggressiwiteit kwantitatief en kwalitatief verband hou met die posisies in 'n sosiogram waarin frustrasie in situasies belewe word, maar aggressiewe gedrag is nie net 'n reaksie op frustrasie nie maar dit ontstaan ook spontaan.

Nelson (1976, p. 62) wys in sy navorsing daarop dat aggressiewe gedrag kan voortvloei uit ouers se toegeeflike houding, swak kontrole in die huis en die skool, onderdrukte gevoelens van vyandigheid en deur "a cry telling of unmet needs". Wanneer mense as gevolg van 'n nietigheidsgevoel of 'n minderwaardigheidsgevoel en 'n gebrek aan sekuriteit, hulleself nooit kan aanvaar as individue wat ook regte het nie,



onderwerp hulle hulleself altyd deemoedig en vermom só hulle lewensmoontlikhede wat dan 'n bedreiging van eie bestaan veroorsaak wat aggressiwiteit opwek (Du Toit, 1969, p. 19-20).

Ook in hierdie verband sê Carp (s.j., p. 87) dat daar mense is wat nie oor die vermoë beskik om ander mense op só 'n wyse te benader en behandel dat hulle tegemoetkomend is nie. In hierdie geval openbaar sulke mense dikwels aggressiwiteit in 'n wrokgevoel weens hulle onvermoë om lief te hê (Carp, s.j., p. 87). Wrok berus op 'n onvermoë om jou eie skuld te erken en lei tot innerlike aggressiwiteit wat 'n openbaring van angs is, want onbewuste skuldgevoelens veroorsaak 'n onbewuste angsgevoel en dit word in aggressiwiteit openbaar wat tot gewelddadigheid kan lei (Carp, s.j., p. 86).

Volgens Nelson (1976, p. 62) benadeel aggressiwiteit, of dit innerlik of uiterlik gerig is, die leerproses, dit verwar klasmaats en dwarsboom onderwysers en moet streng deur reëls en straf beheer en beheers word.

Du Toit (1969, p. 20) praat van opstand teen outoriteit op onbewuste vlak wat 'n gestalte van aggressiwiteit is wat vry algemeen voorkom, gewoonlik verband hou met opstand teen vaders as outoriteitsfigure, of sake waarop dit oorgedra word. Hierin verwys Du Toit (1969, p. 20) na Gordon wat sê daar is studente wat die potensiaal het, baie hard leer en tog misluk en dit wyt hy aan opstand wat teen hulle ouers gerig

is wat hulle nie in daad kan uiter nie en dan word die ouers op dié manier gestraf. Du Toit (1969, p. 26) is die mening toegedaan dat hierdie onbewuste uiting van aggressiwiteit moontlik een van die grootste faktore is wat vir die mislukking van studente verantwoordelik is. Dit is ook waar van hoërskoolleerlinge.

## 2.6 Hoërskoolleerlinge openbaar abnormale angs

Volgens Levitt (1968, p. 25-26) is die inhoud van baie definisies van angs eenders met betrekking tot byvoorbeeld die volgende:

- (i) Angs is 'n pynlike ongerustheid in die gemoed oor 'n dreigende of verwagte onheilspellende iets wat oor jou mag kom;
- (ii) die aanvoeling van 'n gevaar deur die bewuste deel van die persoonlikheid en dit word veroorsaak deur 'n dreigende gevaar in die persoonlikheid, met of sonder prikkeling van eksterne omstandighede;
- (iii) dit kan gesê word dat angs baie ooreenstem met vrees wat 'n universele, persoonlike ervaring is want elke mens is bewus van vrees wat 'n deel vorm van sy bestaan.

'n Groot deel van 'n gevoel van onsekerheid van kinders word toegeskryf aan werklike en denkbeeldige angs (Baker en Traphagen, 1937, p. 230). So ook word neurotiese angs veroorsaak deur 'n swak ego wat deur

konstitusionele faktore asook uiterlike omstandighede aangebring kan word (Carp, s.j., p. 85).

Angs kan ook veroorsaak word as gevolg van 'n onaangename ondervinding, byvoorbeeld as kinders 'n onaangename ondervinding met persone soos ouers of onderwysers gehad het, is hulle bang vir 'n herhaling van só 'n onaangenaamheid en ook vir daardie persone (Baker en Traphagen, 1937, p. 231). Sommige kinders is weer bang om skool toe te gaan omdat sommige onderwysers, volgens hulle oordeel, te streng is.

Angs vir persone kan aangeleer en nageboots word, soos byvoorbeeld wanneer kinders by ander hoor dat hulle bang is vir sekere onderwysers en gevolglik is hulle bang vir daardie onderwysers (Baker en Traphagen, 1937, p. 233).

Redes vir sulke optredes is byvoorbeeld dinge soos bit-sigheid, sarkasme, skel, afbrekende kritiek, dreigemente en waarskuwings wat kinders bang en opstandig maak (Baker en Traphagen, 1937, p. 233).

Baie kinders is fyngevoelig en voel minderwaardig as gevolg van konflik in die huislike milieu wat daartoe aanleiding gee dat hulle bang is vir onderwysers wat nie hulle fyngevoelige geaardhede verstaan nie en vir diesulkes kan die klaskamer 'n nagmerrie word as onderwysers dikwels gebruik maak van só 'n negatiewe vorm van kontrole soos om angs by kinders op te wek (Baker en Traphagen, 1937, p. 233).

Dit kan bykans nie van kinders wat bang is vir sekere onderwysers verwag word om baie positiewe persoonlikheidseienskappe te ontwikkel in die skoolopvoeding-situasie nie, trouens ook vanselfsprekend is hulle skolastiese prestasies ook swak (Baker en Traphagen, 1937, p. 233).

Die daaglikse belewenis van angsvolle ervarings in die skool laat sulke kinders moed verloor, hulle is bang om nuwe vriende te maak omdat hulle miskien nie regverdig behandel is deur hulle vorige vriende nie en dikwels is hulle selfs bang vir oorplasing na 'n hoër standerd in die skool omdat hulle vorige onderwysers en sommige van hulle klasmaats angsgesoelens by hulle veroorsaak het (Baker en Traphagen, 1937, p. 234).

Die vrug van die vorige ervarings kan volgens Powell (1971, p. 105) soos volg wees: "There has been a number of studies that indicate the relationship between intelligence and adjustment, particularly the adjustment dimension of anxiety and there has been particular concern that many bright pupils fail to live up to their potential in life situations because of emotional problems". Anders gestel, daar is altyd 'n korrelasie tussen ang, vrees van persone met hulle aanpassing en skolastiese prestasies. Angs kan veroorsaak dat kinders hulle selfvertroue verloor en nie 'n waaghouding openbaar nie.

## 2.7 Hoërskoolleerlinge is leuenagtig

Nelson (1976, p. 61) definieer leuenagtigheid as opsetlike vervalsing (van die waarheid) met die doel om te bedrieg. Kinders vertel onder andere leuens om 'n verkeerde daad of handeling te ontken om sodoende straf vry te spring, om ouers te bedrieg om 'n sekere doel te bereik en daar is ook betekenislose en impulsiewe leuens en leuens om vorige leuens te bekragtig met die doel om uit te tart (Nelson, 1976, p. 61).

Ginott (1972, p. 32) wys daarop dat as kinders vanweë die vrees vir die waarheid gestraf word, sal hulle uit selfverdediging leuens vertel, maar hulle vertel egter ook soms leuens om hulleself in hulle verbeelding dié dinge te gee wat hulle nie in die werklikheid besit nie. Leuens kan dus waarhede omtrent vrees en verwagtinge openbaar vir die oplettende persoon en onthul juis dit wat dit wou verberg (Ginott, 1972, p. 32).

Wat die gevolge van leuenagtigheid betref, vererger leuenagtigheid probleme, belemmer kommunikasie, die gebod dat kinders hulle ouers moet eer en liefhê deur gehoorsaam te wees, word geskend, sodat kinders wat leuens vertel dit moeilik vind om hulle skuld in te sien en te erken (Nelson, 1976, p. 61).

## 2.8 Hoërskoolleerlinge wat sedelik losbandig is

Promiskuiteit op elke gebied van die lewe is teenstrydig met die norme vir voorgeskrewe sedes, maar die welsyn van die groep word meer bedreig deur losbandigheid op seksuele gebied as enige ander vorm van promiskuiteit (Brown, 1942, p. 151).

Aansporing tot sedelike losbandigheid kom dikwels voor in die vroeëre speelgroepe in gedisorganiseerde gebiede omdat kinders se houding teenoor seks en hulle gedrag weerspieël word in die houdings van die groepe waarin hulle kennis van seks aan hulle sal status verleen (Bloch, 1952, p. 378).

Die grootste aantal meisies wat hulle skuldig maak aan seksuele wangedrag kom uit gesinne en omgewings waar armoede, gebrek en ontbering aan die orde van die dag is terwyl wat die middelklas betref, is diegene wat sedelik losbandig is die produkte van spanninge in die omgewing (Bloch, 1952, p. 378). Weens hierdie wanaanpassing word adolessente dikwels in situasies geplaas waar hulle ontvanklik is vir seksuele uitbuiting (Bloch, 1952, p. 378).

Baie adolessente voel ontwrig en onseker omdat hulle in hulle pogings probeer om 'n nuwe sedelikheid en 'n nuwe godsdiens te vind en hierdeur word hulle dan tydelik of langdurig ankerloos en die gevolge vir sommige is onsedelikheid en ongodsdienstigheid (Venter, 1958, p. 34-35).

Venter (1958, p. 35) wys daarop dat die verslapping van ouerlike toesig en dissipline sommige kinders se sinlike bevrediging stimuleer.

## 2.9 Hoërskoolleerlinge kom in opstand teen gesag

Om 'n duidelike begrip van gesag te hê, moet geweet word wat 'n norm is. 'n Norm is 'n positiewe reël wat 'n bepaalde wyse van gedrag of handeling voorskryf of verbied (Van Dijk, s.j., p. 65).

Positiewe norme word opgelê deur diegene wat in die posisie is om dit te doen, die mag het of bevoeg is om voor te skryf watter leefreëls in 'n bepaalde sfeer van 'n samelewing sal geld, met ander woorde hierdie mense het die gesag om dit te doen (Van Dijk, s.j., p. 65). In gesag is altyd op een of ander wyse die element van iets oplê op andere opgesluit, met ander woorde 'n bepaalde gedrag word voorgeskryf of voorgehou (Van Dijk, s.j., p. 65).

Wanneer onderwysers gesag op hulle leerlinge tydig en ontydig afdwing, stoot hierdie handelswyse leerlinge af en laat hulle standpunt inneem (Van Staden, 1965, p. 236). Kinders wil graag gesag aanvaar maar as dit nie gebou is op wedersydse vertroue en menswaardigheid nie, aanvaar hulle nie dié gesag nie (Sonnekus, 1971, p. 136).

As iemand met gesag bekleed is, moet hy dit met insig, kennis en oorleg uitoefen, anders is dit misplaaste

gesag wat in magsuitoefening tot uiting kom en aanstoot gee en weerstand uitlok (Duvenage, 1973, p. 242). As persone in outoriteitsposisies nie daarin slaag om hulle gesag reg te beoefen nie, dan dwing dit geensins respek af nie, maar eerder minagting en vyandigheid (Duvenage, 1973, p. 242).

Daar moet rekening gehou word met die feit dat die metodes van dissipline en verkeerde gesagsuitoefening uiteindelik belangrike gevolge van wanaanpassing kan hê (Baker en Traphagen, 1937, p. 312). Kinders reageer op 'n natuurlike dog negatiewe wyse op onregverdige behandeling wat hulle ontvang het wat tot uiting kom in hulle gedrag en woorde om hulleself te verdedig (Baker en Traphagen, 1937, p. 312).

Wanneer volwassenes kinders algehele vryheid van gedrag en handeling toelaat, sal hierdie kinders selde so 'n vryheid waardeur (Powell, 1971, p. 30). Gesag gaan per slot van rekening altyd gepaard met verantwoordelike gebondenheid.

### 3 Samevatting

Die gevolge van stremminge op hoërskoolleerlinge is in hierdie hoofstuk behandel, te wete hoërskoolleerlinge wat stokkiesdraai; met dwelmmiddels en alkohol eksperimenteer; wat vandale is; wat hulle skuldig maak aan aggressiewe gedrag; wat aan abnormale angs ly; wat sedelik losbandig is en hoërskoolleerlinge wat in



opstand kom teen dissipline en gesag.

Aangesien bogenoemde gedragspatrone nie net die tussenmenslike verhoudinge van hoërskoolleerlinge met sulke gedragspatrone benadeel nie, maar ook die groepe, instellings en sisteme waarvan hulle lede is, nadelig beïnvloed, is dit te verstane dat hierdie gedragspatrone ten sterkste afgekeur en veroordeel word deur die hele samelewing wat hieronder ly.

Hoërskoolleerlinge wat hulle skuldig maak aan hierdie soort gedragspatrone bedreig die gesonde funksionering van die hele gemeenskap. Daarom moet hierdie afwykende gedragspatrone in 'n baie ernstige lig beskou word en daadwerklike pogings moet aangewend word deur die huisgesin, die skool, die kerk en die omgewing om aan hoërskoolleerlinge positiewe leiding en voorligting te gee om hulle stremminge te verwerk en te bowe te kom.

## HOOFSTUK 7

### DIE GESIN, DIE SKOOL EN DIE KERK AS SOSIALE SUBSISTEME MET BETREKING TOT DIE VIER FUNKSIONELE PROBLEME IN 'n SOSIOLO- GIES-SISTEMIESE BESKOUIING

#### 1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke is die gesin, die skool, die kerk en die maatskappy en maats as sosiale subsisteme behandel met betrekking tot stremminge wat dit by hoërskoolleerlinge veroorsaak en die gevolge daarvan met die simptome wat uitingsvorme daarvan is.

Stremminge belemmer persoonlikheids groei en ontwikkeling en persoonlikheidsvorming van hoërskoolleerlinge, hulle skolastiese prestasies, hulle deelname aan buiteskoolse en ekstra-kurrikulêre aktiwiteite sowel as op sosiale vlak, naamlik dié van sosialisering, institutionalisering en internalisering van waardes en norme.

#### 2 Patroonhandhawing en spanningsbeheer

Dit word algemeen aanvaar dat mense in 'n samelewing leiding aan mense gee. In hierdie navorsing moet dus gelet word op die volgende.

Daar moet leiding deur ouers aan kinders in die gesin gegee word. In die hoërskool moet daar leiding aan hoërskoolleerlinge deur onderwysers gegee word, terwyl

in die kerk leiding gegee moet word aan hoërskoolleerlinge deur die kerklike ampte, naamlik die predikant, die ouderlinge en die diakens.

In die gesin, die skool en die kerk moet dié persone wat leiding gee dus gesag uitoefen en kinders en hoërskoolleerlinge moet hulle aan gesag en dissipline onderwerp. Elkeen van die voorgenoemde subsysteme het 'n eie gesagstruktuur, waardes en norme waaraan kinders en hoërskoolleerlinge hulle moet onderwerp.

Hierdie drie subsysteme lewer 'n waardevolle bydrae tot die emosionele, geestelike, sosiale, liggaamlike en verstandelike vorming van hoërskoolleerlinge deur aan hulle leiding te gee om hulle rolle in 'n samelewing op 'n positiewe wyse te vervul en om dan eindelik volwaardige en verantwoordelike volwassenes te kan wees.

Dit is dus duidelik dat hierdie genoemde subsysteme 'n baie belangrike opvoedingstaak het en daarom is dit van kardinale belang dat hierdie samelewingsvorme lojiaal teenoor mekaar moet wees en dat daar samewerking tussen hulle moet wees. Dit handel hierin om die positiewe interaksiepatrone van sowel die teenwoordige en afwesige funksionaris en rolvervullers in hierdie subsysteme.

In die struktureel-funksionele opvatting van die genoemde samelewingsvorme het hulle te make met gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse wat herhaal

en ingeskerp moet word want deur herhaling en inskerping word positiewe gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone vasgelê sodat mense ordelik kan saamleef in groepe en subsisteme.

Hierdie patrone van alle subsisteme en dus 'n sosiale sisteem moet gehandhaaf word en die rolbkleërs in die subgroepe moet die voorgenoemde patrone aanleer deur herhaling (Johnson, 1971, p. 53). Elke subsisteem moet dus beskik oor meganismes van 'sosialisering' - die proses waardeur kulturele patrone geïnkorporeer word in die persoonlikhede van die lede van 'n sisteem (Johnson, 1971, p. 53). Deur middel van die sosialiseringsproses is gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone wat kulturele patrone is deel van die persoonlikhede van die lede van 'n subsisteem.

Sekere waardes en norme word in elkeen van die genoemde subsisteme geïnstitutionaliseer en geïnternaliseer en elke lid van hierdie subsisteme het 'n individuele en ook 'n sosiale of groepsrol om te vervul. Hierdie waardes, norme en rolle het almal te make met gedrag, verhoudinge, handeling, gebeurtenisse en patrone daarvan.

Wanneer daar in die gesin afgewyk word van die normale en aanvaarbare waardes, norme en rolle sal hoërskoolleerlinge afwykende simptome van gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone openbaar, wat geklassifiseer kan word. As daar byvoorbeeld afwykende simptome van handelingspatrone by hoërskoolleerlinge ge-

openbaar word, kan sulke patrone as groep geklassifiseer word as hulle byvoorbeeld vandalistiese dinge doen. Op dieselfde wyse kan met die ander klassifikasies gehandel word.

Die gesin, die skool en die kerk is sosiale sub sisteme waar individue en groepe dus voortdurend in interaksie met mekaar is. Die genoemde samelewingsvorme het belangrike opvoedings- en vormingsfunksies want hulle moet kinders en hoërskoolleerlinge die geleentheid bied vir 'n gesonde en gebalanseerde persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling en speel dus 'n belangrike rol in die sosialiseringsproses wat die funksies van patroonhandhawing en spanningsbeheer behoort te bied.

Die genoemde sub sisteme moet probeer om ou en nuwe gedragspatrone te implementeer en in die regte rigting te lei. Wanneer een of meer van hierdie sub sisteme nie daarin slaag om die regte waardes en norme te institutionaliseer nie, is die gevolg dat hoërskoolleerlinge stremminge ervaar.

Patroonhandhawing is dus die patrone wat te make het met menslike gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse wat in situasies herhaal word en daar moet gekonformeer word aan die norme wat in daardie spesifieke situasie vir individue sowel as die groep geld. Elke keer as lede van 'n groep, instelling of sub sisteem in kontak met mekaar kom, het dit betrekking op 'n bepaalde situasie van een of ander aspek van die groep, instel-

ling of subsistees se struktuur en die herhaling hiervan is min of meer 'n eenderse wyse van gedrag of handeling wat dan 'n gedragspatroon vorm wat daarop toegespits behoort te wees om ooreen te stem met wat die norm voorskryf vir die verskillende lede van en vir die groep, instelling of subsistees.

Verder het patroonhandhawing te make met waardes, norme en rolle wat ook funksioneel van aard is en wat individue moet vervul en ook wat van ander individue van 'n groep, instelling of subsistees verwag word, byvoorbeeld ouer-kindverhoudinge, onderwyser-leerlingverhoudinge, ens. Omdat ongewenste gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone volgens hierdie navorsing veroorsaak word deur stremminge en spanninge ten gevolge het, moet die onaanvaarbare en ongewenste patrone teëgewerk word omdat dit nie konformeer aan die struktuurnorm en ook die normkompleks wat hierdeur gekleur word nie.

Dit is dus noodsaaklik dat spanninge beheer moet word tussen ouers en kinders, onderwysers en leerlinge, ens., met ander woorde daar moet gepoog word om die versteurde balans tussen individue of tussen die individu en die groep, instelling of subsistees te herstel deur middel van samewerking of interaksie tussen individue of tussen die individue en die groep, instelling of subsistees.

As kinders byvoorbeeld die regte en aanvaarbare waardes en norme van kleinsaf internaliseer en as die ouers

hulle kinders positiewe en liefdevolle leiding gee en gesonde dissipline en gesag handhaaf, sal kinders hierdie opvoeding en leiding aanvaar en hierdie waardes en norme sal 'n deel van hulle persoonlikhede word. Hulle sal dan hierdie gewenste gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone handhaaf en ken waarop die skool en die kerk en ander groepe, instellings en sisteme kan bou.

In die skool, die kerk, omgang met maats en dies meer geld weer ander waardes en norme vir onderwys, geloof respektiewelik en dus ook ander patrone, maar as die gesinsopvoeding positief is, sal kinders en hoërskoolleerlinge nie baie probleme en stremminge ervaar om ander waardes, norme en gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone te aanvaar en aan te leer nie en hulle sal daartoe in staat wees om selektief en verantwoordelik te werk te gaan.

Ouers, onderwysers, predikante en ander gesagsdraers moet aan kinders en hoërskoolleerlinge kennis in verband met waardes en norme meedeel en die regte patrone vaslê deur woord, daad en voorbeeld. Dit maak die intrede van kinders in die samelewing vir hulle soveel makliker deur die algemeen aanvaarde waardes, norme en rolle telkens vir kinders te vertolk terwyl hulle hul in hulle tog na volwassenheid daarmee gekonfronteer word (Kilian, 1971, p. 5).

In die vertolking van die genormeerde werklikheid vir kinders in die formele skoolsituasie is dit belangrik

dat hierdie norme nie in die kunsmatige sal bly vassteek nie, maar dat die onderwysers doelbewus daarna sal strewende om die kunsmatigheid te deurbreek en die norme tot lewenswerklikheid vir kinders te omskep (Kilian, 1971, p. 5). Dit is ook van toepassing op die gesin en die kerk.

Dit is dus onbetwisbaar waar dat waardes en norme deur kinders en hoërskoolleerlinge verwesenlik moet word, dit wil sê dit moet in hulle lewens vergestaltung vind, sodat hulle gehoorsaamheid aan bepaalde norme sigbaar kan wees in positiewe gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone.

Die eenhede van elke sosiale sisteem is onderhewig aan emosionele steurnisse en spanninge wat beheer moet word ten einde 'n doeltreffende funksionering van die eenhede van 'n sosiale sisteem te verseker (Johnson, 1971, p. 43). Ter illustrasie sê Johnson (1971, p. 43), "One of the functions of the family, for example, is to keep its members in good working order by relieving anxiety, providing encouragement, and caring for minor physical ailments". Dit kan ook op die hoërskool en die kerk toegepas word.

Hoërskoolleerlinge het 'n voorgeskrewe daaglikse roetine wat gevolg moet word wat aan hulle die geleentheid bied om spanninge wat ontstaan as gevolg van persoonlike en groepkonflikte en stremminge te verwerk en te beheer. Die hoërskool byvoorbeeld bied baie geleenthede vir leerlinge om aan sport en ander buitemuurse aktiwiteite deel



te neem en dit juis skep die geleentheid vir selfontplooiing en om 'n gevoel van belangrikheid en trots te hê, omdat hulle as 'n span, 'n vereniging of as individuele lede aan een of ander buitemuurse aktiwiteit van die hoërskool kan deelneem en dus 'n positiewe bydrae kan lewer tot die skoollewe en tot hulle eie vorming en ontwikkeling.

Deur hoërskoolleerlinge, byvoorbeeld op uitstappies en na leierskursusse te vergesel, kan 'n waardevolle bydrae gelewer word om positiewe norme te institusionaliseer wat hoërskoolleerlinge internaliseer en om gedrag te beheer. Wanneer hoërskoolleerlinge byvoorbeeld aangevoelig word om aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem soos sport, jeugverenigings, ens. word hulle gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse toegespits om sekere waardes en doelwitte na te streef wat alleenlik bereik kan word deur voorgeskrewe reëls te gehoorsaam, hulle volle gewig by die aktiwiteite in te werp en deur gemotiveerd te wees.

Die Christen-onderwysers moet hulle dit derhalwe ten doel stel om deur hulle lewens aan die kinders te toon dat die Christelike beginsels rigtinggewend vir die mens hier op aarde is (Kilian, 1971, p. 5). Alle gesagsdraers in die gesin, die skool, die kerk en die maatskappy moet dus deur 'n voorbeeldige lewenswandel aan hoërskoolleerlinge toon dat die enigste rigtinggewende beginsels die Christelike beginsels vir die persoon en die samelewingspraktyk en lewe is.

### 3 Aanpassing

'n Sosiale sisteem moet aangepas wees by die sosiale en nie-sosiale omgewing en omdat daar in elke sosiale sisteem arbeidsverdeling is, is roldifferensiasie noodsaaklik (Johnson, 1971, p. 53).

Van Staden (1976, p. 22) sê: "Elke individu in 'n subsisteem of groep moet kan aanpas by sy sosiale en nie-sosiale omgewing ten einde doelmatig te kan funksioneer, dit wil sê elke individu en groep moet onderling sowel as wedersyds bymekaar kan aanpas".

Aanpassing gaan om die funksionele verhouding tussen die individu en die groep en het te doen met waardes en norme en met die veelheid van individue waaruit 'n groep of subsisteem bestaan. Daar is 'n verskeidenheid van persoonlikheidseienskappe van al die individue in 'n groep of subsisteem. 'n Individu kan homself in 'n samelewing aanpas mits die samelewing met al sy instellings op 'n gesonde wyse georganiseer is, want dan ontplooi die verskeidenheid van individue wat hulle persoonlikhede vorm en ontwikkel.

Dit is belangrik dat daar 'n balans moet wees tussen die individu en die groep of subsisteem. Die individu is die aktiewe element wat 'n groep of subsisteem vorm en onderhou deur sy handelinge en aktiwiteite, byvoorbeeld individue vorm en onderhou die skool, die kerk, ens., terwyl die ander waarheid ook is dat groepe

en subsisteme individue beïnvloed.

Die funksionele probleem van patroonhandhawing en spanningsbeheer vorm 'n integrale deel in die aanpassing van hoërskoolleerlinge in die gesin, die skool en die kerk, maar waar die opvoeding van hoërskoolleerlinge skade gelyk het, word die sosialiseringproses nadelig beïnvloed.

Hoërskoolleerlinge wat as gevolg van stremminge gedragpatrone soos aggressiwiteit, vandalisme en dies meer openbaar, moet geleer word om hulle stremminge te verwerk om verantwoordelik daarby aan te pas. Hoërskoolleerlinge moet weet en geleer word wat van hulle verwag word in bepaalde situasies, daarom moet daar van kleinsaf die positivering van norme wees wat die toespitsing van gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse in elke situasie behels. Dan sal hoërskoolleerlinge bewus daarvan wees om verkeerde gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse te vermy.

Kinders moet dus reeds in die gesinsituasie geleer word om hulle by hulle fisiese en sosiale omgewing aan te pas deur te konformeer aan die voorgeskrewe en gewenste norme en hulle moet geleer word om die rolle wat hulle moet vervul, met ander woorde, hulle moet weet wat hulle rolverwagtinge is. Hoërskoolleerlinge moet ook weet watter rolle hulle in die skool, die kerk en in die samelewing moet vervul, dit wil sê op watter wyse hulle gedrag, verhoudinge, handeling en gebeurtenisse ten

uitvoer gebring moet word.

Buitemuurse aktiwiteite en kulturele bedrywighede in die hoërskool voorsien in 'n belangrike behoefte deurdat dit 'n positiewe wyse is waarop hoërskoolleerlinge in kontak met mekaar kom omdat sekere reëls en regulasies gehoorsaam moet word. Hierdeur besef hulle dat individuele pogings en doelwitte ondergeskik gestel word aan die behoeftes van ander hoërskoolleerlinge en die groep in die nastrewe van 'n gemeenskaplike doelwit. Aan elke hoërskoolleerling word 'n spesifieke rol en taak toegeken in dieselfde aktiwiteit wat aanpassing by 'n sosiale sisteem sal vergemaklik, want elke hoërskoolleerling is die aktiewe element in 'n groep.

As gevolg van stremminge openbaar hoërskoolleerlinge dikwels gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone wat nie sosiaal aanvaarbaar is nie, maar deur middel van dissipline, positiewe en liefdevolle leiding, dog streng en vasberade optrede kan hierdie ongewenste patrone ten goede verander word om kinders en hoërskoolleerlinge te laat aanpas by die drie sub-sisteme, naamlik die gesin, die skool en die kerk en ook by die samelewing.

Ouers, onderwysers en predikante en ander gesagsleiers moet aan die eise van hulle rolverwagtinge voldoen sodat hulle hoërskoolleerlinge kan help om hulle stremminge te kan verwerk en oorbrug. Die rolverhouding tussen, byvoorbeeld ouers en kinders, onderwysers en

hoërskoolleerlinge en predikante en voorgenome en aktiewe lidmate vereis dat negatiewe houdings wat deur stremminge veroorsaak word, ten goede verander moet word. Wanneer daar 'n gesonde verhouding tussen ouers en kinders, onderwysers en hoërskoolleerlinge en predikante en voorgenome en aktiewe lidmate is, sal hoërskoolleerlinge opsien na hierdie gesagsfigure, hulle respekteer, hulle waardes en norme probeer nastreef wat bydra om hulle persoonlikhede te ontwikkel.

Positiewe en gesonde reëls in die gesin, die skool en die kerk vergemaklik gesonde aanpassing en bied hulp om stremminge te verwerk wat hoërskoolleerlinge in staat stel om hulle probleme en stremminge self te verwerk en op te los.

#### 4 Doelbereiking

Baie nou saam met patroonhandhawing en spanningsbeheer vind ons die saak van doelbereiking. Johnson (1971, p. 54) wys daarop dat elke sosiale sisteem een of meer doelwitte het wat bereik moet word deur middel van 'n gesamentlike poging van die verskillende individue in 'n subsisteem waar aanpassing by die sosiale en nie-sosiale omgewing noodsaaklik is as 'n doelwit bereik moet word. Verder sê Johnson (1971, p. 54) dit is belangrik dat elke individu in 'n subsisteem sy spesifieke rol moet hê, wat hy moet vervul om saam met andere 'n doelwit te kan verwesenlik.

Die funksionele probleem van doelbereiking wat die gesin, die skool en die kerk betref, is om kinders en hoërskoolleerlinge te onderrig en op te voed deur kennis van liefde, onderwys en geloof respektiewelik oor te dra, hulle te dissiplineer en deur die gewenste en aanvaarbare waardes, norme en rolle te institusionaliseer wat hulle weer op hulle beurt moet internaliseer.

'n Verdere funksie van hierdie drie sub sisteme is om kinders, hoërskoolleerlinge en voorgenome lidmate van 'n kerk leiding te gee vir gesonde en gebalanseerde persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling en hulle dus te help om te sosialiseer. Dié drie sub sisteme moet dus kinders en hoërskoolleerlinge toerus met kennis, kundighede en vaardighede en voorsiening maak vir hulle liggaamlike, verstandelike, geestelike, emosionele en sosiale ontwikkeling. Elke kind en hoërskoolleerling moet gesien en behandel word as 'n individu wat sy eie doelwitte het wat hy nastreef en wil bereik, maar hierdie doelwitte moet in ooreenstemming wees met die waardes en norme van elkeen van die drie sub sisteme.

Gesonde vryetydsbesteding, deelname aan sport, uitstappies, kulturele bedrywighede van die omgewing, aktiewe deelname aan kerklike aangeleenthede en gereelde kerkbywoning kan 'n positiewe bydrae lewer om doelwitte te internaliseer sodat hoërskoolleerlinge uiteindelik hulle doelwitte kan bereik.

Wanneer hoërskoolleerlinge aangespoor word en bemoedig word om beter te presteer, hetsy op skolastiese-, sport- of kulturele gebied, mag hulle eers korttermyn doelwitte nastreef en probeer bereik wat kan lei tot die nastreef en bereiking van langtermyn doelwitte.

## 5 Integrasie

Johnson (1971, p. 54) wys daarop dat waar patroonhandhawing en spanningsbeheer met die toestand van die eenhede van 'n sub sisteem te make het, het integrasie te make met die onderlinge verhoudinge van die sub sisteme. Die lede van sub sisteme moet lojaal teenoor mekaar en ook teenoor die sub sisteem as 'n geheel wees, met ander woorde dit is 'n probleem van solidariteit en moreel wat belangrik is vir integrasie en patroonhandhawing (Johnson, 1971, p. 54). Moreel is ook nou verwant aan algemeen aanvaarde waardes, met ander woorde, moreel is die bereidwilligheid om jouself te wy aan spesifieke ondernemings deur sekere verpligtinge na te kom (Johnson, 1971, p. 55).

Johnson (1971, p. 55) sê verder dat in die daaglikse roetine is individue minder bewus van die doelwitte en belange van die hele samelewing maar hulle is wel gewoonlik bewus van die doelwitte en belange van kleiner subgroepe en sub sisteme.

In aktiwiteite waarby 'n aantal individue betrokke is, is samewerking noodsaaklik, terwyl die individue in

gesagsposisies die beslissings moet neem. Daar is ook 'n hiërargie van gesag. Diegene in gesagsposisies het die reg om bevel te delegeer. Regulerende norme beheer emosies, want om negatiewe emosies soos haat, jaloesie, ens. te beheer, moet daar regulerende norme wees. Daar moet ook toegesien word dat individue nie inbreuk maak op mekaar se regte nie. In die gesin, die skool en die kerk het elke lid van hierdie sisteme sekere regte, hoe gering ookal, wat deur al die lede van die sisteme gerespekteer behoort te word.

Dit gebeur dat in elke sisteem daar een of meer individue of selfs groepe is wat die regulerende norme skend of breek en indien die regulerende norme voldoen aan die sosiale behoeftes, bedreig hierdie skending of verontagsaming van die norme die spesifieke sisteem. Daarom is sosiale kontrole noodsaaklik en om die integriteit van die sisteem te beskerm, moet daar opgetree word teen individue en subgroepe wat hulle skuldig maak aan die verbreking en skending van die norme van 'n sisteem.

As daar byvoorbeeld 'n groep hoërskoolleerlinge doelbewus die dissipline en gesag van 'n skool probeer ondermyn, beïnvloed hulle ook ander leerlinge - sommige keur hulle houding en gedrag goed terwyl daar ander leerlinge sal wees wat hulle houding en gedrag ten strengste afkeur. Die optrede van die subgroep bedreig die integriteit van die skool en bemoeilik die handhawing van dissipline en gesag in die skool. Die hoof en die onderwysers is instrumenteel die persone wat moet optree



sodat die negatiewe invloed van die subgroep nie die dissipline en gesag van die skool nadelig beïnvloed nie.

Só 'n subgroep word gewoonlik gekenmerk deur 'n sterk groepskohesie en wanneer daar teen die lede van so 'n subsisteem opgetree word, kan stremminge, spanninge en selfs konflik ontstaan. Dit is dus van kardinale belang dat daar reëls, waaroor daar konsensus bestaan in byvoorbeeld 'n skool moet wees.

Daar is 'n neiging by baie hoërskoolleerlinge om hulle nie aan reëls, dissipline en gesag te wil onderwerp nie. Dit mag wees dat sulke hoërskoolleerlinge se opvoeding in die gesin nie genoeg aandag geniet het nie en ook waar die skool as 'n subsisteem nie baie hoog aangeslaan is in sekere samelewings nie. Hierdie hoërskoolleerlinge mag die hoof en onderwysers nie as ware gesagsdraers beskou nie en hulle mag voel dat hulle vryheid bedreig word as hulle hulle aan reëls, dissipline en gesag moet onderwerp.

Hulle mag só min belang by hulle skool hê dat hulle hulle eie belange en doelwitte wil verwesenlik sonder inagneming van die gemeenskaplike belange en doelwitte van die subsisteem. Die skool moet dus oor meganismes beskik om die stremminge, spanninge en konflik die hoof te bied en om die solidariteit van die skool vir die normale funksionering van die subsisteem te bestendig. Die klem moet val op die nastreef van gemeenskaplike belange en doelwitte deur die vertroue van die

individu en die subgroep te wen om samewerking te verkry en om 'n samehorigheidsgevoel te laat ontwikkel. Daarom is groeppaktiwiteite wat groepbelange bevorder, bevorderlik vir integrasie.

In sekere sin is alle geïnstitusioneerde gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone integreerend van aard. Daar moet rekening gehou word met die feit by die probleem van integrasie dat sekere strukture waaraan voorkeur gegee word, meer integrerend van aard is as ander strukture. Patrone van gesag integreer, byvoorbeeld die sosiale verhoudinge van 'n groep of 'n subsisteem wat saamwerk soos in die skool in die klas-kamersituasie, kulturele aktiwiteite en sport. Patrone van sosialisering berei kinders en hoërskoolleerlinge voor om in te pas by groepe en subsisteme en hiervoor dra die gesin die primêre verantwoordelikheid.

Wanneer gemeenskaplike doelwitte nagestreef word in 'n groep, is persoonlike wrywing feitlik onvermydelik as gevolg van die taktlose en onbedagsame optrede van sommige persone. Wrywing kan ook veroorsaak word wanneer sommige individue se voorstelle verwerp of op 'n afbrekende wyse gekritiseer word en al is die moreel van die groep of subsisteem hoe sterk, is daar nietemin bedreiginge wat integrasie belemmer. Dit is dus belangrik en noodsaaklik dat gesagsleiers maatreëls moet hê om die solidariteit van die subsisteem te herstel en sodoende die samewerking van die individue te verkry.

Al is die norme van 'n groep of 'n subsisteem sterk geïnstusionaliseer, sal daar nog probleme in verband met integrasie wees. Daar moet ook in gedagte gehou word dat elke sosiale subsisteem sy lede 'n sekere mate van vryheid moet toelaat om doelwitte, in hulle eie belange binne perke na te streef.

Integrasie, wat patroonhandhawing, spanningsbeheer, aanpassing en doeltreffendheid insluit, is die eenmaak van die individu, die samelewing en die kultuur, wat in relatiewe sin die produkte van die mens, die enkeling se skeppende vermoë is.

## 6 Samevatting

Die funksies van die drie sosiale subsisteme, naamlik die gesin, die skool en die kerk kan alleenlik verstaan word as die verband waarin hierdie subsisteme tot mekaar staan, verstaan word, naamlik dat alle instellings in 'n samelewing uit die gesin groei en daarom vorm die skool en die kerk integrale dele van mekaar wat samewerking vereis. Hierdie drie subsisteme behoort in samewerking met mekaar te funksioneer wat mekaar aanvul om kinders en hoërskoolleerlinge te laat aanpas in ander groepe en subsisteme en om by te dra tot die proses om gebalanseerde, verantwoordelike volwassenes te vorm en te ontwikkel.

Dit maak nie saak hoe sterk en positief norme geïnstusionaliseer is nie, hetsy in die gesin, die skool of

die kerk, sal daar altyd individue en groepe wees wat van die voorgeskrewe norme sal afwyk wat tweespalt ten gevolge kan hê. Dit is dus noodsaaklik dat daar sekondêre meganismes van sosiale kontrole moet wees om die struktuur van die groep te rugsteun.

In elke sosiale subsisteem is daar die vier funksionele probleme van patroonhandhawing en spanningsbeheer, aanpassing, doelbereiking en integrasie en vir elkeen van hierdie vier funksionele probleme is daar 'n ooreenstemmende subsisteem van 'n samelewing. Die gesin het byvoorbeeld 'n ekonomiese funksie, omdat die gesin in die materiële behoeftes van kinders en ouers moet voorsien. Die gesin is verder ook betrokke by die funksionele probleme van integrasie en doelbereiking, maar is hoofsaaklik betrokke by die funksionele probleem van patroonhandhawing en spanningsbeheer. Met betrekking tot die laasgenoemde, dra die gesin die primêre verantwoordelikheid omdat die gesin die belangrikste sosialiseringstansie van 'n samelewing is.

Die rol wat die gesin speel wat spanningsbeheer betref, is om kinders reeds in die gesinsituasie toe te rus vir deelname aan 'n groot verskeidenheid subsisteme in 'n samelewing. Dus kan die belangrikheid van 'n gesonde gesinsmilieu, leiding en opvoeding nie genoeg beklemtoon word nie, omdat juis in die gesin kinders reeds besef dat net soos daar in die gesin rolverdeling en rolvervulling is, so is daar ook rolverdeling en rolvervulling in elke subsisteem van elke samelewing.

Die skool, die kerk, die maatskappy en maats, wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die funksionele probleem van patroonhandhawing en spanningsbeheer, kan dus 'n positiewe bydrae lewer om kinders en hoërskoolleerlinge verder op te voed en te laat sosialiseer. Sodoende kan hulle selfstandige, positiewe en gebalanseerde volwasse word wat lateraan die opvoeding van kinders en hoërskoolleerlinge dit hulle erns kan maak.

## HOOFSTUK 8

### 'n SAMEVATTENDE SLOTBESKOUIING

#### 1 Inleiding

Die voorafgaande hoofstukke bestaan uit 'n inleiding waarin die aard en omvang, die opvoedkundig-sosiologiese aard van die probleem, die doelstelling van die ondersoek in die algemeen en in besonderhede, die metode van studie en die omskrywing van 'n paar begrippe wat dikwels in die verhandeling voorkom, ontleed word.

Hierna volg 'n volledige beskrywing van die funksies van die huisgesin, die skool, die kerk en die omgewing en maats en die bydrae wat hierdie drie sosiale subsysteme en die omgewing en maats lewer tot die oorsake en gevolge van stremminge by hoërskoolleerlinge.

Daar is 'n klassifikasie van die gevolge van stremminge op hoërskoolleerlinge veroorsaak deur die genoemde sosiale subsysteme en die omgewing en maats gedoen. Vervolgens is die huisgesin, die skool en die kerk as sosiale subsysteme met betrekking tot die vier funksionele probleme in 'n sosiologies-sistemiese beskouing behandel.

Deur die gebruikmaking van uitsprake deur gesaghebbendes op die gebied van die genoemde sosiale subsysteme en die omgewing en maats, is aangetoon hoe belangrik dit is dat elkeen van hierdie sosiale subsysteme op 'n gesonde en po-

sitiewe wyse moet saamwerk om te verseker dat hoërskoolleerlinge die regte leiding kry op hulle tog na volwassenheid. Hierdie slothoofstuk sal gewy word aan 'n samevatting van enkele aanbevelings ten einde 'n beter insig te kry in die geestelike behoeftes van hoërskoolleerlinge.

## 2 Samevattende aanbevelings

### 2.1 Die gesin

Die liefdenorm wat die grondslag van elke gesin behoort te vorm, moet verwerklik word in liefde van ouers vir mekaar en hulle kinders. Ouers moet hulle kinders op 'n liefdevolle wyse versorg en ook liefdevolle leiding en opvoeding aan hulle kinders gee want dit lê die stewige fondament vir 'n gesonde persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling van hoërskoolleerlinge. Dit is dus noodsaaklik dat ouers vir hulle moet liefhê, omgee, beskerm en altyd bereid moet wees en die tyd moet hê om hulle te help. Wanneer kinders voel dat hulle ouerhuise veilige en gelukkige skuilplekke is, sal hulle maklik aanpas in die skool.

In die gesinsituasie moet kinders geleer word om hulle aan dissipline en gesag, wat gebaseer moet wees op liefde, te onderwerp. Verkeerde en ongewenste gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone moet bestry word deur die toepassing en handhawing van dissipline en gesag, want by 'n gebrek aan die regte dissipline en gesag in die huisgesin, sal sulke hoërskoolleerlinge probleme kry in die samelewing wat stremminge

ten gevolge kan hê omdat hulle, wanneer hulle na die skool gaan en kategeseklasse bywoon, ongedissiplineerd is en gesag misken en sodoende kom hulle in botsing met gesagsfigure wat se gesag en handhawing van dissipline nie deur hulle aanvaar sal word nie.

Wanneer kinders in die huisgesin gesonde emosionele versorging kry, sal hulle geborge voel en dit sal hulle in staat stel om op 'n gesonde emosionele wyse aan te pas by groepe, instellings en ander sisteme in die samelewing. Gesonde en gebalanseerde gevoelsverhoudinge tussen ouers en kinders en die kinders onderling, laat kinders geborge voel.

As moeders volwasse, volwaardige moeders is, sal hulle 'n navolgingswaardige voorbeeld vir hulle kinders stel. Volwasse, volwaardige moeders sal byvoorbeeld nie hulle kinders verwerp nie, sal hulle nie oormatig beskerm nie en sal 'n normale, gebalanseerde gevoelsverhouding met hulle kinders hê.

Dis 'n ongesonde toedrag van sake as ouers voortdurend hulle kinders vergelyk wat hulle akademiese- en sportprestasies betref en ook dikwels hulle kinders se geaardhede in hulle teenwoordigheid vergelyk. Kinders wil erkenning van hulle ouers hê en wil hê dat hulle ouers hulle aanvaar en liefhet ten spyte van hulle tekortkominge en swakhede.

'n Kommerwekkende uitvloeisel van die affluente samelewing is dat baie ouers te toegeeflik geword het. Dit



is asof hulle vir 'iets' wil vergoed deur altyd toe te gee aan hulle kinders se eise en wense. Daar moet gewaak word teen hierdie neiging omdat toegeeflikheid op elke gebied nie respek afdwing nie. Ouers moet hulle kinders gewoond maak aan die feit dat hulle nie alles kan kry wat hulle wil hê nie en dat hulle nie altyd mag doen wat hulle wil doen nie. Kinders moet geleer word dat hulle moet werk as hulle iets wil bekom en iets wil bereik in die lewe. Hulle sal hulle aan die dissipline en gesag van hulle ouers onderwerp en hoë agting vir hulle ouers koester, as hulle weet dat hulle nie vrye teuels wat hulle doen en late betref, het nie.

Aangesien 'n veeleisende en te streng opvoeding stremminge ten gevolge het, moet ouers beseft dat beide van hulle selfbeheersd moet wees en aktief en opreg moet belangstel in hulle kinders en hulle nie voortdurend kritiseer en afkam nie. Aanmoediging van die kant van beide ouers, kan veel vermag dat kinders 'n gevoel van eiewaarde ontwikkel en ook dat hulle selfvertroue sal hê.

In die geval van 'n egskeiding of die afsterwe van een van die ouers, ervaar kinders dikwels emosionele ongeborgenheid. Wanneer die ouer weer trou, kan hierdie gevoel van emosionele ongeborgenheid vererger word deurdat 'n stiefouer nie oor die weg kan kom met die stiefkinders nie of stel geensins belang in hulle nie. Dit is dus van kardinale belang dat wanneer 'n ouer weer in die huwelik tree, ook die kinders in aanmerking ge-

neem moet word. Konflikte en stremminge kan by dié kinders voorkom word deur begrypende liefde teenoor hulle te toon, want dan sal hulle voel dat hulle 'n deel is van 'n volledige huisgesin, gebou op die fondament van die liefdenorm.

Ouers moet ook beseft dat die reëls wat vir hulle as kinders gegeld het, nie almal van toepassing is op hulle kinders nie, maar dat hulle kinders, veral wanneer hulle in die hoërskool is, hedendaags meer vryhede, binne perke, geniet as wat die geval was toe hulle kinders was, byvoorbeeld op sosiale gebied.

Aangesien die gesin die primêre opvoedingsinstelling is, het stremminge wat kinders ervaar gewoonlik hulle oorsprong in die huisgesin, dit wil sê die huisgesin is die voedingsbodem van stremminge. Alle ander sosiale sub siste me in 'n samelewing groei sosiologies uit die huisgesin en daarom is dit juis van die allergrootste belang dat ouers hulle verantwoordelikhede ten opsigte van hulle kinders se opvoeding moet aanvaar en dat hulle hulle kinders volgens Bybelse beginsels moet opvoed. Kinders moet gemotiveer word om verkeerde gedrags-, verhoudings-, handelings- en gebeurtenispatrone te vermy en om te lewe en te werk tot die eer van God.

## 2.2 Die skool

Wanneer laerskoolleerlinge die hoërskoolmilieu in standerd 6 betree, moet groot en soms ingrypende aanpassings

gemaak word. In standerd 5 was hulle die seniors na wie opgesien is deur die leerlinge in die laer standerds. In die hoërskool is hulle weer juniors wat as sulks deur die seniors behandel word wat vir die meerderheid van hulle 'n vreemde en soms angswekkende ervaring en situasie is.

Die klaswisseling, die kennismaking met nuwe vakke en moeiliker vakinhoud en vakonderwys, is dikwels vir hulle verwarrend en hulle voel as't ware dat hulle in 'n doolhof beland het. Hierdie nuwe en onbekende situasies kan stremminge ten gevolge hê en diegene wat reeds stremminge ervaar, kan 'n intensifisering daarvan ten gevolge hê.

Dit is dus van die allergrootste belang dat die hoof en die onderwysers van meet af aan 'n opregte en gesonde belangstelling moet toon in al die nuwelinge en vanselfsprekend ook in die ander hoërskoolleerlinge. As die onderwysers 'n vertrouensverhouding by die hoërskoolleerlinge vir wie hulle onderrig gee, inskerp, sal hulle hulle onderwysers respekteer, hulle leiding en hulp aanvaar en hulle vereenselwig met die reëls, dissipline en gesag van die skool. Daar sal dan noodwendig 'n harmonieuse atmosfeer in die skool heers en daar sal samewerking wees tussen onderwysers, hoërskoolleerlinge en ouers.

Alle onderwysers moet tot insig kom dat die doel van opvoeding en onderwys nie net die bybring van kennis,

kundighede en vaardighede is nie en dat daar nie net eksamengerig gewerk moet word nie, maar dat die opvoedingsproses ook in die hoërskool gaan om die vorming en ontwikkeling van al die fasette van die ontplooiende en ontwikkelende persoonlikhede van hoërskoolleerlinge. Onderwysers moet elke hoërskoolleerling sien en behandel as 'n besondere persoonlikheid wat spesifieke geestelike en emosionele behoeftes het en wat opgevoed moet word tot volwassenheid op alle vlakke van die lewe.

Dit is 'n ongelukkige en betreurenswaardige feit dat baie hoërskoolonderwysers die belangrikheid van die voogstelsel in die hoërskool onderskat. As die voogstelsel tot sy reg kom, kan hoërskoolleerlinge daadwerklike hulp ontvang om hulle stremminge te bowe te kom en om 'n gesonde aanpassing in die hoërskool te maak. Normgehoorsame, beginselvaste, hardwerkende, simpatiek-ingestelde onderwysers sal aan die hoërskoolleerlinge oor wie hulle as voogde aangestel is, dit hulle taak maak om aan hierdie leerlinge persoonlike, simpatieke aandag te gee. Deur die onderwysers se positiewe invloed en leiding sal hulle die hoërskoolleerlinge wat in hulle sorg geplaas is, leer om teleurstellings te aanvaar en te verwerk. Hulle sal hulle probleme en stremminge beter begryp en sodoende sal hulle positiewe leiding ontvang op hulle tog na volwassenheid.

As onderwysers opreg, opgeruimd, positief ingestel en vriendelik is sonder om familiêr te wees teenoor hoërskoolleerlinge sal dit 'n groot bydrae lewer om hoër-

skoolleerlinge te inspireer om lojaal teenoor die skool te wees en om hulle geborge te laat voel. Dit is verder belangrik dat onderwysers hoërskoolleerlinge moet aanmoedig, besiel, help en bemoedig. Onderwysers moet ook bewus wees van die beperkinge, vermoëns en tekortkominge van die hoërskoolleerlinge van wie hulle voogde is, sodat hierdie kennis aan kollegas oorgedra kan word om sodoende te voorkom dat sommige hoërskoolleerlinge nie gedryf word om bo hulle vermoëns te presteer nie en om buitengewone begaafde hoërskoolleerlinge te motiveer om volgens hulle vermoëns te presteer. Hierdeur kan ongesonde mededinging uitgeskakel word. Wanneer onderwysers bewus is van die beperkte vermoëns van sommige hoërskoolleerlinge, kan daar ekstra aandag aan hierdie leerlinge gegee word.

Daar is 'n neiging by baie hoërskoolleerlinge wat die akademiese kursus volg om neer te sien op dié hoërskoolleerlinge wat die praktiese kursus volg. Om te voorkom dat hoërskoolleerlinge in die praktiese kursus selfvertroue en selfs moed verloor, wat stremminge ten gevolge kan hê, moet hulle besonder simpatiek behandel word om 'n gevoel van eiewaarde by hulle te kweek. Liefdevolle, simpatieke en begrypende optrede teenoor hoërskoolleerlinge in die praktiese kursus, wat miskien weens swakker verstandelike vermoëns of deur omstandighede, soos 'n sosiale agterstand in die praktiese kursus beland het, is noodsaaklik.

Hoërskoolleerlinge in die praktiese kursus moet verder aangemoedig word om hard te werk en om aan sport en die kulturele bedrywighede van die skool deel te neem wat sal bydra tot 'n gesonde persoonlikheidsontplooiing en -ontwikkeling. Hulle moet gemotiveer word om solank as moontlik in die skool te bly, sodat hulle meer betalende werk kan doen en dus 'n menswaardige bestaan in die volwasse wêreld kan voer.

Met die skepping van die poste Departementshoofde van Opvoedkundige Leiding is 'n groot mylpaal in die onderwys behaal, omdat die primêre taak van hierdie onderwysers is om toe te sien dat die voogstelsel in die skool op 'n gesonde wyse funksioneer.

In die beroepsleiding- en voorligtingsperiodes moet hoërskoolleerlinge tot selfkennis kom en daarom is dit van kardinale belang dat hierdie onderwysers die vertrouwe besit van die leerlinge en simpatiek en geduldig moet wees. Hierdie onderwysers moet hoërskoolleerlinge lei tot verantwoordbare keuses wat hulle studierichtings, vakkeuses en beroepskeuses betref. Verder moet hoërskoolleerlinge leiding ontvang om hulle eie vermoëns, aanleg en beperkinge te ontdek. Tydens genoemde periodes moet hulle leiding kry in verband met die regte studiegewoontes en -metodes.

Daar moet 'n besondere sterk vertrouensverhouding tussen hierdie onderwysers en hoërskoolleerlinge bestaan, sodat hoërskoolleerlinge die vrymoedigheid kan hê om

openlik hulle probleme met hierdie onderwysers te bespreek. Stremminge kan te bowe gekom word deur hoërskoolleerlinge in groepsverband en ook op 'n individuele vlak leiding te gee in die hantering van stremminge. In samewerking met voog- en vakonderwysers kan stremminge geïdentifiseer word en in die geval van ernstige stremminge kan deskundiges by die kinderleidingklinieke terapeutiese hulp verleen aan hierdie hoërskoolleerlinge.

Genoeg tyd moet tot die beskikking van departementshoofde van opvoedkundige leiding wees om ouers wie se kinders stremminge ervaar te woord te staan en om onderhoude te voer met dié ouers en dié hoërskoolleerlinge. Hierdie prosedure sal baie daartoe bydra om beter samewerking tussen ouers en onderwysers tot stand te bring en om kennis te dra van hoërskoolleerlinge se huislike agtergrond. Sodoende kan hierdie kennis gebruik word om hulp en leiding te gee aan ouers sowel as hoërskoolleerlinge wat opvoedingstekorte in die huisgesin ervaar.

Wanneer ouers voel dat hulle die vrymoedigheid het om hulle probleme met hierdie onderwysers te bespreek, sal dit die harmonie en samewerking tussen die ouerhuis en die skool bevorder, want dit is noodsaaklik dat ouers en onderwysers baie nou moet saamwerk in die opvoeding van hoërskoolleerlinge om hulle 'n verantwoordelikebesef te laat ontwikkel.

Onderwysers moet deur woord en voorbeeld die vertroue van hoërskoolleerlinge probeer wen, daarom moet hulle

belangstel in hulle leerlinge - hulle skolastiese vordering, hulle buiteskoolse aktiwiteite en ook hulle persoonlike lewens. As hoërskoolleerlinge hulle onderwysers vertrou en geborge by hulle voel, sal hulle hulle onderwysers in hulle vertroue neem en hulle vrywillig onderwerp aan die skool se dissipline en gesag.

In soverre as wat dissipline en gesag betref, moet hoërskoolleerlinge hulle daaraan onderwerp maar dan moet dit aanvullend by die geval van die huisgesin, op die skoolnorm gebaseer wees. Onderwysers mag nooit hulle gesagsposisies misbruik nie en hulle moet altyd in gedagte hou dat alle gesagsdraers net relatiewe gesag besit en omdat hulle diensknegte van God is, oefen hulle gesag uit in opdrag van God. As dissipline en gesag dus met insig, kennis, oorleg en selfbeheersing uitgeoefen word, sal hoërskoolleerlinge hierdie dissipline en gesag nie misken nie.

### 2.3 Die kerk

Die kerklike instituut met die onderskeie ampte is mede verantwoordelik saam met die gesin en die skool vir die opvoeding en persoonlikheidsontplooiing en -ontwikkeling van hoërskoolleerlinge.

Ook die kerk moet buitengewoon versigtig wees in die hantering van en benadering tot hoërskoolleerlinge om sodoende nie hulle vertoue te skok nie en dat hulle nie die pad byster raak nie. Daar moet onder andere toege-



sien word dat die geloofskennis wat hoërskoolleerlinge in die kategeseklasse opdoen, nie loshang van hulle daaglikse lewe nie, maar dat dit wel 'n deel van hulle daaglikse lewe en denke uitmaak, dit wil sê hulle moet leiding kry om hulle geloof prakties uit te leef op alle vlakke van die lewe.

Daar is 'n behoefte by hoërskoolleerlinge dat predikante simpatiek, begrypend en opreg teenoor hulle moet wees. In die kategeseklasse en by die ander kerklike aktiwiteite behoort predikante, ouderlinge, diakens en kategete hoërskoolleerlinge beter te leer ken en belangstel in hulle om hulle vertrou en lojaliteit te wen want dan sal hoërskoolleerlinge 'n aktiewe en opregte belangstelling in die kerk ontwikkel.

Dit is reg en só moet dit ook wees dat predikante hoërskoolleerlinge moet vermaan en op die vernietigende gevolge van sonde en negatiewe beïnvloeding wat hulle godsdienstige en sedelike norme afbreek, te wys, maar om altyd te veroordeel en afbrekende kritiek te lewer, wek weersin en maak hulle krities teenoor die kerk.

Indien hulle ouers nie kerkvas is nie, mag dit gebeur dat baie hoërskoolleerlinge heeltemal kerklos, kerkloos en ankerloos in hulle geloof word. Aangesien hoërskoolleerlinge baie ontvanklik vir beïnvloeding is, is dit raadsaam om die klem op die genade en liefde van die Here te laat val. Ook in die kerk moet hoërskoolleerlinge gesien word as medeskepsels en beelddraers van

God wat sondig is, maar ook gered is deur Christus se soendood.

Baie hoërskoolleerlinge bevraagteken die egtheid van die godsdiens en word buitestaanders in soverre as wat dit die kerk betref, daarom is dit belangrik dat predikante nie aanstoot gee deur hulle houding nie. In hulle woorde en werke moet predikante wys dat hulle God en hulle medemens waarlik liefhet wat getuig van 'n opregte lewenswandel, want as predikante só 'n navolgingswaardige lewenswandel het, sal hoërskoolleerlinge hoë agting vir hulle hê en hulle nader aan die kerk trek.

As predikante die Godgegewe norme in hulle daaglikse omgang met mense uitleef, sal baie hoërskoolleerlinge ook daarna streef om daardie Godgegewe norme te internaliseer en dit uitleef op alle terreine van die lewe. Deur hulle navolgingswaardige voorbeeld sal predikante toon dat die Christelike beginsels die enigste rigtinggewende beginsels is. Dit sal baie daartoe bydra dat die kerk sy geestelike invloed op hoërskoolleerlinge behou en uitbrei.

Naas die huisgesin en die skool is die kerk verantwoordelik om hoërskoolleerlinge te lei tot volwassenheid, om verantwoordelikheid vir hulle daade te aanvaar en om roepingsbewus te wees. Deur die verkondiging van die Woord en deur die navolgingswaardige voorbeeld van die kerklike instituut met die verskillende ampte, sal hoërskoolleerlinge se geloof en geloofssekerheid ver-

sterk word wat rigting aan al die bestaanswyses, van die aritmetiese tot die pistiese, van hoërskoolleerlinge sal gee. Geloofssekerheid versterk 'n gevoel van geborgenheid.

Die kerk moet meewerk aan die geloofsvorming van hoërskoolleerlinge en hulle oortuig dat die hoogste funksie van elke individu geloof en diens aan God is. Aan hoërskoolleerlinge moet ten alle tye voorgehou word dat die hoogste en edelste doel van die mens op aarde is om God te dien en te eer want dan sal hoërskoolleerlinge hulle medemens opreg dien en eerbied vir die lewe hê. Predikante, ouderlinge en diakens behoort kennis te dra van hoërskoolleerlinge se huislike omstandighede om hulle gedrag, handeling en ook houding teenoor die kerk beter te verstaan en om hulp te verleen en leiding te gee waar dit nodig is.

#### 2.4 Die omgewing en maats

Aangesien die maatskaplike omgewing en maats 'n onmiskenbare invloed uitoefen op die gedrag, verhoudinge en handeling van hoërskoolleerlinge, is dit noodsaaklik dat die samelewing op 'n gesonde wyse georganiseer moet word, sodat die verskillendhede in die samelewing tot volle mate ontplooi, want dan ontplooi die persoonlikheidseienskappe van hoërskoolleerlinge tot die hoogste mate vir hulle vorming en ontwikkeling om sodoende as gebalanseerde individue die volwasse wêreld te betree.

Die ekonomiese peil van gesinne speel 'n belangrike rol in die huidige opset. Swak behuising in swak woonbuurtes is nie bevorderlik vir 'n gesonde persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling nie en het soms 'n nadelige invloed op die skolastiese vordering van hoërskoolleerlinge wat meebring dat baie die skool te vroeg verlaat.

Dit sal baie help as hoofde van skole voorligting aan hierdie ouers gee om hulle op die nadele van te vroeë skoolverlating te wys en hulle aanmoedig om hulle kinders te motiveer om hulle na die beste van hulle vermoëns te kwalifiseer om sodoende hulle ekonomiese peil te verhoog as hulle volwassenes is.

Dit het tyd geword dat daar daadwerklike stappe gedoen word van die kant van owerheidsweë en plaaslike owerhede om deur middel van subsidies 'n behuisingskema daar te stel vir gesinne wat in 'n lae inkomstegroep val, te help om hulle eie huise in 'n beter woonbuurt te bekom sodat aan hierdie gesinne 'n geleentheid gebied word om hulle eie huise te bekom en om huiseienaarstrots te hê.

Deur middel van voorligting en demonstrasies kan die verskillende welsyns- en kerkorganisasies aan vrouens uit lae inkomstegroepe van raad bedien word hoe om geld op kos, klere en ander artikels op 'n meer ekonomiese wyse te bestee, want daar is altyd die versoeking in supermarkte om artikels wat mens nie nodig het nie, te koop. Demonstrasies kan gegee word om voedsame, maar ekonomiese en smaaklike disse voor te berei.

Hoërskoolleerlinge moet hulle vrye tyd op 'n gesonde wyse benut en gesonde ontspanning kry, want 'n gebrek aan ontspanning lei tot spanning wat stremminge ten gevolge kan hê. Die plaaslike owerhede van dorpe en stede kan sorg dat daar voldoende fasiliteite is om hoërskoolleerlinge die geleentheid te bied om veral gedurende naweke en skoolvakansies op sosiale- en sportgebied te ontspan en gesellig te verkeer. Daar kan ook op georganiseerde basis stokperdjies beoefen word.

Dit alles sal doellose rondslentery en kwaaddoenery teëwerk. As hoërskoolleerlinge op hierdie wyses ontspan, sal hulle nie só maklik die slagoffers van die negatiewe beïnvloeding van maats word nie. Gesonde menslike verhoudinge kan gebou word en opregte vriendskapsbande kan gesluit word as daar in dorpe en stede fasiliteite bestaan waar hoërskoolleerlinge hulle vrye tyd op 'n opbouende wyse kan bestee.

### 3 Samevatting

In die samevattende slotbeskouing is 'n paar aanbevelings aan die hand gedoen wat die gesin, die skool, die kerk en die omgewing kan doen om in die geestelike behoeftes van hoërskoolleerlinge te voorsien om sodoende stremminge te voorkom.

Die belangrikheid van die gesinsmilieu is beklemtoon omdat 'n liefdevolle en geborge ouerhuis en gesinslewe kinders help om emosioneel standvastig te wees. Hoër-

skoolleerlinge moet dus altyd teen die agtergrond van hulle huislike milieu gesien word om hulle gedrag en handeling beter te begryp. Verder is daarop gewys dat die skool en die kerk buitengewoon versigtig moet wees in hulle houding teenoor en behandeling van hoërskoolleerlinge. Die genoemde sosiale subsisteme behoort 'n vertrouensverhouding tussen hulle en hoërskoolleerlinge te kweek. Simpatieke, opregte en taktvolle optrede van gesagsdraers speel 'n belangrike rol om hoërskoolleerlinge positief te beïnvloed en hulle lojaliteit te wen en vertrouwe te geniet.

Ouers, onderwysers, predikante en ander volwassenes in die omgewing en die portuurgroep speel 'n baie belangrike rol in die persoonlikheidsontwikkeling van hoërskoolleerlinge en dus kan die oorsake van stremminge teruggevoer word tot 'n gebrekkige behoeftebevrediging binne een of meer van die genoemde sosiale subsisteme. Die gesagsfigure van die genoemde sosiale subsisteme en ander gesagsfigure in die omgewing moet dus hulle verantwoordelikheid besef teenoor hoërskoolleerlinge aangesien die hele samelewing opgesaal word met die probleem van stremminge en die uitingsvorme daarvan by hoërskoolleerlinge.

#### 4 Slotparagraaf

Hierdie verhandeling is die vrug van 'n gevoelde behoefte, 'n groot leemte en kommer oor die aktualiteit van die probleem van onderwys en opvoeding van die jeug van ons land. Dit is juis langs hierdie weg van 'n verhandeling om 'n bydrae te lewer tot die kennis van gesonde en ongesonde

patrone van gedrag, verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse waartoe bepaalde sosiale sisteme bydra om hoërskoolleerlinge se persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling positief en negatief te beïnvloed en die eliminerings van laasgenoemde deur riglyne en motiverings wat aan die hand gedoen word. Hierdie kennis kan met groot vrug benut word in die taak en roeping van die onderwysprofessie vir die weerbaarmaking van jong manne en vroue wat hulle plekke en rolle kan volstaan en roepingsgetrou in 'n samelewingsorde kan arbeid tot eie voordeel, die naaste en vir Sy Koninkryk.

## BIBLIOGRAFIE

- Albertyn, J.R., Du Toit, P  
en Theron, H.S. 1947. Kerk en stad. Stellenbosch,  
Pro Ecclesia drukkerij.
- Anonymous. 1949. Citizens growing up at home, in  
school and after. Published for  
the Ministry of Education by His  
Majesty's Stationery Office.
- Baker, H.G. en Traphagen,  
N. 1937. The diagnosis and treatment of  
behavior-problem children. New  
York, The Macmillan Co.
- Beets, N. 1961. Volwasse worden. Utrecht, Erven  
J. Bijleveld.
- Biesterveld, P. 1908. Het huisbezoek. Kampen, J.H. Bos.
- Blas, P. 1962. On adolescence. New York, The  
Free Press.
- Bollnow, O.F. 1958. Nieuwe geborgenheid. Utrecht,  
Erven J. Bijleveld.
- Breedt, A. 1972. Fasette van die samelewingsstruk-  
tuur waarin die hedendaagse jong-  
mense lewe. Onderwysblad, April.



- Bricklin, B. en Bricklin, Patricia, M. 1967. Bright child - poor grades. The psychology of underachievement. U.S.A. Delta Corte Press.
- Brown, L.J. 1942. Social pathology. Personal and social disorganization. New York, F.S. Crofts and Co.
- Burt, C. 1958. The backward child. London, University of London Press Ltd.
- Calon, P.J.E. s.j. De jongen. De psychologie van de jongen van de laatste schooljaren tot aan de volwassen leeftijd. (zevende druk). Haarlem, Uitgeverij De Toorts.
- Carp, E.A.D.E. MCMLXVII. Agressie en agressiviteit. Utrecht/Antwerpen, Uitgeverij Het Spectrum.
- Coetzee, Chris J. 1942. Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Beperk.
- Colijn, H. en Kestell, J.D. 1935. Koers in die krisis. Artikels versamel deur die Federasie van die Calvinistiese Studentevereniging in Suid-Afrika. Stellenbosch, Pro Ecclesia Drukkery.

- Couwenburg, S.W. 1959. De vereenzaming van de moderne mens. 'S Gravenhage, Uitgeversmaatschappij Pax.
- D'Evelyn, K.E. s.j. Meeting children's emotional needs. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall Inc.
- Du Toit, J.B., s.j. Afwykende gedrag. 'n Studie van Steyn, A.F. en enkele maatskaplike probleme. Rip, C.M. Kaapstad, Nasou Bpk.
- Du Toit, S.I. 1969. Aggressiwiteit. Sielkundebiblioteek. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk.
- Duvenage, S.C.W. 1973. Die opstandige student. 'n Analise en evaluering van studenteaktiwisme in die V.S.A. Potchefstroom, Pro Regepers Bpk.
- Duvenage, S.C.W. 1962. Kerk, volk en jeug. Deel I. Die verhouding van kerk tot volk, 'n histories-prinsipiële studie. Zaandijk, Drukkerij J. Heijnis TSZ.
- Eksteen, A.J. 1967. Die persoonlikheidsstruktuur en die ortopedagogiese rehabilitasie van leerlinge by die Kliniekskool Loopspruit. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria, Universi-

teit van Suid-Afrika.

- Fairchild, H.P. 1962. Dictionary of sociology. New Jersey, Littlefield, Adams and Company.
- Faris, R.E.L. s.j. Social disorganisation. New York, The Ronald Press Co.
- Garbers, J.G. 1958. Intree in die maatskaplike taak. Groningen, J.B. Wolters.
- Gates, A.I., Jersild, 1963. Educational psychology. New A.Y., McConnell, T.R. . York, The Macmillan Company.  
en Challman, R.C.
- Gillin, J.L. en 1948. Cultural sociology. New York, Gillin, J.P. The Macmillan Company.
- Gillin, J.L. s.j. Social pathology. (Third edition). New York, Appleton-Century Crofts Inc.
- Gillin, J.L., s.j. Social problems. (Revised edition). New York, Appleton-Century.  
Dittmer, S.J. en  
Colkert, R.J.
- Ginott, H.G. 1972. Tussen ouer en kind - nuwe oplossings vir ou probleme. Vertaal deur dr. Hans Rompel. Elsiesrivier, Kaap, Nasionale Handelsdrukkery.

- Grobler, J.P.            s.j.    Sal ek ... of sal ek nie?  
Pretoria, kalligrafia.
- Healy, W. en            1936.    New light on delinquency and its  
Bronner, A.F.            treatment. New Haven, Connecticut,  
Yale University Press.
- Horton, P.B. en        1970.    The sociology of social problems.  
Leslie, G.R.            New York, Appleton-Century Crofts.
- Hulme, W.E.            1964.    Pastoral counseling with youth.  
Volume 15. New York, Abingdon Press.
- Jansen van Rens-      1943.    Sielkunde. Kaapstad, Unie-Volkspers  
burg, J.A.            Bpk.
- Johnson, D.W.        s.j.    The social psychology of education.  
New York, Holt, Rinehart and Wins-  
ton Inc.
- Johnson, H.M.        1971.    Sociology. A systematic introduc-  
tion. London, Routledge and Kegan  
Paul Ltd.
- Jordaan, P.J.         1969.    Die sosiale probleem en taak van  
die kerk in die industriële gebied.  
Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif,  
Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.

- Joubert, J.C.            1969.    Die aard en opvoedingsbehoeftes van die seun as kind en jeugdige. Onderwysblad, Januarie.
- Kalsbeek, L.            1970.    De wijsbegeerte der wetsidee. Proeve van een christelike filosofie. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn.
- Kilian, C.J.G.           1971.    Norme in die opvoeding. Onderwysblad, Januarie.
- Kotze, G.J.            1971.    Dwelmverslawing. Kaapstad - Pretoria, N.G. Kerkuitgewers.
- Kriekmans, A.           1954.    Gezinspaedagogiek. Antwerpen, Uitgeverij H. Nelissen.
- Lambert, B.G.,  
Rothschild Barbara  
F., Altland, R. en  
Green, L.B.            1972.    Adolescence. Transition from childhood to maturity. Monterey, California, Brooks/Cole Publishing Co.
- Levitt, E.E.            1968.    The psychology of anxiety. London, W1, Staples Press Ltd.
- Lewin, K.            1935.    A dynamic theory of personality. New York, Mc Graw Hill Book Co.
- Louttit, C.M.           1947.    Clinical psychology. New York, Harper and Brothers.

- Malan, S.P.T.            1973.    Die stokkiesdraaier: 'n Vergelyk-  
kende studie. Suid-Afrikaanse Raad  
vir Geesteswetenskaplike Navorsing.  
Verslag nr. MT-14. Pretoria, Staats-  
drukker.
- Mays, J.B.                1954.    Growing up in the city. A study  
of juvenile delinquency in an urban  
neighbourhood. Liverpool, Univer-  
sity Press.
- Mays, J.B.                s.j.      Juvenile delinquency. The family  
and the social group. Bristol,  
Western Printing Services.
- Mitchell, G.D.            1968.    A dictionary of sociology. London,  
Routledge and Kegan Paul Ltd.
- Morgan, J.J.B.            1931.    The psychology of the unadjusted  
school child. New York, The Mac-  
millan Company.
- Musgrave, P.W.           1965.    The sociology of education. London,  
Methuen and Co. Ltd.
- Nel, B.F.                 1961.    'n Modern-pedagogiese benadering van  
jeugprobleme. Pretoria, N.G. Kerk  
Boekhandel.

- Nelson, T.C. 1976. A case study of children with deviant behaviour in a social system. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
- Neumeyer, M.H. 1962. Juvenile delinquency in modern society. Princeton, N.J., D. van Nostrand Company.
- Nottingham, E.K. 1954. Religion and society. Garden City, New York, Doubleday and Co.
- Olivier, G.F. 1966. Sekere aspekte van 'n sosiografiese studie van sorgbehoewende kinders vergelyk met jeugoortreders in die stedelike gebied van Johannesburg. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
- Parsons, T. 1967. The social system. London, Routledge and Kegan Paul Ltd.
- Pieterse, J.E. en Cronje, G. 1968.(a). Jeug en godsdiens. Deel IV. Verslag van die jeugondersoek wat deur die Departement Sosio-logie van die Universiteit van Pretoria vir die Nasionale Jeugraad onderneem is. Johannesburg, Voortrekkerpers.

- Pieterse, J.E. en Cronje, G. 1968(b) Jeug en vrye tyd. Deel III. Verslag van die jeugondersoek wat deur die Departement Sosiologie van die Universiteit van Pretoria vir die Nasionale Jeugraad onderneem is. Johannesburg, Voortrekkerpers.
- Pistorius, P. 1971. Kind in ons midde. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers Bpk.
- Powell, M. 1971. The psychology of adolescence. Indianapolis, Bobbs-Merrill Co.
- Prescott, D.A. 1938. Emotion and the educative process. Washington, American Council on Education.
- Prins, F.W. 1959. Opvoedkundige voordragte in verband met onderwysvernuwing. Opvoedkundige studies. U.P., agste jaargang, nr. 25.
- Queen, S.A. en Mann, D.B. 1925. Social pathology. New York, Crowell.
- Reckless, W.C. en Smith, M. 1932. Juvenile delinquency. New York, McGraw-Hill Book Co. Inc.



- Rienstra, Y. 1962. Kind, school en gezin. Orthopedagogiese geskriften. Groningen, J.B. Wolters.
- Rip, C.M. 1970. Contemporary social pathology. Pretoria, Academica.
- Roode, C.D. 1968. Inleiding tot die sosiologie. Kaapstad, A.A. Balkema.
- Short, J.F.,(jr). s.j. Gang delinquency and delinquent subcultures. New York, Harper and Row Publishers.
- Simpson, G.E. en 1965. Racial and cultural minorities. Yinger, J.M. An analysis of prejudice. New York, Harper and Row Publishers.
- Smith, F.B. 1973. Die ondergemiddelde leerling: aanleg, persoonlikheid, aanpassing, belangstelling en skolastiese prestasie. Pretoria, Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, verslag nr. MR-17.
- Smuts, A.J. en 1943. Ons jeug en hul geestelike opvoeding. Van der Merwe, Sophie. Stellenbosch, Die Christen Studentevereniging van Suid-Afrika.
- Sonnekus, M.C.H. 1971. Ons kinders en hulle probleme. Onderwysblad, Julie.

- Spier, J.M. 1972. Oriëntering in die Christelike wysbegeerte. Afrikaanse vertaling deur H.J. en D.F.M. Strauss. Bloemfontein, Sacum Beperk.
- Tindall, R.H. 1964. Readings in the psychology of adjustment. London, McGraw-Hill.
- Van den Berg, J.H. 1977. Die ontplooiing van die sosialiseringsproses binne enkele subsysteme van die samelewing. Ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
- Van der Walt, J.P. 1969. Die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.
- Van Dijk, R. s.j. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeverij.
- Van Leeuwen, G. 1953. Om de jeugd of om de kerk. 'S-Gravenhage, D.A. Daamen's Uitgeversmaatschappij N.V.
- Van Staden, J.H. 1976. Die invloed van die massa-samelewing op enkele lewensterreine. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.

- Van Staden, J.L. 1965. Die onderwyser se verantwoordelikheid as gesagsdraer. Onderwysblad, September.
- Van Waters, Miriam s.j. Youth in conflict. London, Methuen and Co. Ltd.
- Van Wyk, Sarah 1972. Die invloed van egskeiding op die kind. Onderwysblad, September.
- Venter, H. 1958. Jeug - waarheen? Kaapstad, H.A.U.M.
- Venter, I.J. 1971. Idealisme in die onderwys. Onderwysblad, Januarie.
- Visser 'T Hooft, s.j. W.A. en Oldham, J.H. The church and its functions in society. London, George Allen and Unwin Ltd.
- Whiteley, D.E.H. 1969. en Martin, R. Sociology, theology and conflict. Oxford, Basil Blackwell.
- Wolmarans, A.D.W. 1964. 'n Modern psigologies-pedagogiese benadering van die lewensopvatlike stellingname in die gesinsituasie as 'n faktor in die etiologie van jeugprobleme. Ongepubliseerde D. Ed.-proefskrif, Pretoria, Universiteit van Pretoria.

A sociological system-approach of causes and effects of stress and strains on high school pupils

NOREEN STEYN

ABSTRACT

The aim of this investigation was to explore the causes and effects of stress and strains on high school pupils between the age of thirteen to eighteen years who pass through phases of personality development. In order to determine the causes, symptoms and effects of stress and strains on high school pupils, a sociological analysis was made of the home, the school, the church, the peer group and the environment.

The home, the school and the church were dealt with with reference to the four functional problems, viz. pattern maintenance and tension management, adaptation, goal attainment and integration. A short outline of the educational responsibility of these three social sub-systems and society as a whole was given.

The method which was mainly employed was to consult literature on the problem with the aim to obtain knowledge on the findings of other investigators. The data were compiled from published sources such as brochures, theses, treatises, books and other publications. The data were united into a scientific unified whole by making use of synthesis.

Interviews were held with the principal of a high school, teachers, parents, the ministers of several congregations and the professional staff of a child guidance clinic. Informal talks and interviews were held with high school pupils, individually as well as in groups.

Recommendations were made in order to assist all adults who are concerned with the education of high school pupils to understand their needs so that they might be given the right guidance. In conclusion it was pointed out how this guidance, assistance and service should be in terms of internalising, socialising and institutionalising of norms to equip high school pupils 'inter alia' to fulfil their individual and social rôles in society.